**Company A:** “Ek kyk na al die voedsel goed, so ek kyk na ons vee voere wat so sewe meulens is, dan het ons drie geel mielie meulens wat ek na kyk, ek het ‘n koring meule wat ek na kyk, dan ons olie pers na wat ek kyk, dan het ons ‘n ‘trading’ besigheid in Nigerië wat ek na kyk en ‘n 'bypass' proteïen besigheid in Amerika.”

**Interviewer:** “OK, dis nogal baie.”

**Company A:** “Ja, dis ‘n hele paar.”

**Interviewer:** “Het julle veevoer fabrieke in Afrika ook, Zambië?”

**Company A:** “Nee, nee al ons fabrieke is hierso. Ons het basies [REDACTED] in die Wes-Kaap, ons het [REDACTED] in die Oos-Kaap, het [REDACTED], ons het [REDACTED], [REDACTED] en [REDACTED] en [REDACTED]. Dan het ons ‘n 'by-products' plant op [REDACTED] en dan het ons ‘n ‘rendering plant’, ‘n groot ‘rendering plant’ op [REDACTED]. En dan het ons ‘n hondekos fabriek op [REDACTED]. Ja, so als is hierso, ons is nie in voere in Afrika nie.”

**Interviewer:** “OK, maar julle is betrokke in Nigerië, en dan het julle nog iets in die Kongo ook aan?”

**Company A:** “Ja, kyk ons is in... ja kyk, dis wat ek na kyk, die ou wat langsaan sit kyk na die graan silo’s, so dis fisies waar ons graan silo’s besit, so die ouens stoor hulle graan daarin en betaal ons rente. Dis die een besigheid, dan het ons [REDACTED], wat... hulle beheer graan vir banke, vir Safex vir AFEX... 'African Stock Exchange'... en hulle doen

enige iets, olie, rys, koring, mielies, cassava, al daai goed. Nou, ons is in 14 lande in Afrika met daai goed. Dan het ons [REDACTED] trekkers.”

**Interviewer:** “So wat behels dit? Doen julle die verkope daarvan?”

**Company A:** “Nee, ons stoor die graan. 'Sorry', laat ek anderster verduidelik. Jy het ‘n onafhanklike ou nodig om die graan te beheer. As jy byvoorbeeld op die... um... SAFEX. As daar SAFEX mielies hier lê in ‘n silo in Suid-Afrika, kan ek nie kyk dat dit daar is nie en beheer toepas nie. Dis bietjie kompleks want jy het boere se goed daar, jy het SAFEX se goed daar, dan baie boere ‘pledge’ hulle mielies aan die bank om geld te kry om die volgende oes in te sit. So [REDACTED], doen die beheer van daai, die 'stock' beheer en die kwaliteitsbeheer. Vir SAFEX, vir RMB bank, vir Nedbank, vir al daai ouens.”

**Interviewer:** “OK, maar dis nou in die Afrika lande ook.”

**Company A:** “In Afrika doen ons presies dieselfde banke vir die 'African Exchange' en vir die regering. Ons doen in Zambië vir die regering. Ja, dit is op die graan kant, dan doen ons kleinboer ontwikkeling in Zambië, Uganda, Kongo-Brazzavile en ons begin nou in Nigerië. Um... en Mosambiek. Ons is in lande soos Kenia en, en, en... jis ek kan nie almal onthou nie.”

**Interviewer:** “Hoe werk die kleinboer ontwikkeling?”

**Interviewer:** “Daar is basies twee modelle. Ek gaan Uganda as ‘n voorbeeld gebruik. Ek het gaan kyk na hoenderbesigheid in Uganda, en toe ons die plek ondersoek, toe vind ons uit dat al die statistiek wys dat net 70% van al die fasiliteite wat daar is, word benut. Nou as jy blatant daarna kyk dan sê dit eintlik: hierdie ouens eet nie hoender nie. Maar wat gebeur het, toe ek na die data kyk, daar is net graan vir 60% van die jaar. En jy kan die graan produkie in Afrika met 30% verhoog deur doodeenvoudig die goed ordentlik te stoor, want die rotte vreet dit op, dit vrot, die miere vreet dit, miete vreet dit en wat ook al. So die eerste manier om

produksie te verhoog is deur net dit ordentlik te stoor. Die tweede manier wat ons dit doen is om die graan onmiddellik van die kleinboere af te koop. Dan het hy weer geld om weer saad te gaan koop in Uganda om 'n tweede oes in te sit. Toe verdubbel ons die produksie in Uganda.”

**Interviewer:** “Hulle kan seker heel jaar plant daarso?”

**Company A:** “Hulle het twee seisoene. So, nou het jy twee maniere wat jy klaar die produksie in 'n land verhoog. Dan het ons twee ander modelle, die een is waar ons kleinboere in 'n groep kry en hulle adviseur om hulle produksie te verhoog. Dan die tweede model is, ons het vier 'sites' wat so werk in Uganda. Die ander manier hoe dit werk is dat... waar daar groot lap land is wat deur 'n klomp boere bestuur word. Dan bewerk ons die land totaal en gaan en ons ploeg en bemes, oes, dan trek ons ons koste af en betaal dit uit aan die klein boer. So dis die twee sisteme waarmee ons werk.”

**Interviewer:** “Hoe lank terug het julle betrokke geraak?”

**Company A:** “Nee, Zambië het ons 'n lang ruk terug al, ek weet nie, seker 10 jaar terug betrokke geraak. Maar op die oomblik brei ons eintlik kwaai uit in Afrika. Ek dink ons het nou al net so oor 'n biljoen Rand reeds belê buite Suid-Afrika in Afrika. Waarvan die meeste is in... in... in die silo's en die berging en die kleinboere. Ons het ook kleinboer opleiding programme in Zambië en ek kan nou nie die ander land onthou nie. In twee lande. Dan het ons 'n klomp wit boere gevestig in Kongo-Brazzaville wat reeds 2000ha plant... mielies plant en soja's plant.”

**Interviewer:** “Ja, ek onthou dit.”

**Company A:** “Dit was op TV, dan het hulle baklei...”

**Interviewer:** “Ja, gaan dit nou goed daar?”

**Company A:** “Ja, dit gaan nou aan. Ek dink, die manier hoe ons ons geposisioneer het, is ons doen nie primêre landbou nie. Ons plant nie, ons het nie beeste nie ons het nie hoenders meer nie, ons het dit verkoop in April en gesê ons gaan terug na ons ‘core’ besigheid toe wat ‘n...’n... almal wil voedsel sekuriteit in Afrika bevorder, maar niemand weet hoe om dit te doen nie. So ons werk baie met regerings. En ek dink dat dit jou vraag oor sub-Sahara Afrika is. Ons gaan na die regering toe dan kom die regering hierso, dan sê hulle soek so abattoir wat lyk soos ons ‘fancy’ abattoir in [REDACTED], waar daar duisende mense werk en ons slag tonne hoender elke dag. Eintlik as jy agter die vraag kyk soek hulle ‘n model om landbou te ontwikkel in Afrika, of in sy land. Ons is ‘n koöperasie, en die wit boere 100 jaar terug... ons is nou so 91 jaar oud. 91 jaar terug het ‘n klomp wit boere gesit en gesê: ons kan nie boer nie want ons het nie kunsmis nie en ons kan dit nie kry nie, ons kan dit nie saam koop nie. Die logistiek maak ons dood, daar is nie infrastruktuur nie, daar is nie paaie nie en wat ook al. So ons wil voedsel sekuriteit in Afrika bevorder, so die manier hoe ons begin is om die eerste ‘Achilles’ heel van Afrika te ontlont. As jy gaan kyk hoeveel groot kommersiële boere in Afrika is, is dit enorm. Daar is nie een in Uganda nie, nie een kommersiële boer in Uganda nie. Zero. Dis net mikro boere en ‘subsistence’ boere. Nigerië het een kommersiële boer, in die hele Nigerië wat ‘massive’ is.”

**Interviewer:** “Om daai kleinboere op te bou tot op daai vlak is ‘n uitdaging.”

**Company A:** “Korrek, dis ‘n uitdaging. So dit is wat ons doen, so ons verskaf allerhande dienste aan boere, of dit nou ‘n hoender boer is... en ek gaan nou Nigerië as ‘n voorbeeld gebruik. Of dit nou ‘n saaiboer is, ‘n hoenderboer, ‘n visboer of wat ook al, ons verskaf daai goed wat hy nodig het om as kleinboer te kan begin produseer. So as jy kyk na Nigerië byvoorbeeld. In Nigerië verkoop ons vitamienes, minerale, antibiotika's, hoendertoerusting, vistorusting, broeierye, hoendergenetika, visgenetika en wat ook al. As jy na daai mandjie van produkte kyk, dan sien jy dat hierdie mandjie van produkte ‘enable’ daai boere. Hy het ‘n ‘one stop shop’ waar hy kan kom...”

**Interviewer:** “Dis eintlik slim... in terme van, Nigerië is ‘n moeilike land om besigheid te doen. As jy self wil boer daar en iets van die grond af op wil bou, daar gaan dit moeilik wees. Maar as jy eintlik net daai boere daar “empower’ dat hulle dit doen en jy verskaf net die insette. Hulle ken die land, hulle het ‘n mark vir hulle produkte, jy help hom net om te ontwikkel.”

**Company A:** “Korrek, hulle werk is om te boer, ons werk is om die logistiek te verskaf. So dis die ding wat ons doen vir klomp boere. Die bedrywe daar is hoofsaaklik hoender, hulle eet meer vis as hoender en rooivleis. Daar is nie eintlik rooivleis nie, daar is nie melkboere nie. So dis wat ons vir hulle doen. Dan, as jy dit een stap terug vat en jy gaan kyk na die groot voermeulens en die groot hoenderboere. Daar is seker vier of vyf van hulle, hulle het ‘n ander behoefte. Nigerië is ‘n hoë reënval land. In Suid-Afrika bou jy silo’s by die boer sodat hy sy goed vinnig in die silo kan gaan gooi. In Nigerië bou jy die silo by die produsent, want as dit begin reën kan jy nie die mielies aanry nie. Die infrastruktuur in Afrika is te swak. So wat ons doen is ons praat met al die groot besighede in Nigerië en sit silo’s op vir hulle op ‘n plek wat naby aan hulle produksie area is. Sodat jy die mielies vroegtydig byvoorbeeld kan inry. In Nigerië word die mielies in die Noordelike deel geproduseer en die hoender produksie vind in die Suidelike deel plaas, en dis nogal vêr.”

**Interviewer:** “Dis dalk nou bietjie van die punt af, maar Boko Haram is mos ook daar in die Noordelike gedeeltes.”

**Company A:** “Hulle is daar.”

**Interviewer:** “Ek het op die nuus gehoor hulle sê hulle is nou... seker nie oorwin nie maar hulle het nie meer ‘n vaste basis nie, hulle is op die vlug.”

**Company A:** “Korrek, dit pla ons nie eintlik nie. Ons het nog nie eintlik moeilikheid met hulle gehad nie en die boere en die goed gaan aan. Ja, as jy na ‘n ander land kyk, as jy nou terug kom na sub-Sahara Afrika toe en jy vat



Mosambiek byvoorbeeld. Wat in Mosambiek besig is om te gebeur, jy weet toe Astral daar ingegaan het, het hulle 'n half-miljoen kuiken 'n week broeiery, ek dink hulle het 'n voermeule gekoop daar van Namib Milling af. Die probleem is daar is nie genoeg grondstowwe wat in Mosambiek geproduseer word nie. Die regte produserende areas is eintlik op Noord, naby Beira, Nkala is die dorp se naam. En daar is 'n klomp wit boere wat hulle self daar gevestig het. Oud Suid-Afrikaners en Zimbabwiërs, en hulle produseer nou, so ons het ons eerste silo's daar bo opgesit. Jy het 'n redelike pad om daar te stoor en af te ry Suid, waar die hoenders geproduseer word. So dis nou weer 'n ander voorbeeld, want 'obviously' is daai klimaat meer vir soja bone. En soja bone kan... hulle het so goeie klimaat soos Brazil en Argentinië vir soja bone. En ons (Suid-Afrika) is 'n net-invoerder van soja bone en so is sub-Sahara Afrika. So mens wil hopelik daar genoeg soja's produseer om op die langtermyn, suidelike Afrika van sojabone te kan voorsien.”

**Interviewer:** “Is daar nie 'n hawe ook daar nie, of is die hawe te klein?”

**Company A:** “Nee, daar is 'n hawe, dis 'n splinternuwe hawe, dis deels hoekom ons daar ook opsit sodat as 'n mens 'n oorskot produseer, sodat jy kan uitvoer. Ja, so dit is 'n bietjie oor Mosambiek, Zimbabwe, ek dink Zimbabwe... almal sit reg vir Mugabe om te val om te gaan belê in Zimbabwe. Ons is reeds in Zimbabwe, ons is die grootste [REDACTED] agentskap in Afrika. Ons het twee agentskappe in Australië, ons het drie agentskappe in Suid-Afrika, ons het een in Zimbabwe, ons het een in Ghana... ek kan nie al die ander lande onthou nou nie.”

**Interviewer:** “Is julle vooruitsig vir Zimbabwe redelik positief?”

**Company A:** “Ek dink jy moet al jou huiswerk nou doen, sodat jy die oomblik as die politiek reg val, dat jy kan belê. Maar jy moet nie belê voordat die politiek homself uitgesort het nie, jy kan nog 'n Mugabe kry, dan is dit 'n 'bad' opsie. Maar ons het meeste van ons huiswerk klaar gedoen om te besluit waarin ons gaan belê en waar ons sal belê in Zimbabwe, sou

daar 'n positiewe politieke bestel kom. Maar dit is weereens...die sojaboon storie, die sojaboon areas is Noordelike Mosambiek, Zimbabwe en Zambië en jy wil eintlik daai belt bestuur. Ek dink 'n ander ding wat nodig is vir voedselproduksie in Afrika of sub-Sahara Afrika is dat jy moet grane kan rondbeweeg. Zambië het nou net 'n misoes gehad, 'n droogte gehad, dan wil jy eintlik graan van hier af vat of van Zim. af vat en 'vice versa'. As ons 'n droogte het en hulle het nie 'n droogte nie, wil jy graan, of die vermoë hê om graan af te bring hiernatoe. So ons werk hard aan so program.”

**Interviewer:** “Hoe kan julle dit eintlik bestuur? Die infrastruktuur is seker maar in die staat se hande?”

**Company A:** “Nie alles nie. Kyk meeste van die goed in Zambië besit ons, die silo's en die goed, ons huur van privaat ouens af. Wat wel gebeur soos in Zambië, die jaar as dit 'n verkiesingsjaar is, dan koop die regering al die mielies en hulle deel dit dan uit vir die bevolking. Nou, hulle moet dit nog steeds stoor en ons is die enigste ouens met store. So hulle betaal ons die stoorgeld. Dit is die een gedeelte. As jy Uganda vat byvoorbeeld, in Uganda het ons al die mielies gekoop die jaar. Ons het gesê: dit is 'n moeilike jaar, daar gaan nie goeie produksie wees nie. Die verbruik is hoër as wat die aanbod is. So ons besit daai mielies, so ons kan besluit wat ons daarmee doen. Die regering kan sê jy mag dit nie uitvoer nie, as daar 'n tekort is. Suid-Afrika doen ook daai goed, so dit is 'n normale ding. Maar ons kan nog steeds binnelands die goed verkoop, of aan hoenderboere of aan beesboere, melkerie en so.”

**Interviewer:** “Ja, hulle produseer seker ook dan nie so baie mielies nie.”

**Company A:** “Hierdie jaar het ons 30 000 ton, dit het verdubbel van laasjaar af. Ons is nog net twee jaar besig in Uganda. So dit tel vinnig op en ons het vier 'sites' daar en ses 'sites' in Nigerië, op verskillende plekke waar die kleinboere hulle goed kom ingooi en ons koop van daai mielies. Ons

koop nie al die mielies nie. In Uganda het ons al die mielies gekoop wat in ons silo's lê. Jy moet ook weet, dat van die boere hou van hulle mielies terug want hulle eet dit. En 'n ou moet oor grane, 'n mens dink mielies is Afrika, dit is nie. Lande soos Nigerië, Uganda, eet meer cassava as wat hulle mielies eet en dis 'n moerse slegte ding vir my, maar hulle is dit gewoond. Net so is 'n mielie vir hulle 'n moerse slegte ding. 'n Mielie in Uganda is meer 'n veevoer as wat dit 'n menskos is, waar dit by ons eers 'n menskos is en dan 'n vee-kos is. So jy het daai goeters ook wat 'n groot rol speel in Afrika.”

**Interviewer:** “Die kultuur.”

**Company A:** “Ja, ja, wat is jou titel nou weer?”

**Interviewer:** “Dit gaan basies oor ek kyk na die besluitnemings proses en die besluite wat julle neem wanneer julle in 'n Afrika land ingaan. So wat is die kriteria waarna julle kyk. Kom ons gaan sommer soontoe.”

**Company A:** “Ek dink daar is absolute kriteria en dit is nie noodwendig dieselfde in elke land nie. So as jy na kriteria kyk, is politieke stabiliteit altyd 'n groot 'issue'. As jy dink aan Zimbabwe, dit byvoorbeeld, ons het 'n belegging in Zimbabwe. Ons verkoop so 400 trekkers 'n jaar in Zimbabwe kontant, maar as ons sou belê en finansier kan ons 'n 1000 trekkers per jaar verkoop. So politieke stabiliteit is baie belangrik. Die tweede ding waarna jy moet kyk is die land se ekonomiese bestuur. Dit impak jou wisselkoers. Ekonomiese bestuur en wisselkoers is amper vir my dieselfde ding. So as jy kyk na 'n land soos Botswana wat baie gesonde bestuur van die ekonomie toepas en die regstelsel werk en die politieke stelsel werk en al daai goeters, dan maak dit dit baie maklik om in so 'n land te belê. Dit is as jy kyk na die ekonomie. Die derde ding is as jy kyk na die wisselkoerse. Die lande wat van olie afhanklik is, is 'exactly that'. As die olie 24 dollar 'n vat is, die 'curse' is... dat hulle kry net 10%. Angola en Nigerië kry net 10% van hulle staat se inkomste van belasting af en die res is van olie af. So as die olieprys val is hulle

in die moeilikheid en hulle is in groot moeilikheid op die oomblik. En wat dit dan doen is dat die wisselkoers verswak, so as 'n mens... jy maak 'n miljoen Naira 'n maand wins in Nigerië maar as jy die wisselkoers effek in ag neem dan het jy eintlik geen wins gemaak nie, want dan deel jy daai wisselkoers deur die dollar, deur tien of 'what ever'. So die wisselkoers vat al die geld uit jou sak uit as jy Rand gebaseer is of Dollar gebaseer is. So die derde kriteria is in watter geldeenheid wil jy in besigheid doen. Ek dink nie daar is een geldeenheid vir alle lande nie, dit is meer voordelig om in Rand besigheid te doen in Afrika lande omdat beide is ontluikende lande. So as die Suid-Afrikaanse wisselkoers met die Naira en die Cedi en 'what ever' ook al depresieer en appresieer saam. So daar het jy nie so groot wisselkoers verlies as wat jy het as jy dollar gebruik nie. So dit is ook 'n ding. Dan 'n ander besluit is waar hou jy jou geld en jou goed in jou besigheid, en jou kriteria is belasting en jou ander kriteria is 'waste currency'. Ons Afrika besigheid word uit Mauritius gedoen. Ons het 'n besigheid in Mauritius en dit is vir belasting doeleindes en vir goed soos 'indigenisation'. Jy wil nie 'BEE compliant' wees hier en 'BEE compliant' wees in Zambië en in Nigerië en wat ook al, op die ou einde het jy niks geld oor nie. As die Mauritius maatskappy hier gesit het, het 50% aan BEE behoort en as dit by Zimbabwe kom weer 50%. So dit is 'n hele ander kriteria, as die belasting stelsel. Die vierde kriteria is sekerlik die 'insentiewe' wat sekere plekke stel. Almal wil altyd vir jou 'n stuk grond gee en gewoonlik is hy nie ontbos nie. Dit kos R30 000 per hektaar om te ontbos en gronde waar daar hoë reënval is uitgeloog. So as jy nie wakker is nie kos dit jou 'n helse klomp geld om te bemes op 'n plek waar die grond uitgeloog is en om 'lime' te gooi. Dan gooi jy 'lime' en dan reën dit kwaai dan is jou 'lime gone'. So daar is ander kragte of kennis betrokke as jy in die lande ingaan. Nog 'n kriteria sal wees of jy 'Greenfields' gaan en of jy inkoop. Ons het in Nigerië in 'n bestaande besigheid ingekoop. Ons doen nie 'Greenfields' nie. Dit is nie ons besigheid nie, dit vat te lank vir 'Greenfields' om geld te produseer. So ons sal nie 'n hoenderbesigheid bou in Kenia nie, ons sal eerder iemand koop in Kenia as ons wil gaan hoenders boer in Kenia. Sodat jy ook

lokale kennis binne in die besigheid het, soos goed soos prokureurs wat daar is wat jy kan vertrou, ouditeurs...”

**Interviewer:** “Het julle eintlik 'Joint Ventures' in die meeste van die lande of koop julle eintlik maar net ‘n bestaande besigheid en besit hom 100% op julle eie?”

**Company A:** “Meer dit, dis meer dit. In Nigerië het ons vir drie jaar die vennoot gehad. Ons het hom nou uitgekoop, so ons is nou alleen in Nigerië in daai besigheid. Al die ander besighede, ek probeer nou vinnig dink, in John Deere het ons ‘n klomp JV’s en al die silo besighede is ons alleen eienaars. So ons het nie... dit hang af van die wette van die land soos in Zimbabwe moet jy 51% vir ‘n lokale ou gee en in Ghana moet jy dieselfde doen. So ek sou sê ons is seker maar 50/50 in JV’s en in alleen besigheid eienaars.”

**Interviewer:** “Maar as julle alleen gaan, dan koop julle eerder ‘n bestaande besigheid dat julle klaar personeel het wat die land ken, of die besigheid ken daarso.”

**Company A:** “Presies, jy koop die kennis van die area en die verhoudings met die kliente in die area. Ek dink een van die belangrikste lesse in Afrika is dat voor jy daar ingaan... dit help nie jy sit ‘n voermeule in Uganda op en jy ken nie die kliënte nie. Jy weet, ‘n mens moet ‘alliances’ hê met sekere kliënte. So as jy dink aan Nigerië is ons baie naby aan al die groot voermeulens, ons is baie naby aan al die groot hoenderboere, ons is baie naby aan al die groot visboere, en jy moet weet wat gaan jy hulle gee wat anderster is as wat die huidige ouens gee.”

**Interviewer:** “Maar het julle nou ‘n ‘local’ ou wat daar in beheer is of het julle ‘n Suid-Afrikaner?”

**Company A:** “Nee, ons het... ons sit altyd Suid-Afrikaners in en dit maak saak, al is dit in Suid-Afrika. Daar is ‘n rede hoekom, as jy ‘n ander maatskappy oorneem, 'fire' die MD en die FD. Jy sit jou mense in wat jou kultuur is

wat jou sisteme verstaan, wat jou manier van besigheid doen verstaan en dis wat ons doen. Nigerië het ek... ek het 'n bestuurder vir Afrika wat hierso sit, dan het ek 'n MD in Nigerië en 'n FD in Nigerië wat van hier af kom en hulle bestuur die plek, so ons sal eerder ons eie mense daar insit en dan oor tyd lokale persone oplei om die pos te vul. Want jou werkswyse is verskillend, net 'n 'stupid' ding soos jou IT sisteme. Hulle weet hoe werk ons, hulle weet watter verslae kom wanneer uit, hoe rapporteer ons, hoe werk ons en dis baie moeilik om op 'n lang afstand dit te leer, jy kan dit nie leer nie. Jy moet iemand insit wat op die grond daar is anderster is jy dood.”

**Interviewer:** “OK, kom ons sê... hierdie is eintlik maar 'n breë vraag, maar kom ons sê jy raak by 'n land betrokke, kom ons sê jy identifiseer 'n geleentheid in 'n land. Wat is die kriteria wat jy stel vir 'n geleentheid?”

**Company A:** “Ek dink die metodiek is... kom ons gebruik 'n voorbeeld, sê nou maar Botswana: die eerste ding wat ons sal doen is ons sal met die regering kontak maak. Ons het 'n persoon hier wat net met die regering verhoudinge werk. Dit werk so in Afrika dat jy... die regering moet weet jy is daar anders het jy nie eintlik beskerming nie. So ons sal na die regering toe gaan, met hulle praat en hoor of daar enige voordele is om in daai land te belê, sê sommer maar nou dit is Botswana. Kry jy 'tax cuts' vir 'n periode of tyd? Is daar intensiewe waar hulle die helfte van jou arbeid betaal? Is daar goed soos 'infant industry protection'? Watse voordele bied hulle vir jou om soontoe te gaan en nie Zimbabwe toe te gaan nie? Dit sal die eerste ding wees wat ons doen. As ons kyk na die politieke stabiliteit is daar... is die politiek stabiel, is daar 'n regstelsel wat werk, is daar 'n ekonomiese stelsel wat werk en pas dit in met ons kultuur van besigheid doen. Ons 'bribe' nie en doen nie al daai 'trash' nie. Kan jy so besigheid doen? Ons het in die begin met die verkeerde kliente in Nigerië besigheid gedoen en dis die 'bribers' en 'corruptors' wat jou nie betaal nie. Ons doen nie meer besigheid nie. Ons doen besigheid met groot internasionale maatskappye wat nie 'bribe' nie en wat nie 'skinive' nie en wat ook al. So dit sal 'n kriteria wees vir

Botswana. Dan sal 'n ou gaan kyk wie is jou mededingers, ons sal 'n hele besigheidstudie doen van die land, en as ek sommer 'n voorbeeld noem, hoender, dan sal jy gaan kyk wie is die produsente, hoeveel hoender produsente, wat is die vraag, wat is die aanbod en dan besluit daar is 'n besigheidsaak vir daai land.”

**Interviewer:** “Lewensvatbaarheid.”

**Company A:** “Lewensvatbaarheid, daar is 'n besigheid saak vir daai land. Baie van die inligting is gewoonlik nie beskikbaar nie, so jy lui af baie van ou goed. Dan sal ons gaan kyk na die maatskappye wat daar is en watter pas ons om moontlik te nader om in te koop. En dan sal ons die ouens gaan sien. En die oomblik as jy inkoop moet daar 'n voordeel wees vir die lokale ou en vir jou. Want wat gewoonlik gebeur is jy sit geld in en dan brei die besigheid uit, of in volume of in waarde toegevoegde produkte wat nie bestaan in daai spesifieke land nie. So dit is dan wat ons sal doen in so geval.”

**Interviewer:** “So julle kyk vir 'n ‘entry mode’ en dan diversifiseer julle of gebruik dit as 'n intree vlak en dan kyk julle wat anders julle kan doen in die land?”

**Company A:** “Ja, korrek en dit moet inval by ons ‘core competency’ en ons ‘core competency’ is 'n graan... graan is kern tot ons besigheid. Ek sal nie 'n kar besigheid koop nie, al maak hy hoeveel geld, want dit vat net twee minute dan bedonner hulle my want ek ken nie die besigheid nie. So ons sal baie getrou bly aan die strategie van die groep en die strategie van die maatskappy. Dan sal jy natuurlik jou planne hê vir... as ek nou weer as 'n voorbeeld Nigerië kan gebruik en dit kan die selfde wees vir Botswana, dan moet jy sê: wat doen ons anders as wat die ander ouens doen? Die ouens maak groot foute in Afrika want hulle dink hulle is dertig jaar agter ons so hulle is 'stupid' en kan jy hoeke sny. Hulle dink Suid-Afrikaners is bombasties en oordonderend, hulle hou nie eintlik van ons nie. So daar is 'n klomp kultuur aspekte waarvan jy moet weet en ek dink 'n goeie voorbeeld was waar ons 'n groot visboer in Nigerië gevat

het waar, hy het ons gebel en gesê hy het 'n probleem met sy visse, die goed vrek of iets en my ouens het toe uit gegaan en gaan kyk en uitgevind wat is fout en die probleem opgelos. Daai ou is 'n kliënt vir ewig. Hy sê by die vorige maatskappy saam wie hy gewerk het, hulle doen 'cash' besigheid, dan sit hy 'n sak geld op die toonbank en dan kry hy viskos 'and that's it'. Dit was hulle 'relationship'. So ons doen dit op 'n totale ander basis en ons belê in 'seminars' en opleiding. Met van hierdie kliënte, ons sal van hulle op kontantvloei finansier op viskos vir vier maande lank. Vir vier maande pomp jy net meer en meer kos in die ding in en op die vierde maand kry jy al jou geld. Kleinboere het nie die geld nie, so ons sal van hulle finansier op die kontant vloei gedeelte sodat hy sy produksie kan verdubbel. So jy moet iets doen wat beter is of wat anders is as 'n ander mark. Die ouens kom elke twee minute by my, dan sê hulle: ja, koop 'n besigheid in Botswana want Shoprite Checkers is daar. Dit is 100% die verkeerde kriteria. Net 10% van hoender in Afrika word geslag verkoop, die res verkoop hulle lewendig. As jy dit nie weet nie sal jy in daai slagyster trap en 'n moewiese mooi slagpale opsit vir Shoprite en jy sal die enigste verskaffer wees en na twee minute sal hulle jou dooddruk op prys en dan sit jy met 'n 'massive' belegging en hy betaal nie terug nie. Dit is maar die 'rats and mice' wat in Afrika rond hardloop en verkeerd belê en tekere gaan, wat daai tipe denke het rondom Afrika.”

**Interviewer:** “OK, as mens kyk na uitdagings, elke land het seker maar sy eie uitdagings maar dalk moet ons maar oor meer in die algemeen praat.”

**Company A:** “Kyk, elke land... ek dink die heel eerste uitdaging is die hele ding rondom kultuur. Ek gaan nou maar Nigerië noem omdat dit ekstreem anderster is. As jy in Nigerië is, dit is ouens wat vol van 'bling' en geskenke en 'protocol' is. So as jy soontoe gaan en jy ken nie hulle protokol nie, dan gaan jy sommer in die begin val. As hulle na viskos kyk, dan oordeel hulle die kwaliteit van die kos op grond van hoe lyk jou sak. Nou, as jy dit nie weet nie, kan jy die beste viskos daar insit en jy gaan nie geld maak nie. Die tweede ding is, moet hulle ook nie bevark



met die 'spec' op jou viskos nie, want na drie of vier weke vind hulle jou uit en dan is hy 'gone forever'. Hy kom nie weer terug nie, hy gaan jou nie weer vertrou nie. Dis ouens wat hou van geskenke, hy wil altyd voel, dis amper soos die Indiërs, hy wil voel hy kry meer as waarvoor hy betaal. As jy hulle uitnooi, moenie vir hulle goedkoop sjampanje koop nie. Daai manne drink die duurste goed. So 'n ou moet die kultuur verstaan van besigheid doen. Jy moet verstaan daar is die 'rats and mice' kultuur en dan moet jy verstaan daar is die besigheidskultuur. Jy moet weet waar gebeur besigheid. In Nigerië kom die besigheidsmenne elke Woensdag bymekaar in Ibadan, plekke soos dit waar hulle besigheid praat. Wel dis eintlik so eet tipe plek en jy sit en kuier daar en dis waar jy al jou kontakte optel. Dit is soos die golfbaan in Suid-Afrika. In Suid-Afrika gaan jy na die golfbaan toe in Ibadan gaan jy na die katolieke kerk toe, dis waar hulle dit doen. Maar tot jy nie daar is nie, sal jy nie suksesvol wees nie. Daar is baie sterk kriteria vir dit. Die goed wat ons aangeraak het, die wisselkoers die... watter 'currency' gaan jy in werk, die politieke onrus. Die struktuur van daai spesifieke land. Jy weet, jy wil nie... Nigerië se logistiek is totaal verskillend van Botswana se logistiek. In Nigerië mag 'n trok nie binne in 'n stad inry nie, by elke hoofingang in die dorp in, het jy 'n trok stasie. Al die trokke staan daar, as een uit die stad uit gaan en daar is plek mag een weer in gaan. As jy net dit nie weet nie sal al jou kuikens op die trok vrek want dit gaan vir vier dae daar staan. As jy dit nie weet nie gaan jy nie genoeg trokke hê nie, want jou trok staan fisies daar vir vier dae voor hy kan aflewer aan Shoprite Checkers binne in die dorp.”

**Interviewer:** “Dis is dalk waarom Woolworths ook so gesukkel het daar.”

**Company A:** “Dis hoekom hulle so gesukkel het, ja. So daar is unieke strukture aan elke land wat 'n ou moet weet voor jy kan suksesvol besigheid doen in daai land. Mosambiek dieselfde. Mosambiek is 'n net invoerder van hoender, hy is 'n net invoerder van alle grondstowwe. Daar is geen beheer, hulle kan vir jou sê hulle mag nie hoender invoer nie, daar is 'n hoender 'ban', dan kom 80% van die hoender nog steeds in so jy moet

dit weet, jy lees dit nie in 'n boek nie. Jy moet weet jou mielies kom van die noorde af, nie van die suide af nie. Jy moet weet jou kliente vir die hoeder sit in die suide, nie in die noorde nie. Jou graan sit in die noorde. So 'n ou moet 'n land vreeslik goed verstaan voordat jy regtig kan belê.”

**Interviewer:** “Watse uitdagings is daar, as jy operasioneel kyk?”

**Company A:** “Daar is enorme uitdagings. Elke regstelsel is anders, elke land se arbeids wetgewing is anderster. En dit wat in die boeke staan en dit wat gebeur is ook verskillend. Die logistiek wat ek genoem het, as jy net dink aan... in Suid-Afrika stoor jy jou mielies by die boer. In meeste van die Afrika lande stoor jy jou mielies by die kliënt want as dit begin reën kan jy niks by hom uitkry nie. Jou logistiek per sé is 'n groot probleem, ek het nou die voorbeeld nou net genoem, jy mag nie in die stad ingaan met 'n trok nie. Jy ry nie in, gaan lewer af en kom uit nie. Jy gaan staan in die tou, jy wag vir vier dae en dan laat hulle jou aflewer. So daar is 'n enorme hoeveelheid operasionele 'issues' waarvan 'n ou moet weet. As jy dink aan die regstelsel wat vir ons absoluut normaal is, is totaal abnormaal daar. Hulle het 'n ander regstelsel. Banke, as jy in Nigerië nou sit kan jy nie jou geld uitkry nie en die geld wat in die bank lê verdien nie rente nie. So jy moet jou geld in byvoorbeeld mielies sit, dat dit nie devalueer nie maar appresieer. Jy moet jou geld in mielies insit op die regte tyd. Dis nie dieselfde tyd as Suid-Afrika nie.”

**Interviewer:** “Het die banke fisies nie genoeg geld nie?”

**Company A:** “Hulle beperk die uitvoer van dollars om die wisselkoers te beskerm. Hulle het eintlik nie genoeg geld nie. En dan is daar ook in terme van die logistiek, jy weet as jy stene in Suid-Afrika wil hê, koop jy stene. As jy in Zambië is dan maak jy jou stene, as jy in die noorde van Mosambiek is maak jy die steen. So daar is 'n klomp goed wat nie bestaan nie wat jy self doen. Jy bepaal 'n klomp van jou infrastruktuur self. As jy dink aan 'health' en 'safety', hulle reëls is anderster en weer eens, daar is die reëls op die wetboek en daar is die reëls wat werklik toegepas word, en 'n ou

moet op die ou einde daai deel van die goed verstaan. Enige moeilikheid met 'n polisieman of die staat in Suid-Afrika hanteer jy self. In Afrika lande doen jy dit deur jou prokureur. Jy raak nie aan daai goed nie want hulle sal kringe om jou hardloop wat dit betref. Daar is 'n baie sterk hiërargie. As jy 'n Zimbabwiër is, kan jy kom besigheid hier doen en net doen wat jy lus het. In die Afrika lande moet jy die 'sanction' hê van... as dit 'n federale land is, die federale regering en die ander regering. Dis 'n tipe van... hulle verwag van jou om dit te doen, en dan gaan hulle jou vra om iets te doen, hulle gaan vir jou vra om kleinboere te ontwikkel of ek weet nie wat nie. Jy vertaan, van 'n operasionele oogpunt is dit totaal anderster. As immigrasie jou die heelyd pla oor werkspermitte, dan moet jy die 'governor' kan bel en vir hom sê: stop hierdie ou. En dis hoe dit in Afrika werk, dit werk nie so in Suid-Afrika nie. So, operasioneel is daar baie 'challenges', as jy net dink wat betaal jy 'n ou om in Nigerië te bly? 'n Moerse klomp geld. Jou koste om besigheid te doen in die res van Afrika is baie.”

**Interviewer:** “So is dit baie gevaarlik in Nigerië te bly?”

**Company A:** “Dis verseker baie gevaarlik. Jy moet 'evacuation' goed hê. Daar is nie hospitale wat jy wil ingaan nie. So jy moet 'evacuation' vermoëns hê. As daar politieke onrus is moet jy 'n ou kan uitkry. As 'n ou in 'n 'bad' kar ongeluk is om hom uit te kry. As 'n ou met koors... ons het 'n geval gehad tydens die Ebola storie dat een ou siek was en toe stop hulle hom met daai infrarooi kameras by die... toe laat hulle hom nie uit Nigerië uit gaan nie, maar hy het nie Ebola nie, nou kan hy nie uit nie. So jy moet politieke mag hê en fisiese vermoëns hê uit 'n land uit as daar een of ander erge moeilikheid is. So, ja dit is 'n... ja, daar is logistiek rondom dit en die koste om daar besigheid te doen is baie duur. As jy dink in plekke soos Mosambiek, Nigerië, Ghana, dan bly die ouens in 'compounds' en die werk betaal vir die 'compound'. Jy huur 'n 'compound' waarin die ouens bly. Nou, hulle bly daar so jy het 'chefs', jy het al daai goed. Jou koste om besigheid te doen in die res van Afrika is hoog. 'Obviously, high risk, high returns'. So jy kan beter geld maak

daar en jy behoort beter geld te maak as jy in die Afrika lande is omdat jou risiko hoër is. 'n Ander kriteria is... jy wil nie net op een land alles sit nie, want as daai land polities 'belly up' gaan, is jy dood. 'n ou moet jou risiko versprei. Dan het jy weer eens lokale 'alliances' wat jy 'leverage' buite toe. Ons was in die hoender bedryf vir jare gewees en so aan, ek sal nie gaan hoenders slag as ek nie saam met Pick 'n Pay, KFC, Shoprite, Woolworths gaan nie. Dan is jy dood, as jy nie 'n maatskappy is wat reeds met hulle in Suid-Afrika besigheid doen nie en jy gaan Afrika toe en jy wil daar met hulle besigheid doen, is jy dood. Want jy het nie die verhoudings en die 'commitments' nie. So, operasioneel word dit vrek moeilik. Net logistiek is vrek moeilik, jy weet as jy wil mielies invoer in Mosambiek in en dit kry by 'n kliënt in Maputo. Hier, ons weet presies hoe werk dit hier, maar daar werk dit nie so nie, daai vrag kan in die bleddie hawe sit vir maande voordat hy ge-'release' word, en ek praat nie van 'n 'bribe' nie ek praat net van 'bad management'. Jou goed kan vrot in die hawe. Ek meen jy het al daai tipe van logistieke probleme in Afrika, maar vir dit kan jy 'n hoër marge 'command'."

**Interviewer:** "OK. Die laaste vraag, as jy kyk sub-Sahara Afrika as 'n geheel, wat is die kritiese sukses faktore? Ek weet ons het eintlik nou al so baie goed genoem maar as jy nou sê die drie belangrikste goeters."

**Company A:** "Kyk, sub-Sahara Afrika in my opinie begin 'over traded' raak. Zambië uit 'n landbou perspektief is 'over traded', totaal. Jy het al jou hoender maatskappye daar, jy het al die graan maatskappye daar, jy het elke 'Tom, Dick and Harry' daar en daar het jy klaar..."

**Interviewer:** "Almal kompeteer nou met mekaar."

**Company A:** "Want dis 'n lekker stabiele land, almal voel veilig daar, goed werk redelik, daar is hotelle vir ouens om in te bly, so dit is totaal 'over traded'. Dis 'n land wat moeilikheid gaan optel want sy koper is klaar, van die myn bedrywighede gaan af en die laaste nuwe ou wat daar in is, het laas maand daar aangekom. So, ek dink toekomstig is daai land nie

vir ons aantreklik nie, ons sal nie meer daar belê nie. 'n Paar ouens het moeilikheid opgetel en onttrek. Ek dink Noord Wes het onttrek, ek dink Senwes het onttrek tot 'n groot mate. Quantum, die ou pionier, is nog daar maar dis 'over traded'. As jy dink aan 'n plek soos Namibië, 'tick' al die 'boxes' maar hy het nie 'n mark nie, dink hy het 1.5 miljoen mense. Botswana het presies dieselfde. 'Tick' al die 'boxes' in terme van ons kriteria, maar daar is nie mense nie, daar is nie 'n mark nie. Per kapita inkomste is baie laag. Hulle het nie grondstowwe nie. So, dit is 'n probleem. Zimbabwe, 'massive opportunity', as politiek, ekonomie, wisselkoers regkom. En die ander voordeel is hulle doen dollar 'based' besigheid. Jy 'quote' in dollar daarom het jy nie wisselkoers risiko nie. So dit is 'n goeie land met 'n massiewe risiko gekoppel aan hom. Malawi is so klein, het nie infrastruktuur nie, hulle paaie is 'shot'. Hulle het nie mense wat kan koop nie.”

**Interviewer:** “Ja, dis 'n baie arm land.”

**Company A:** “Ja, en 'n ou moet dieper kyk as dit, ek sal net 'n statistiek noem op Nigerië. Met 165 miljoen mense gaan elke ou vir jou sê dit is 'n land waar jy moet belê. Die probleem is net 65 van hulle het werk. So mense kyk na die verkeerde feite as hulle die afleidings maak. Malawi is nog erger wat daai statistiek betref, dis 'n klein land met 'n helse werkloosheidsyfer, so jou per kapita inkomste is baie laag. Mosambiek het 'huge' potensiaal, as hulle die olie velde en al daai goeters wat hulle ontwikkel reg doen, dan kan daar per kapita inkomste kom en dan kan daar per kapita groei kom en dan kan daar groei plaasvind en dis 'n goeie plek om te belê. Die geskiedenis het vir ons geleer die oomblik as 'n ou olie het, dan is daar net een industrie wat ontwikkel en al die ander ontwikkel nooit. Hy gaan tien teen een dieselfde pad stap.”

**Interviewer:** “Ek dink op die oomblik is Mosambiek se ekonomie darem bietjie meer divers, dis maar my persepsie, hulle het nie net een stroom van inkomste nie. Hulle het darem myne ook.”

**Company A:** “Ja, maar hulle inkomste is nog so laag. Hulle is die vinnigste groeiende ekonomie in Afrika sover ek weet, maar hulle inkomste uit daai goed is so laag, dit het nog nie materiële impak gehad op hulle ekonomie nie.”

**Interviewer:** “Het hulle nou baie olie daar gekry?”

**Company A:** “Ja, baie en die gasvelde. En die probleem met dit is, die regering moet net hulle hande op een ding lê, dan is al daai politici skatryk. Dit is wat gebeur. Dit is wat gebeur in Angola en dit gebeur in Nigerië en as die politici ‘happy’ is, dan kry die ander manne swaar.”

**Interviewer:** “Nou is die olie prys nog laag, maar hy sal seker weer optel.”

**Company A:** “Ek dink die wêreld olie prys gaan nie weer oor 100 dollar per vat sien nie en die rede is; dat Amerika het hulle olie produksie vermoë materiaal vergroot en daar is te veel gas ontdek reg oor die wêreld. Die aanbod van olie gaan vinniger wees as die groei nou, in die vraag van olie. Daar is ‘stupid’ statistieke dat dié olievelde kan omtrent die wêreld van olie voorsien, ‘obviously’ moet jy dit eers ontgin.”

**Interviewer:** “Die ander ding is die Arabiese lande het ook nie meer ‘n monopolie oor die olie nie, elke tweede Afrika land het nou ook al olie gekry.”

**Company A:** “Ja, en dit is altyd ‘n slegte ding, want dan word jy ‘n afhanklikheid staat. En as geld te maklik kom in enige land, of enige ekonomie, of enige maatskappy, dan verloor jy jou dryf om dit te maak werk. Nigerië het al die olie wat hulle geproduseer het self verwerk, huidiglik, daai ‘plants’ staan almal stukkend. Huidiglik word al hulle ru-olie uitgevoer en dan verwerk op ‘n ander plek en dan ry hulle dit weer terug met ‘n skip. Net om vir jou ‘n idee te gee, hulle het genoeg geld gehad om olieraffinaderye, een ‘n maand, te bou en dit wat hulle gehad het, het hulle laat verval. Nou is hulle afhanklik van buitelande wat nie olie gehad het nie om dit te verwerk. Jy weet, en dis die risiko. As jy dink aan Nigerië, dis ‘n kontant ekonomie. Net 12% van hulle totale inkomste

word gegeneer deur betaal van belasting. So die ouens wil nie belasting betaal nie, so hulle betaal ons fisies met 'n toksak geld. En snaaks genoeg daar is... hulle steel seker baie, maar jy het nie 'cash in transit' rowe daar nie. Maar dit is 'n kontant ekonomie, jy 'EFT' nie 'n ou nie, jy betaal hom met 'n tas vol geld, jy weet. Daar is net een rede daarvoor, jy ontwyk belasting. So inherent skeep jy vir jou nog 'n groter probleem. Die hele informele sektor hardloop kontant en die regering kry nie inkomste gegeneer nie. So dis vrek interessant eintlik.”

**Interviewer:** “OK, ek dink ons is redelik deur alles.”

**Company A:** “Goed, ek hoop dit help”

**Interviewer:** “Ek dink ons het alles aangeraak.”

## Company B

**Interviewer:** “Ek wil net sê baie dankie dat jy bereid was vir die onderhoud.”

**Company B:** “Dis reg.”

**Interviewer:** “Daar is ook nie so baie landbou maatskappye wat ek op die oomblik in die hande kry om onderhoude mee te voer nie. So ek was baie bly toe jy nou bereid was.”

**Company B:** “Dis reg.”

**Interviewer:** “As jy dalk ander mense in ander landbou maatskappye ook ken wat iets aan die gang het in Afrika... as jy dalk vir my ‘n paar name kan gee, dan kan dit my ook baie help. OK... ek dink net ons moet begin... as jy my dalk kan vertel oor die maatskappy se geskiedenis. Hoe lank terug het julle besluit julle wil in Afrika ingaan en hoekom julle dit besluit het.”

**Company B:** “OK... e... dit het eintlik gekom van ons het ‘n divisie binne in [REDACTED] (Company B) wat die hoofaandeel of die enigste aandeelhouer is in [REDACTED] (Affiliate of Company B). [REDACTED] (Affiliate of Company B) het ons begin in 2004... um die naam was nog iets anders maar dit het gegaan oor presisie boerdery en die ondersteuning aan [REDACTED] (Company B) se boere. Toe het ons dit begin en dit is as ‘n konsultasie besigheid geopereer en die ding het gegroei en groot geword. Ons het omtrent in jaar 9 nadat ons begin het omtrent 100 000 ha ‘n jaar wat ons gedoen het wat ingesluit het onder ander goed soos... um... grond opname, ‘grids’, kunsmis aanbevelings... al daai tipe van goed. Omdat ons net ‘n konsultasie diens was waarvoor betaal moes word, waar die boere voor moes betaal en nie soos ‘n Omnia of ‘n ander maatskappy wat ‘n kick-back kry uit die kunsmis verkope of enige so iets nie, ons was totaal afhanklik, ons kry niks van niemand af nie of van niemand af iets nie, het ons besef ons sal



moet 'n internasionale of 'n buitelandse konsultasie ding begin want dit is ander tipe tariewe wat geld. Om die Suid-Afrikaanse deel te subsidieer. En dis maar eintlik waar vandaan dit kom. En toe het ons begin... Dit was my verantwoordelikheid. Ek het begin kyk na ander maatskappye wat hierdie behoeftes mag hê en so het jy nou mos maar gevra by hierdie ou wie doen dit... wie doen wat en so. En op die ou end het ons uitgekome by 'n Abu Dhabi maatskappy [REDACTED] wat 'n belegging in Sudan gedoen het. En ons het 'n voorlegging gemaak en hulle het deur 'n 'screening' proses gegaan tussen ons, Australiërs, Duitsers, Hollanders en Amerikaners... en dis op die ou end... ook die Amerikaners het ander goed gehad wat teen hulle tel met die embargo teen Sudan. Maar dis op die ou end hoe ons hier uitgekome het.”

**Interviewer:** “So die diens wat julle gee is eintlik net konsultasie daai kant, julle... um en dan bestuur julle dit... of... Maar hulle gee die finansiering en die... um...”

**Company B:** “Ja. Ons, ons voorwaarde was om hierdie goed te doen, omdat daar ook 'n redelike risiko betrokke is. Ons voorwaarde was geen inset kapitaal nie. Ons gee 'intellectual property' en... um... dan doen ons die bestuur van die hele landbou gedeelte. So ons doen nie konstruksie nie. Ons sit niks geld hier in nie. Ons gee die 'know how' en dit is dit en ons doen die implementering en die bestuur.”

**Interviewer:** “OK, en dan ek sien julle is in Noord-Sudan.”

**Company B:** “Ja, ons is in Noord-Sudan, ons is so 370km noord van Gatu teen die Nyl... ook nie teen die Nyl nie... ons is so 8km van die Nyl af.”

**Interviewer:** “Nou is julle op die oomblik net in Noord-Sudan of is julle in ander lande ook betrokke?”

**Company B:** “Ons het in Suid-Afrika het ons ook in lande gewerk soos Mosambiek, ons het in Namibië gewerk, ons het in Zambië werk wat ons doen, so ons doen

in ander lande ook werk... um... Hierdie was die eerste groot... regtige groot projek wat oor 'n groot oppervlak is en 'n lang termyn toegewyde... um... konnektasie het. Die ander is, jy doen die werk en jy gaan terug Suid-Afrika toe. So hierdie is in daai opsig, is dit heelwat anders. Ongelukkig het ons in ons kontrak wat ons aangegaan het, is daar 'n klousule wat sê ons mag nie by enige ander maatskappy wat soortgelyke beleggings doen... um... betrokke raak die eerste 5 jaar nie. So vir die eerste 5 jaar kan ons dit nie vir iemand anders doen as vir hierdie mense of deur hierdie mense nie. Wat sleg is, dit moes nooit so gewees het nie, want ons kry verskriklik baie navrae op grond van die sukses wat ons behaal. Om hierdie diens aan ander ook te lewer en ons kan dit nie doen nie.”

**Interviewer:** “Nou ek wonder net oor... die grond wat julle nou bewerk behoort dit aan die staat of behoort dit aan hierdie... Um... wat is dit... [REDACTED]?”

**Company B:** “Nee, hierdie is 'n vennootskap met die Sudanese regering wat hulle het. Waar die Sudanese regering 'n 40% aandeel het en hulle het 'n 60% aandeel. En binne hierdie raamwerk het hulle 'n nuwe maatskappy gestig wat [REDACTED] genoem word.”

**Interviewer:** “OK, ek dink dis nogal 'n probleem wat die ander koöperasies nou ondervind wat nou iets in Afrika wil gaan doen en dan is daar 'n klomp klein boere wat nie eintlik die grond self besit nie... um... jy weet, en dan kan daai klein boere nie finansiering kry nie, maar hierdie... ja, soos waar julle nou in Mosambiek was, was dit ook net met konsultasie?”

**Company B:** “Ja, dit was net konsultasie.”

**Interviewer:** “OK, so julle modelwerk is anderster.”

**Company B:** “Ja, en in Zambië was dit privaat boere, maar groot privaat boere. Niks met regerings goeters of sulke goed te doen nie.”

**Interviewer:** “OK, so is jy nou op die oomblik die direkteur van [REDACTED]?”

**Company B:** “OK, ja, my goed het verander in ‘n kort rukkie ek het hierheen gekom as algemene ... as GM vir landbou vir die projek terwyl ek terselfdertyd GM was vir [REDACTED] in Suid-Afrika ook. En dit het binne ‘n jaar verander dat my goed het geword dat ek is... um... hierdie maatskappy vir wie ons die werk doen die ek deel twee poste, ek het toe geword CEO vir [REDACTED] [REDACTED] internasionaal wat die maatskappy is waarbinne ons uit die Suid-Afrika kant die besigheid doen en hulle het my aangestel as vise-president vir landbou en besproeiing binne in die [REDACTED] struktuur.”

**Interviewer:** “OK, die res van die vrae gaan nou meer oor... ek wil... my skripsie gaan meer daaroor soos die besluitnemingsprosesse wat maatskappye deurgaen as hulle nou besluit hulle gaan in ‘n Afrika land in, hoe besluit hulle op ‘n land en hoe besluit hulle op watter manier hulle ingaan en dan kyk ek nou meer soos na die sukses faktore... jy weet wat is die belangrike goed waarna jy moet kyk as jy in ‘n land ingaan, wat is die belangrike goed as jy besluit op watse manier jy ingaan.”

**Company B:** “OK, dis reg.”

**Interviewer:** “Soos ek nou verstaan dat julle nou nie self baie geld ingesit nie, maar julle het seker soos ‘n kantoor daar of het 'n infrastruktuur?”

**Company B:** “Hulle het... Nee, ons gebruik hulle infrastruktuur.”

**Interviewer:** “OK.”

**Company B:** “Ons het niks, nie een Rand hier ingesit nie.”

**Interviewer:** “OK, so as mens kyk na... um as jy nou ‘n land selekteer. Sê nou maar julle kyk na ‘n land waarin julle betrokke wil raak in Afrika, of Sub-Sahara Afrika, wat is die belangrike faktore vir julle?”

**Company B:** “Ons het na sulke goed gekyk. Ons het gekyk na die... um... na die groei potensiaal binne-in die land. Met ander woorde... um... dis amper soos daai outjie wat na ‘n land toe moes gaan en moes kyk of daar ‘n mark vir skoene is. En die ou het twee verskillende ouens gestuur. Die een het gesê, nee jinne, die mense dra nie skoene daar nie, daar is nie ‘n mark nie. Die ander ou het gesê die mark is daar. Daar is... niemand dra skoene nie so ons kan skoene verkoop aan elke liewe mens wat daar is. So ons het daardie tipe beginsel, het ons na gekyk. Met ander woorde, waar daar... um... groot groei potensiaal is... en dan ook in terme van veiligheid. Nou, Suid-Sudan is onveilig, maar Noord-Sudan is baie veilig. Veiliger as in Suid-Afrika. En dan het ons gekyk na die maatskappy saam met wie ons dit gaan doen. Ons het gegaan vir vennootskap, ons het nie gegaan om dit self te doen nie. Want as jy nie die taal kan praat nie... en om alles te vestig in ‘n land waar jy nie eers die taal kan praat nie, is heeltemal te moeilik. So ons het gaan kyk na maatskappye wat reeds beleggers is, in landbou en wat reeds projekte het wat hulle doen. Hierdie mense, of meeste van hulle, se grootste beperking is juis hulle het die geld om dit te doen maar hulle het nie die landboukundige 'know-how' om dit suksesvol te bestuur nie. Hulle kan dit begin, waarskynlik... ek weet ook nie eers of hulle dit kan begin nie... as hulle dit kan begin is dit in elk geval nie die regte manier nie. Ek was nog nie by een projek hier, wat hulle dit self gedoen het, wat iets geword het nie. Dit vat twee jaar dan kom hulle agter, 'flip' ons het nog niks gedoen nie. Waar ons totaal die teenoorgestelde is.”

**Company D:** “Suid-Afrikaanse maatskappye is tradisioneel baie konserwatief. Dis nommer een, ek is nou 24 jaar by [REDACTED] ... dis nou 5 jaar gelede wat ek... hulle het vir my altyd gesê jy is eintlik ‘n ‘service provider’ in Landbou, ek was nooit toegelaat om die uitvoere te bestuur nie. Maar nou sit mens met twee faktore. Eerstens die groei in Suid-Afrika krimp, en dit dwing Suid-Afrikaners om hulle manier van dink bietjie te verander, so jou denke moet verander maar wat verander jou denke. So dis die Suid-Afrikaanse ekonomie wat trek. Hier is nie meer groei om ‘sustainable’ te wees nie so mens moet êrens gaan soek vir dit. Die alternatief is Afrika, maar dan moet jy ook die risiko’s sien en daarvoor in jou besigheid beplan. Voor jy daai besigheidsplan skryf moet jy iemand kry wat daai land en... voor jy ‘n besigheidsplan op sit, dat jy ‘n idee het met ‘n ‘Joint Venture’, wat gaan jou kapitaal wees, wat gaan jou tydperk wees om dit te betaal. Dis als goed wat in ‘n besigheidsplan moet wees maar die grondwerk moet jy ‘n eksterne ou kry om dit te doen as jy nie in ‘n maatskappy is wat al jare in daai lande is nie. Ek meen, ons het nou ‘n ou aangestel wat die CEO van [REDACTED] se... dit is [REDACTED] al daai 'brands', [REDACTED]. Doerdie jare was die persoon ‘n kollega van my ook, nou is hy ‘n konsultant en hy doen werk vir [REDACTED] (Company D). Ek sê vir hom gaan, ek ken hierdie klomp ouens maar ek het nie tyd om daar uit te kom nie, so gaan doen vir my die grondwerk, bring vir my die inligting dan sal ek ‘n besigheidsplan skryf en dan weer met 'updates', OK dis nou wie ons het. Dis wat die moontlikhede is, dan gaan ek dit evalueer en ‘n voorlegging aan die raad maak en die ExCo. ExCo (Executive Committee) besluit wat na die raad toe gaan. Maar ek dink dit raak nou maklik vir ons Suid-Afrikaners. Ons dink om te groei, ons passie van groei is om te kyk na beleggings verder as Suid-Afrika. Dit moet nog deur daai proses gaan wat ek sê, eerstens polities, tweede jou risiko en jou GDP groei, om te bepaal, dan jou grond identifiseer. Malawi is baie arm, verskriklik arm. Dis ‘n klein land met baie min... Malawi het potensiaal as jy deel is van ‘n groot groep soos Shoprite wat kyk na 'expansion', hulle glo nog Malawi sal

eendag nog... ek glo ook Malawi sal eindag nog regkom, daar sal nog iets kom. 'n Ou moet glo om 'n ding te kan doen, as 'n ou nie heeltemal in iets glo nie, moet jy dit glad nie doen nie. As jy 'doubts' in jou 'mind' het, maar jy moet 'doubts' teen risiko meet en sien 'justify' my 'doubts' my risiko. Dis die denke wat 'n ou moet toepas as jy so iets moet gaan evalueer.”

**Interviewer:** “Dan, die tweede laaste vraag. Wat is die grootste uitdagings wat julle ervaar?”

**Company D:** “Om mense in Afrika lande te kry om te dink soos ons dit wil doen. Dit is harde dryfwerk om mense se denke en kultuur te verander na ons maatskappy se kultuur. Dis die hardste werk laat ek vir jou sê, ek doen baie goed in Mosambiek maar ek kan vyf keer beter doen as ek net daai mense se denke, wat ek elke tweede maand... vat ek hulle vir 'n... in 'n hotel, 'set targets', doen alles, praat met hulle, probeer hulle dryf. 'n Ou moet besef die dryf om mense in 'n vreemde land, wat vir jou werk met ons maniere van dink in Suid-Afrika is nie so maklik nie. Ek het nou weer twee kollegas van Brazil ingesluit. Die direkteur het begin besef, Brazil is baie meer georganiseerd. 'I always say it is organized chaotic business' maar dis nog georganiseerd. In Afrika is dit nie georganiseerd nie. Om goeie mense, lokale mense te kry... dit begin nou beter word met universiteite en 'n paar ouens wat Engels praat en jy bou die... Dis die frustrasies wat 'n ou kry, om mense dieselfde denke as wat jou besigheid het aan te leer om jou besigheidsplan uit te voer en jou 'targets' te bereik. Dis maar orals in Afrika, in Nigerië, daar's Tiger, daar's Pioneer, almal ouens wat hulle vingers gebrand het. Dan stuur jy ook 'n ou van Suid-Afrika, baie keer wat jy dink jy het hom opgebou op 'n BEE vlak, wat jy dink hy gaan werk in daai land. Dit werk nie, 'eventually' moet jy maar 'n Suid-Afrikaner of 'n ou gaan kry wat jy weet dit kan doen. Jy moet 'n bietjie breër as dit kan evalueer om te sien wat is jou besluit. Nigerië het ons 'n hele klomp Suid-Afrikaners wat suksesvol was in die voedsel bedryf, Altech klomp maatskappye, Imperial wat MTS daar gekoop het en 'n verspreidings maatskappy, maar as jy kyk na die CEO is dit altyd 'n

‘local’ ou en dan sit jy tweede in bevel om die ding te bestuur of jy vorm ‘n maatskappy wat aan daai een rapporteer maar jy probeer die beheer hou van jou eie mense waar dit moontlik is. Maar as dit nie moontlik is nie, moet jy doen wat ek doen, dat ek gereeld iemand het, in daai lande om daai mense te lei in die manier wat ons besigheid doen, dis vir my die ‘stumbling block’, om die korrekte mense in daai lande te kry en te doen wat jy met jou besigheid wil bereik. Onthou Afrika, elke land het sy eie manier. Kenia, betaal hulle met ‘n telefoon, dis die maklikste ding maar in die res van Afrika gebeur dit nie. Kenia het ‘n baie hoër vlak van opvoeding, so daar is dit makliker. In Zimbabwe, ek het ‘n outjie wat bo in Nigerië saam met my gewerk het toe ek daar was. ‘n Swart outjie, puik, maar jy kan sien opvoeding maak dat die ou bo ander mense uitstyg en dis nie altyd moontlik nie. Daai ouens is ook duur, maar op die ou end betaal dit om ‘n Zimbabwiër wat vir jou vyf, ses jaar gee in so posisie te sit. Polities is jy onmiddelik reg in daai land, dan is jy sy assistent. Dan is dit nie so dramaties as jy opdaag by ‘n vergadering met die regering ook daar. Hy is die baas met ‘n wit ou langs hom lyk dit nie polities so erg nie. In Afrika is rassisme nou die woord. Alles wat mens doen, rasse kom na die spel. My seun is in Engeland by PPC en hy is ‘n bestuurder daar en ‘n groot deel van sy personeel kom uit Nigerië en Ghana. Hulle het vir hom gesê: “But your racist”. Hy het vir hulle gesê: “I’m an African like you, don’t try that with me. It’s good when you tell that to English guys, but I come from Africa, I can’t be a racist. The only difference between me and you is the colour of our skin.” Nigeriërs ‘like’ om daai een te gebruik as jy wit is en dit speel ‘n faktor in jou Afrika uitbreiding.”

**Interviewer:** “Sien julle ‘n groot verskil tussen die lande, in terme van julle besigheidsmodel? Vind julle dat julle dit baie moet aanpas vir elke land?”

**Company D:** “Ja, die lande is baie divers, kultuur speel ‘n groot rol, soos ek gesê het in Nigerië, jy moet oë voor en agter jou kop hê. Elke ou het ‘n ‘scheme’ om jou te besteel. So jy moet... daar's nog planne maar jy het ‘n hoër vlak van intelligensie wat jy kan lei, baie makliker as in Nigerië. In Nigerië kan jy net nie daai tipe ou met dieselfde insette lei as die ou in Kenia nie.



Dieselfde met Zimbabwe, daar is ook 'n hoër vlak van opvoeding en dis maar hoe Afrika bestuur word. Jou hoofprobleem is om altyd dinge te doen soos jy op 'n besigheidsplan bepaal het, te implementeer in daai land met die mense in daai land. Dis die grootste 'challenge' wat 'n ou het.”

**Interviewer:** “OK, die laaste vraag. Is daar foute wat julle al gemaak het wat, as julle dit kon oor doen, julle dit heeltemal anders sou gedoen het?”

**Company D:** “Ja, en ek kan vir jou sê ons het al 'n swart outjie wat 'n bestuurder in Zambië was, het gevou. So, ja, ons het al misluk, nie omdat ons besigheidsplan nie reg was nie, maar dat die span aan die ander kant nie gedoen het wat jy wou gedoen het nie, of soos jy gedink het hulle gaan dit doen nie. Ek bring weer Nigerië op, want die handel daar is groot. Kenia ook, daar is ouens wat gevou het in Kenia, Shoprite in Tanzanië, Engels sprekende lande en hulle kon nie besigheid daar doen nie. Nie met Suid-Afrikaners en hulle het swart direkteure. 'They couldn't succeed'. Die interpretasie en die visie wat sê in Mosambiek of Kenia of Uganda het nie vir Shoprite gewerk nie. Dieselfde met Shoprite 'Egypt', 'it goes down'. Daar is Arabiese maniere van 'trading' en hulle kon net nie die twee op die ou einde met mekaar versoen nie. Net soos Woolies in Nigerië, het op die ou einde gesê: 'Ek het 'n vyf jaar plan, my risiko was beperk op hierdie tipe geld, maar ek sien na drie jaar sien ek nie meer kans nie, want ek het al vyf jaar se kapitaal verloor. So ek verloor liewers alles nou en ek stap uit en ek gaan konsentreer op Ghana wat vir my baie beter tekens wys en beter pas by my styl van bestuur.' Dit moet duidelik wees in die besigheidsplan, 'n ou moet sê waar is die afsny punt as 'n ou nie alles regkry nie. Maar ek sê ook altyd, dis baie moeilik om dit te bepaal voor die tyd, 'n ou leer eers na jou eerste, tweede of derde jaar en dan bepaal jy tot waar wil jy gaan. In terme van jou belegging, gaan ek bly of gaan ek onttrek. Ek noem nou vir jou Shoprite en Woolies, maar dis 'n voorbeeld van die kulturele uitdagings in die interpretasie van besigheid en die sukses wat jy behaal met die mense se gewoontes in daai land.”

**Interviewer:** “Een laaste vraag wat ek ook oor wonder. Baie van die lande produseer nou nie baie melk nie, maar as julle melk invoer of kommersieel laat produseer, kry julle dat daar party van die lande voel julle vat werk weg van die klein boere wat ‘n lewe maak van die bietjie melk wat hy verkoop nie?”

**Company D:** “Nee, daai boere is so klein dat dit eintlik nie ‘n faktor is nie. Ek praat nou van lande soos Zambië, die paar kommersiële... ‘n moerse verskil gemaak in daai land. Die paar kleinboere in die Suide wat melk produseer kom met ‘n kannetjie melk elke dag. Weet jy wat, ons het dit ingekoop en weer verkoop aan die agter kant. Ons het dit nie gebruik nie, dit kwaliteit was baie swak, dit was absoluut die swakste proteïen vlak, dit was beter om dit nie te gebruik nie. Lande soos Uganda en Kenia wat baie melk het, is heeltemal anders, daar is genoeg melk, Tanzanië ook, ‘n groot deel van die melk word in die straat verkoop.”

**Interviewer:** “OK, so julle gee hulle die opsie dat julle hulle melk sal opkoop?”

**Company D:** “Ja, dit is so klein faktor in die totale besigheid. Mens moet altyd in die Afrika lande gesien word, dat jy probeer van hulle mense in diens neem, maar dis ook jou grootste frustrasie, om daai mense te kry op die vlak van dink en doen soos wat jy dit wil hê. Dit is ‘n aanpassing per land.”

## Company E1

**Interviewer:** “Ek het darem ‘n idee van wat [REDACTED] (Company E) se geskiedenis behels. Hoe lank terug het julle besluit om betrokke te raak in Afrika?”

**Company E1:** “OK, miskien kan ek begin om te sê, voor ek vir jou sê waar ons deel geraak het, vir jou sê hoekom ons betrokke geraak het in Afrika. As ons gaan kyk na landbou besighede in Suid-Afrika, dan dink ek dit is ‘n volwasse bedryf, as jy in Suid-Afrika gaan kyk. Om te groei beteken dit een van twee goed. Of jy moet gaan konsolideer, of saamsmelt, of gesamentlike JV’s ‘run’ of jy moet ander ouens se besigheid gaan vat, so jy moet die mark gaan erodeer. Met dit as agtergrond het ons gesê, dan moet ons liever gaan kyk na Afrika. Daar is groter geleenthede, almal praat van die geleenthede in Afrika, almal praat van landbou, almal praat van voedselverwerking, en ons is in daardie bedryf. So daarom het [REDACTED] (Company E) besluit dit is die pad om te volg. As jy gaan kyk geografies waar [REDACTED] (Company E) geleë is in die Noord-Wes provinsie, is dit soveel te meer vir ons ‘n groot geleentheid om in Afrika in te beweeg, want ons is teen die Botswana grens. So met dit as agtergrond het ons omtrent in 2009 saam strategies saam [REDACTED] (Company E) gaan sit en gesê, om te groei moet ons kyk na Afrika en het die Direksie besluit om in te gaan. Maar met dit het ons gevra, maar hoe? Wat is die pad? Hoe besluit ons in watter land wil ons betrokke raak? En op grond daarvan het ons toe ‘n studie laat doen deur Professor [REDACTED] van Tukkies en hy het parameters saamgestel, en hy het gaan kyk na die ekonomie van die betrokke lande, die gemaklikheid om besigheid te doen in daai lande, die politiese omgewing, en gaan kyk na enige ander tipe konkurrente van bedrywe. Hy het ‘n klomp parameters uiteen gesit en op grond daarvan het hy vir ons ‘n studie gedoen en hy het dit vir ons gegee, en toe het ons dit gevat en gesê as jy alles in ag neem, het ons vyf lande geïdentifiseer waarna toe ons gegaan het.”

**Interviewer:** “Ja, dis iets waaroor ek nogal gewonder het of het julle gekyk na ‘indices’, die Afrikaans is seker indekse, om die lande minder te maak?”

**Company E1:** “Die faktore waarna ons gekyk het, was, ekonomies, ons het gekyk polities. Kyk polities gaan dit maar oor die regering, ‘rule of law’, ons het gaan kyk na regulatoriese kwaliteite van die betrokke land, dan het ons gaan kyk na mededinging, word mededinging toegelaat. Tot watter mate is die regering betrokke in die ekonomie, dit is een van die faktore, die ander een is die gemak om besigheid te doen, jy weet, hoe gemaklik kan ’n ou besigheid in daai betrokke land doen. Ons het gekyk na spesifieke risiko’s in daai land. Met die risiko’s wou ons gekyk het na landbou... is voedsel en die beskerming van vars water, ons het gekyk na politieke onstabieleit, ekonomiese moontlike skokke, die spesifieke klimaat in daai land en dan het ons gekyk na die gesondheid status van daai land, na dinge soos malaria, HIV en TB en al daai tipe van goed. En dan het ons gaan kyk na die dinamika van die landbou in Afrika, spesifiek van daai betrokke land en ook al hierdie ooreenkomste, oorgrens ooreenkomste, soos met verskillende lande, het ons dit ook onder oorweging geneem. Dan het ons gekyk na die fisiese aspekte, hulle praat van ‘Global Hunger Index’, waarna hulle kyk. Dit bestaan uit die beskikbaarheid van voedsel, tekorte in die voedingstatus van kinders en kinder sterftes, is die faktore wat daar in ag geneem is. En dan die Landbou potensiaal van daai spesifieke land, die belangrikheid van waarde kettings, daar is ‘n groot mate van tradisionele markte en nou, ons is gewoond aan net ketting groepe en net spesifieke produkte wat jy maak, maar as jy in Afrika ingaan, is die markte nog nie so gesofistikeerd soos in Suid-Afrika nie. Dan, die belangrikheid van waardeketting finansiering, tot watter mate is finansiële instellings bereid... want onthou, partykeer is ‘n ou se sakke nie diep genoeg om alles te kan doen wat jy wil nie, so die finansierings instellings moet bereid wees om self te finansier tot op landbou vlak. Die vlak van infrastruktuur moet jy ook nie onderskat nie, toegang tot die verskillende ‘rural areas’, jy moet water hê en toegang tot elektrisiteit. En watter ander beleggers en rolspelers is in Afrika, want dit gee ook al vir jou ‘n

aanduiding, hoe maklik jy kan besigheid doen in daai betrokke land. So dan is die belangrikheid van landbouprodukte en beleggingspotensiaal vir landbou besighede in Afrika. So in totaal het ons so 16 faktore gehad wat oorweeg is om te besluit. So dis die 16 faktore wat in elke land na gekyk en op grond daarvan, het ons 5 lande geïdentifiseer. En ek wil net vinnig vir jou 'n idee gee... mmm... Ons het 'n SWOT analise gaan doen, met ander woorde die sterk en swak punte ten opsigte van besigheid in Afrika. Jy sal dit alles in die dokument kry as jy deur dit lees. En dan... toe het ons die lande geprioritiseer, om te sê... ons het gekyk na Botswana, Mauritius, Angola, Namibië, Zambië, Mosambiek, Ghana, Tanzanië en Madagaskar en gebaseer daarop het hulle vir ons 'n graderingspunt gegee, byvoorbeeld, as jy gaan kyk na Madagaskar is dit 'n E minus en die sterkste ene was Botswana en Mauritius met 'n B minus.”

**Interviewer:** “Maar wat van byvoorbeeld Mauritius is die afstand nou 'n faktor of nie soveel nie...”

**Company E1:** “Ja, ja kom ek gaan vir jou sê... ons het byvoorbeeld...”

**Interviewer:** “Ek meen... Ghana is ook op daai lys en hy is ook nogal ver.”

**Company E1:** “Ja kom ek sê vir jou, ek wil net vinnig by dit uitkom... wat ons gedoen het, ons het gesê Botswana is ideaal geleë in Sub-Sahara Afrika en spesifiek die suidelike Afrika lande, omring deur ander lande en dan het ons gaan kyk na die oppervlak ter sprake, ons het gaan kyk na rykdom in natuurlike hulpbronne, op daai stadium, dit was in 2011 gewees, een van die lande met snelgroeiende ekonomieë. Dan het ons gesê Botswana se landbou bestaan hoofsaaklik uit vee, sorghum, mielies, manna, boontjies, sonneblom en grondbone. Maar die landbou bydrae tot die BBP is baie laag, want dit is maar hoofsaaklik mynbou wêreld.”

**Interviewer:** “Ja, en hy het maar 'n klein populasie.”

**Company E1:** “Ja.”

**Interviewer:** “Wat is vir julle belangrik, hoeveel mense daar is?”

**Company E1:** “Ja, uiteraard... want dit gaan oor die mark. Kom ek sê vir jou... (inaudible).”

**Interviewer:** “Ja, wat in my kop nou aangaan is as jy primêr daar is om te produseer want jy wil uitvoer dan maak dit seker nie saak hoeveel mense daar is nie? Maar as dit jou mark is wat waar jy jou produkte wil verkoop dan is dit belangrik.”

**Company E1:** “Kyk die skakel wat daar moet wees, jy moet of vir jou eie besigheid in Suid-Afrika geleentheid gaan skeep in Botswana deur te sê jy gaan uitvoer die kant toe na Botswana, soos met die veevoer, onthou daar was vir ons ‘n geleentheid destyds om ons veevoer die kant toe te skuif. Die besigheid waarin ons toe belê, was een van ons grootste klante gewees, so jy het tot ‘n mate daai besigheid ge-‘secure’. Die ander kant, Botswana het nie noodwendig mielies nie, nou sit ons met ‘n veevoer fabriek in Botswana waarheen jy jou mielies wat geproduseer word kan vat. En uit ‘n aankoop oogpunt, moet jy hoofsaaklik ook vanuit ‘n 'retail' besigheid oogpunt kyk, so daar is bepaalde geleenthede uit ‘n aankoop oogpunt, en dan is die hoeveelheid verbruikers belangrik.”

**Interviewer:** “Ja, jy word dalk aanvanklik... julle het in Botswana baie uitgebrei, julle het aanvanklik betrokke geraak net... met een ding begin maar toe julle by 'retail' ook betrokke raak, het die populasie nogal belangrik geraak.”

**Company E1:** “Ja, maar as jy nou praat van populasie praat jy nou eintlik van jou boerdery populasie aan die een kant en die ander ding in Botswana wat aantreklik was is die regering, is baie pro-landbou en hulle soek investeerders aan die landbou kant. Dit was ook vir ons ‘n aanvanklike aantrekkings punt. Spesifiek het ons navorsing gewys Botswana is een van die beste belegging bestemmings in Afrika. Botswana het ‘n baie

stabiele politieke omgewing en gesonde ekonomiese beleid asook die beleggings-vriendelike beleid maak die land 'n sterk mark vir beleggers. Botswana se uitvoere na die Europese unie en na Amerikaanse 'market' bied baie potensiële geleenthede vir landbou en kommoditeit finansiering. So dit is van die groot redes waarom ons betrokke in Botswana is.”

**Interviewer:** “As jy nou gaan kyk spesifiek na die ‘entry mode’ waarvan ek praat... dis op watter manier jy betrokke raak, soos of jy ‘n ‘joint venture’ vorm of gaan jy dit op jou eie doen... hoe maak mens daai besluit?”

**Company E1:** “Oraait, kom ek sê vir jou ons het vir mekaar gesê daar is geen manier wat ons 100% op ons eie in Afrika gaan investeer nie, so elkeen van die lande tot nou toe en ook nog in die toekoms gaan ons ‘n ‘partner’ identifiseer. Ons het nie ‘n probleem nie, die ‘point of entry’ maak nie vir ons saak of dit graan verwant of waardetoevoeging verwant is nie. Enige landbou verwante besigheid kan ‘n ‘point of entry’ in die land wees, en dit kan ons dan as ‘n ‘springboard’ gebruik vir diversifikasie en groei. Dit het ons in Botswana gedoen en dit in Zambië. Ons belegging in Zambië het net katoen ingesluit, die besigheid, ons het onmiddellik die potensiaal gesien om daai besigheid te versprei na die hele landbou. As jy die katoen besigheid het wat reeds jou vaste koste vir jou dek wat reeds klomp van jou kostes vir jou dra, kan jy onmiddellik daai infrastruktuur wat jy , gebruik om graan ontvangs te doen, jou ‘retail’ takke te doen, en dan ook meganisasie en alles wat daarmee saam gaan. Dieselfde... ons het nou gekyk in Mosambiek, om by ‘n hoender besigheid betrokke te raak. Die oomblik as jy by die hoender besigheid betrokke raak, dan sê jy OK, ek het die hoenders, waar kry ek die res vandaan? Ek soek voer, om voer te kan verskaf kort ek mielies en soja en al daai goed nodig. En om al daai goed te kan produseer het ek ‘input’ ook nodig, so dan begin jy ook na ‘retail’ kyk. So op die ou end maak dit nie so saak wat jou ‘point of entry’ is nie, die belangrike ding is jy soek ‘n vennoot in daai land wat die mark en die mense en die omgewing ken. Die tweede ding is jy moet dit kan gebruik om te diversifiseer.”

**Interviewer:** “Ja.”

**Company E1:** “So dit was ons aanvanklike strategie gewees om toetrede tot die betrokke land.”

**Interviewer:** “OK, so gaan julle in die toekoms ook kyk na ‘retail’ in Zambië of is julle klaar besig daar mee?”

**Company E1:** “Ons is klaar besig. In Zambië is ons besig met ‘retail’, ons is besig met graan, ons is besig met meganisasie en dan die katoen wat nog bykom.”

**Interviewer:** “Watter land is julle nou al oral betrokke?”

**Company E1:** “Nee, dis net Zambië en Botswana. Jou probleem is Johan, die ouens dink altyd jy lewe in ‘n droomwêreld en dink in Afrika is daar baie geld, dis nie noodwendig waar nie.”

**Interviewer:** “Ja.”

**Company E1:** “En ons het gesê, ons wil in Afrika ingaan totdat ons geïnvesteer het in Botswana en uiteraard Zambië. In Zambië het ons die eerste jaar wins gemaak en die volgende twee jaar redelike groot verliese gemaak. En toe het ons gesê ons wil eers konsolideer en dit wat ons daar het, kom ons laat dit eers werk. So bietjie makieriepas, en dan kan ons aangaan. Onthou mens is heelyd in ‘n leerkurwe ook, mens moenie in ‘n droomwêreld lewe nie. Om in Afrika besigheid te doen is nie soos Suid-Afrika nie. Suid-Afrika bly nog steeds die beste land om in te wees. Maar ‘n ou leer elke dag. Die manier van dinge doen hier by ons is nie noodwendig die manier van dinge doen daar nie.”

**Interviewer:** “Ek dink net mens wil jouself ook posisioneer, want oor 40 jaar of 50 jaar lyk dit dalk heeltemal anderster. Hulle praat van die wêreld populasie gaan verdubbel teen 2050 en Afrika sit met 60% van die wêreld se



landbougrond wat onontwikkel is. En dit lyk of Afrika meer stabiel raak en daar is oral groot infrastruktuur ontwikkeling aan die gang. So oor die langtermyn, as mens net klaar 'n voet kan kry in die deur, kan jy saam met dit groei. So lyk dit of daar baie geleenthede is?”

**Company E1:** “Kom ek sê vir jou, ons het byvoorbeeld in Zambië, het ons gesê... baie het gesê dit gaan oor opleiding, jy moet die boere opleiding gee. En dit is nie noodwendig waar nie. Baie van daai boere het al klaar die opleiding, daar is 'n enorme klomp geld, jy weet 'funder's money' in dit ingedruk. Wat 'n groter impak die vinnigste gaan hê is finansiering. Daai boere het dieselfde probleme as ons boere die kant, om sy mielies te plant het hy saad nodig, hy het kunsmis nodig, hy het chemikalieë nodig, maar om dit te koop het hy nie geld nie. So op een of ander manier moet iemand vir hom finansiering gee. En die rede waarom hulle sukkel met finansiering is sekuriteit, want onthou daai mense besit nie sy eie grond nie, dit is stamgrond waarmee hy sit, so jy moet vir hom geld gee maar jy het niks sekuriteit om daai produk te produseer nie. En die ander probleem is meganisasie.”

**Interviewer:** “Is daar van die Afrika lande wat grond verkoop? Of is dit maar net op 'n huurpag?”

**Company E1:** “Die meeste van hulle is op 'n 99 jaar huurpag stelsel, maar dis maar so goed jy besit die grond, maar die (inaudible)... die probleem is op sekuriteitvlak, dit bly 'n probleem.”

**Interviewer:** “OK, ek dink ons het min of meer deur die vrae gekom, net nog die laaste een. 'What are the key elements of successful market entry?' Wat is die belangrikste goed waarna 'n mens moet kyk om 'n sukses daarvan te maak?”

**Company E1:** “Politieke stabiliteit is na my mening een van die belangrikste faktore wat jy het, die ander een is die infrastruktuur. Om seker te maak dat jy wel

jou produk kan skuif. En dat jy wel finansiering kan kry. Dit is wat my betref die belangrikste faktore.”

**Interviewer:** “Ek wil op die ou end ‘n modelletjie saamstel wat sê: Vir landbou maatskappye wat in Afrika ingaan is dit die stappe wat jy kan volg en die sleutel sukses faktore. Kyk eers na die indekse, kyk eers in watter lande jy betrokke wil raak, identifiseer lande. Stap twee, kyk vir geleenthede, stap drie, kyk of jy iets daar sal kan doen, kyk of jy ‘n 'partner' kan kry. Iets in daai lyn.”

**Company E1:** “Ek dink, die heel eerste stap, ek dink ‘n ou moet ‘n 'check list' gaan opstel, nie noodwendig ‘n model nie... elke land gaan bietjie anders werk, maar ‘n ou moet ‘n 'check list' hê. Die eerste is ‘n wilsbesluit, dat ek wil die kant toe gaan. Dan moet jy inkoop kry van jou raad, van jou direkteure en jou raad om te sê, OK, almal stem saam, maar dit is nie noodwendig ‘n droom, so maklik vir ‘n ou nie, dis ‘n langtermynbesluit wat jy moet neem om die kant toe te gaan. Ek dink as jy dit gedoen het, behoort jy te gaan en te sê goed, waarheen? Wat is die plek, anderster gaan jy rondhardloop soos ‘n afkophoender. Want daar kom soveel geleentheid oor jou pad. Weekliks is daar mense wat my bel, met nog ‘n geleentheid in Afrika. En dan klim almal op ‘n vliegtuig en gaan oor die kant toe, dan kom hulle daar en dan kom hulle terug en dan sê hulle nee, die risiko is te groot, of die mense (inaudible), nee die ding gaan nie werk nie. ‘n Ou moet besluit: ek wil in Botswana wees, ek wil in Zambië wees, ek wil in Namibië wees. Waar ook al jy wil wees, moet jy baseer op sekere indikatore wat vir jou aanleiding gee, hoekom jy daar wil wees. As jy dit gedoen het gaan dit jou baie tyd spaar. Daar is ‘n klomp van ons kongruente [REDACTED], [REDACTED], klomp van hulle het ingegaan (inaudible) en op hulle eie probeer gaan. Almal van hulle het onttrek. En die ander ding is ‘brick and mortar’. Wat ek daardeur probeer sê is jy moet spandeer op infrastruktuur. Anders dink hulle jy is ‘n ‘fly by night’. Jy kom hier in, jy wil die room kom afskep maar jy is nie regtig bereid om regtig die 'inputs' te gee in hierdie land nie. En dit is ‘n besluit wat ons geneem het, om te belê in vaste beleggings. Dan die

ander belangrike faktor wat mens nie moet onderskat nie is die mense en die gebrek aan kundigheid. Want onthou Suid-Afrika het 'n gebrek aan kundigheid, soveel te meer in Afrika. En een ding wat krities belangrik is, jy moenie jou derde of jou vierde vlak mense in Afrika instuur om vir jou die 'job' te gaan doen nie. Jy moet jou top mense in stuur. Jy moet jou beste mense identifiseer en hulle moet jy Afrika toe stuur.”

**Interviewer:** “Kry julle mense uit Zambië ook wat bestuurders is daar of is dit maar meestal Suid Afrikaners.”

**Company E1:** “Ek dink ons onderskat baie keer hierdie mense. Ek dink die een ding wat ons baie in Zambië sien en Botswana tot 'n mindere mate, maar Zambië spesifiek, is dat daar 'n geweldige leergierige gees by daai mense is, Hulle wil leer, hulle wil 'n verskil maak. En as hulle agterkom dat jy bereid is om die 'inputs' te gee en hulle te ondersteun met hulle werk, die probleem is 'n gebrek aan ondervinding, die teorie is daar maar hulle kort die praktiese ervaring. Ek dink dis waar ons 'n rol kan speel van Suid-Afrika se kant af met mentorskap. Jy ken die teorie, maar kom ek vat jou hand dat ons die praktyk gaan aanpak. En wat ons nou baie keer ook doen is wat ons die voordeel gee, ons bring van daai mense Suid-Afrika toe. Want hulle konseptualiseer baie keer nie hoe ons dit sien nie. Dan vat ons hom na een van ons groot handelstakke toe en sê vir hom, so lyk 'n handelstak en dis hoe hy te werk gaan, dan kan hy nader aan jou verwysings raamwerk kom om met mekaar te praat. So, ek wil vir jou sê, ons het daar in Zambië, een van ons senior bestuurslede, 'n Zambiër en hy is regtig 'n uitstekende ou. Maar die res van die bestuursvlak is almal 'ex-patriots', is almal buitelanders. Ek gaan vir jou die boek gee, ek wil hom asseblief net terugkry, dis van PWC wat jou baie inligting oor besigheid in Afrika kan gee, ek wil hom asseblief net terugkry.”

**Interviewer:** “Dankie, ek sal gaan kyk na hom. Baie dankie vir jou tyd.”

## Company E2

**Interviewer:** “Hoe ek nou hierdie opgestel het is, ek kyk nou na die besluitnemingsprosesse wat julle deurgaan, hoe julle op ‘n besluit kom as ons in Afrika wil ingaan. Ek het dit opgebreek in verskillende fases: hoe het julle besluit op die land, op die geleentheid en watter manier julle ingaan. Ek gaan vrae vra oor die uitdagings en die kritiese sukses faktore. Ek gaan basies in elke fase kyk wat is die kritiese sukses faktore en hoe het julle gekom op daardie besluit, die proses. Wat is jou rol in Afrika?”

**Company E2:** “Ek is by besigheidsontwikkeling betrokke, so ons moet die besigheidsgeleenthede evalueer en voorlê vir die Besturende Direksie. Is daar opbrengs op kapitaal moontlikhede? Dit is mos eintlik waaroor dit gaan: Is dit ‘n positiewe belegging? Kyk, ons het eers ‘n Afrika strategie opgestel. Dit beteken ons het na die verskillende lande gaan kyk en vir daai doeleindes het ons ook ‘n konsultant gebruik om die 52 lande van Afrika... ek dink dit is 52 of 53... te gaan beoordeel, maar spesifiek meer aan Sub-Sahara Afrika. So dit is darem bietjie minder as die totaal. Daar is verskillende maniere, indekse wat internasionaal aanvaarbaar is om te bepaal wat is die politieke risiko, wat is die ekonomiese risiko. Ek dink hulle praat van ‘n ‘foreign investment index’ of so iets, wat gemeet word vir al hierdie lande. Die ander ding wat belangrik is, is die afstand van die land, want dit is maar groot kostes om in hierdie Afrika lande in te gaan. Party ouens praat van Namibië en Botswana en Zambië en Zimbabwe en Mosambiek as Afrika ‘lite’, jy weet. Dis nie regtig in Afrika nie. Ek meen Namibië is amper ‘n provinsie van Suid-Afrika. Maar Botswana en Zambië is darem nie so vêr nie. En veral waar ons geleë is, nè. Botswana is redelik naby.”

**Interviewer:** “Ja, ek het gekyk na daai lys van indekse waarna die professor gekyk het. Maar nou dink ek net baie van die... ek dink dit was in 2008, in 2009, daar rond.”

**Company E2:** “O, ons verslag? Praat jy nou van Prof [REDACTED] wat dit vir ons gedoen het?”

**Interviewer:** “Ja.”

**Company E2:** “Ja, dit was in 2011, 2012 gewees, daar rond... ja, ek het 2011 eers hierso begin. Toe het ons klaar in Botswana ‘n fabriek gehad.”

**Interviewer:** “Het julle toe klaar eintlik besluit julle wil in Afrika wees?”

**Company E2:** “My eerste groot besigheid ondersoek was die belegging in Zambië, maar toe was [REDACTED] (Company E)... reeds 50% aandeel in die veevoer fabriek in Botswana gehad. Dit het gekom uit die agtergrond van... eers het die klaarprodukte Botswana toe gegaan van hier af... toe sê die regering nee, maar jy weet hulle gaan dit nie meer toelaat meer nie, ons moet daar produseer en toe is die fabriek in Botswana begin saam met die vennoot. Saam met nou [REDACTED] wat die eienaar is van [REDACTED] en toe het ons, om eintlik heeltemal korrek te wees, het ons 51% aandeel gehad en hy 49%. Maar die fabriek was redelik vinnig opgesit en ek dink hy het dadelik eintlik goeie resultate gelewer. Hy was winsgewend gewees en hy is nou nog winsgewend. Maar toe so twee jaar terug... OK, die strategie was ons het met die veevoere die land ingegaan, hy het ‘n gevestigde mark gehad, nê, want sy besigheidsmodel was hy’t begin met dagoud kuikens en toe het hy die veevoere bygesit en die medisyne en die hokkies of die hok om kuikens te voer plus die waterbakke en so aan. So dis hoe hy sy besigheid [REDACTED] begin het. Wat hy toe later verder uitgebrei het. So ons het gegaan met ‘n ou wat die mark geken het. Dit is hoe [REDACTED] (Company E) ook in Zambië begin het. Ons soek ‘n vennoot in die Afrika land wat die mark ken. Dat ons nie al daai skoolgeld moet self gaan betaal nie en die kultuur van die land verstaan

en so aan nie. OK, en toe wat ek wou sê is... toe 'n jaar of wat terug, het ons die 50% aandeel in [REDACTED] Botswana het ons toe vermeerder na 50% aandeel in [REDACTED] (SA Company E). So [REDACTED] Botswana is 'n 100% filiaal van [REDACTED] (Company E SA), maar ons besit 50% van [REDACTED] so ons het in effek 50% aandeel in [REDACTED] Botswana nog steeds.”

**Interviewer:** “Ja.”

**Company E2:** “Ja, dit is toe verlaag van 51 na 50 toe. Ja so dit is eintlik die geskiedenis van Botswana. Ek weet nie miskien moet jy nog vra, wat?”

**Interviewer:** “OK, kom ons praat maar net oor... as jy nou kyk na sê nou maar Botswana, wat was die kritiese sukses faktore? Wat het gemaak dat [REDACTED] (Company E) daar sukses behaal het?”

**Company E2:** “Die eerste ding is: Botswana is meer 'n vee land as 'n graan produserende land, nè. Botswana se twee hoofprodukte is veevoere en diamante... ag altans vleis en diamante... en ek meen dit is hoekom ek dink veevoere... ek dink 'n goeie belegging was. Maar aanvanklik is dit net merendeels na die hoender kant toe. Die rantsoene is meer vir braaikuikens en hoenderboerdery. Omdat die vennoot... soos ek sê dit was sy besigheidsmodel, nè, maar ek dink om in die veebedryf in te gaan was 'n goeie roep. Dit was een van die sukses faktore. Die ander ding is soos ek reeds gesê het die vennoot ken die mark. Hy het reeds veevoere voorsien as deel van sy pakket. Hy is bekend... jy weet hy is bekend in die land. Hy het reeds drie [REDACTED] uitlaat winkels gehad. As ek reg onthou was dit: Gaborone en Palapy en nog een... nou is ek nie doodseker van die derde een nie... maar in elk geval ons het dit intussen uitgebrei na ses of sewe toe. En toe het hy nog belange in Suid Afrika ook gekoop. Hierdie [REDACTED] wat oopgemaak het in Lichtenburg.”  
[8:30]

**Interviewer:** “Ja.”

**Company E2:** “Maar ek dink, die sukses faktore is ons ken die veevoer bedryf. Ek dink die land se mark het hom geleen tot geleentheid, en ek meen dit gaan oor opbrengs op kapitaal belegging né, en ek moet sê ons het nie met ‘n ‘state of the art’ fabriek begin nie. Ons is nou besig met somme, dit gaan 15 miljoen kos net om seker te maak die regering maak nie die plek toe en hy val uit mekaar uit nie, jy weet. So dit was eintlik ‘n graan hanterings aanleg wat ons ‘n veevoer fabriek gemaak het. Dan die ander sukses faktore is ons het met die kundigheid hier gesit om dit te ondersteun van Suid Afrika af.”

**Interviewer:** “Ja, en die afstand?”

**Company E2:** “Ja, dis 200km met ‘n kar. Die ander was dit was nie so groot besigheid nie. [REDACTED] (Company E) was kragtig genoeg om die besigheid aan die gang te sit. Maar alhoewel hy (die vennoot) vir die helfte van die kapitaal verantwoordelik is.”

**Interviewer:** “Ja. So, ek het gister nou met iemand gepraat wat ook genoem het mens moet baie diep sakke hê want as daar infrastruktuur kort, jy moet daai ‘gaps’ alles toemaak. So jy moet voor die tyd weet hoeveel ‘recources’ jy gaan nodig hê vir die hele ding.”

**Company E2:** “Ja. Nee mens vergeet partykeer die kapitaal belegging in die grond, geboue en die aanleg nie, dit is bedryf kapitaal ook né, en dit raak ‘n klomp geld, maar die basiese vraag met enige belegging is... eintlik, daar is twee basiese vrae, die een is: As dit verkeerd loop, waarvoor het ek my ‘commit’? Jy weet, dit is soos ek sê, nie net die grond, toerusting en geboue nie. Die tweede ding is: As die dinge reg loop, waarvoor is ek in? Jy weet, want dit is ook meer as wat jy aanvanklik voor ‘commit’, jy weet. En ek dink die veevoerfabriek in Botswana het darem aan die opbrengs vereistes voldoen, ons kon dit haal.”

**Interviewer:** “OK, die laaste vraag op die lande, as mens besluit op ‘n land, watse tekens is daar wat ‘n ou laat besluit dit is ‘n ‘No-Go’? Watse ‘No-Go’ tekens is daar?”

**Company E2:** “██████ (Company E) het ‘n ondersoek gehad voor ek begin het, in Angola en een van die ‘no-go’ goed... daar was die taal, Portugees, wat ‘n probleem is, alhoewel die Chinese, hulle is blerrie orals. Hulle sal darem Engels praat maar die Portugese weier om Engels te praat. Maar dit is, die taal is ‘n probleem. Die ander is die kultuur, mens moet na die kultuur van die mense kyk. Want ek meen in Zambië byvoorbeeld, wit mielies is stapel voedsel, né. En dan, die ander ding is politieke onstabiliteit né, want kyk almal lê en wag om te kyk wat gaan gebeur in Zimbabwe. Party ouens het al beleggings gemaak en die aanlegte toegesluit en gesê die dag as Mugabe doodgaan sal hulle begin produseer.”

**Interviewer:** “Ja, mens weet ook nie wat gebeur daarna nie, wie is volgende aan bewind?”

**Company E2:** “Ja, lyk my sy vrou is nou in die 'runnings', maar vat nou maar, dit is politieke onstabiliteit in terme van hulle praat van al die besighede, moet die staat 51% van die besigheid besit, né, jy weet. Vat nou maar die DRK, ek meen, daar is burger oorlog, né, jy weet, ek dink die Noorde van Soedan is Burgeroorlog.”

**Interviewer:** “Ja, die Suide.”

**Company E2:** “Die Suide, ja ████████ (Company B) is daar maar hulle is seker darem aan die kant wat daar nie oorlog is nie. Die ander ding is die ekonomiese beleid, ek meen in Zambië byvoorbeeld neig meer na ‘n vrye mark ekonomie toe, en Zambië het die afgelope paar jaar tussen 7 en 10% gegroei.”



**Interviewer:** “En Angola? Hulle is baie afhanklik van hulle olie, dit het hulle ekonomie baie ge-‘boost’, maar noudat die olie prys so laag is, trek hulle nogal swaar, dit lyk vir my dieselfde met die ander lande in Afrika wat so afhanklik is van hulle olie?”

**Company E2:** “Ja, Ghana is ‘n goeie voorbeeld. Almal het gedink Ghana is die land van melk en heuning, nou plaas die olie prys hom onder druk. Nigerië, baie ouens het Nigerië toe gegaan en van ons af is Ghana en Nigerië blerrie ver, né. In Nigerië het ouens honderde miljoene afgeskryf... beleggers uit Suid-Afrika uit. Hulle het nie die mark verstaan nie, ek meen Woolworths het soontoe gegaan en toegemaak. Ek weet nie hoeveel miljoene het hulle afgeskryf nie maar dit het gegaan oor die varsheid van hulle produkte wat hulle nie kon handhaaf nie, omdat daar te veel rompslomp. Eers was dit die afstand; dan is daar te veel rompslomp om die goed in die winkel te kry. Teen die tyd wat die produkte in die winkel kom was hulle nie meer binne die spesifikasies wat aanvaarbaar is nie.”

**Interviewer:** “Ja, kyk ‘n maatskappy soos MTN het nou weer goed gedoen daar, maar hulle bedryf is ander.”

**Company E2:** “Wie?”

**Interviewer:** “MTN.”

**Company E2:** “O, MTN, ja, selfone is ‘n ander ding, die ouens het nie kos en klere nie maar hulle het ‘n selfoon, hier in Suid Afrika ook. Die ou sit op die sypaadjie en hy het nie werk nie, maar hy het ‘n selfoon.”

**Interviewer:** “Al verdien ‘n ou R20 gaan hy nog steeds R2 gebruik vir ‘airtime’. Hy sal steeds iets uitsit om iemand te bel.”

**Company E2:** “Ja, net terug na Angola toe, die ander probleem met Angola was die infrastruktuur van die land en hulle is baie gefokus op olie. Die landbou

is baie verwaarloos in Angola, so jy moet van die primêre landbou af betrokke raak reg deur tot... van 'n klein boer tot... of bestaansboer tot kleinboer en dan ontwikkelings werk doen na kommersiële boere toe, dan moet jy nog infrastruktuur met paaie en krag en damme alles in belê en dan nog sekondêre verwerking. Dis net te veel geld, né.”

**Interviewer:** “Die kommersiële wat daar is... in daai lande kom ons sê Zambië en Angola, besit hulle die grond self of is dit ook deur die huurpag stelsel?”

**Company E2:** “Ek weet nie van Angola nie, en ek weet ook nie hoeveel kommersiële boere is daar in Angola nie, maar in Zambië is daar so 300, dink ek, kommersiële boere. Soos ek dit het, is dit maar op 'n 99 jaar huurpag. So hulle besit nie self die grond nie.”

**Interviewer:** “So hulle... is daar dan 'n gaping vir finansiering? Moet hulle nou byvoorbeeld van Suid-Afrika af hulle kunsmis en saad finansier? Hulle kan dan seker nie hulle grond as sekuriteit gebruik om produksie lenings te kry nie?”

**Company E2:** “Ek dink hulle doen dit tog met daai lang huur ooreenkomste...”

**Interviewer:** “So daar is nie 'n probleem daar nie?”

**Company E2:** “Nee. Die groot ding is maar om na die mark ook te kyk, Dit is hoekom Namibië byvoorbeeld... ons was in Namibië 'n jaar of wat terug. Namibië het 'n kleiner bevolking as Botswana en ek meen... in Botswana praat ons van ongeveer 2 miljoen mense. Namibië is hier by 1.6. En Namibië is 'n droë land en die afstande is groot. In Namibië moet jy eintlik, as jy daar wil gaan belê, moet jy die uitvoer geleentheid ook sien. Dit is waarom hulle ‘grassfed beef’ so goed doen, met daai Europese kontrak. Jy weet, om 'n premie te kry, maar daar is net plek vir een of twee ouens dan's die mark te , dan raak die kompetisie so streng dat nie een meer 'n bestaan kan maak nie.”

**Interviewer:** “Ja, so sou dit eintlik ideaal gewees het as jy sê nou maar in van hierdie lande, byvoorbeeld Zambië kommoditeite produseer net vir die uitvoer mark? Hulle is maar vêr van die kus af en logisties raak dit seker duur om alles wat jy produseer daar uit te kry? So moet jy maar vir die ‘local’ mark ook produseer?”

**Company E2:** “Ja, weet jy wat? Wat ek later eers beseef het, is dat Zambië baie sentraal is as jy op ‘n kaart gaan kyk in terme van Sub-Sahara Afrika en in terme van na die kus toe is Zambië sentraal. En Zambië is eintlik ideaal geleë om ‘n streek speler te wees. OK, goed wat ingevoer moet word kom of van Mosambiek of van Tanzanië, of Angola of Namibië se kant af. Ek meen dis vir invoere en uitvoere van Zambië self. Maar as jy dit goed via Suid-Afrika in Zambië kry en jy versprei dit dan rond vanaf Zambië... dan maak dit nogal sin dat Zambië ‘n streek speler kan wees. Kyk, met die Walvisbaai hawe wat vergroot word, is dit eintlik die idee om van Walvisbaai af die goed sommer deur Namibië, Zambië toe te vat.”

**Interviewer:** “Ja, hulle grens mos aan mekaar.”

**Company E2:** “Ja, so moet ons bietjie praat oor Zambië? Hoekom ons soontoe is?”

**Interviewer:** “Ja, ons kan daarvoor praat.”

**Company E2:** “Is jy tevrede oor Botswana?”

**Interviewer:** “Ja, ja.”

**Company E2:** “Kyk Zambië, die geleentheid wat hom voorgedoen het, is eintlik in die katoen besigheid, né. Wat op daai tyd 168 000 bestaans-boere gehad het, wat georganiseer was. Die besigheid wat ons in belê het se naam was [REDACTED]. Dit was eintlik ‘n Amerikaanse besigheid wat in Zambië begin het, katoenbesigheid. Hulle besigheidsmodel het eintlik so gewerk, in plaas van gewone produksie krediet het hulle die bestaans-boere...

wat sê nou maar hy plant 6 hektaar graan, of hy het 6 hektaar bewerk, dan het hy byvoorbeeld 5 hektaar wit mielies geplant en 1 hektaar katoen. Vir daai 1 hektaar katoen, het die ██████████ maatskappy 'n 1 hektaar 'starter pack', het hulle dit genoem, vir hulle gegee. En dis nou saad om 1 hektaar te plant, onkruid doders en kunsmis, né. Dan 'n onkruid spuit, wat 'n rugsak spuit is... umm... en daai ouens plant nog met 2 osse en 'n ploeg wat die twee osse trek, 'n een skaar ploeg. Hulle hou die lande skoon, baie met... kyk dis 'villages', hulle bly in 'villages'. En dan die bestaans-boere se familie bly almal daar, so die vrouens en kinders, né, hulle skoffel met die hand né, jy weet. Baie van hulle plant met die hand né, wat hulle, na die een skaar ploeg voor getrek het, druk hulle die saad met hulle vingers in die grond en maak met die pik toe of trap net die ding toe. Umm... en dan net wat ek eintlik wou sê: die 'starter pack' om 1 hektaar te plant is eintlik sy produksie krediet. In teenstelling, ag teen prestasie moet hy die produksie kontrak teken, so emme... jy gee hom die 'starter pack', hy moet vir jou die katoen gee, en dan trek jy die waarde van die 'starter pack' af, wat die waarde van die katoen, die verskil, wat hopelik positief is, word uitbetaal. So... umm... dit het hulle met 168 000 boere gedoen, en dit was oor die hele katoen produserende gebied van Zambië, so dis die Noord-Ooste van die land en Suid van Lusaka ook, né. En daar was sewe katoenpluis meulens, en een oliepers in die besigheid. Dan was hulle georganiseer in... hulle noem dit 'sheds', né. 'n 'Shed' is eintlik maar 'n klein stoortjie wat sê nou maar vier keer so groot soos my kantoor is. En dit is eintlik die distribusie depot van die 'starter packs'. Maar die boere was georganiseer in areas. So om 'n 'shed' was sê nou maar 100 boere né, wat nou hierdie 'starter packs' moet kry, maar dan het hulle leier boere ook gehad. So vir elke 10 boere... of elke 9 boere was daar 1 leierboer. So... want die maatskappy het ook landboukundige advies gegee... soos wanneer om te plant, plante stand, hoe moet die onkruiddoder toegedien word en al daai goedjies, hoeveel kunsmis en hoe dit toegedien moet word. So van die 'shed' af het daar landbou kundiges geopereer en die 'starter packs' uitgegee. So dit was amper meer 'n logistieke besigheid as 'n landboubesigheid, want daai 'starter packs' is van oorsee af

ingevoer. Dan is dit in Lusaka in ‘starter packs’ verpak. Party is in emmertjies, die wat ek gesien het, was in emmertjies, of ‘n groot emmer, en dan is dit met vragmotors vervoer tot by die ‘shed’, né. En dan is dit of met bakkies verder vervoer of die ou kom haal dit. Baie van hulle kom haal dit met daai selfde osse waarmee hy die lande bewerk, wat ‘n sleep waentjie sleep, jy weet, kom haal hy die ‘starter packs’ en so bring hy dan die katoen ook terug. Die vragmotor gaan haal die katoen en vat dit dan na die pluismeule toe. OK, maar die besigheidsmodel wat ons eintlik voorgestel het, was om die katoen as ‘n ‘springboard’ te gebruik om in Zambië in te kom en dan met bestaansboere verder te gaan in terme van die mielies wat hulle plant en om hulle opbrengste te verhoog. En die groot ding wat nou begin gebeur het, is, ons het nou 97 of 96 trekkers gekoop die finansiële jaar wat verby is, of eintlik nie trekkers nie... hulle noem dit meganisasie pakkette, wat ons eintlik by die bank gaan onderhandel het, as ons hierdie leier boere, dis nou ouens wat nou al 30-40 hektaar plant al. Dan plant hy sê nou maar van die 30 hektaar, plant hy 20 hektaar mielies en 10 hektaar katoen. Die bank het onderneem om hierdie meganisasie pakket te finansier, so dis ‘n klein trekkertjie so 50-55kw, met ‘n ploeg, met ‘n ... ag ek dink ‘n klein sleep waentjie, en ‘n skottel implement en dan het hulle spuite, het ons besigheid, █████ in streke neer gesit, of by die ‘sheds’ wat hulle dan kan roteer. Maar hierdie boer moet 30% deposito gee en dan het die bank dit gefinansier, so ons het dit nie gefinansier nie, dan die meeste van hulle wat kwalifiseer kan die deposito gee want hulle het beeste ook in daai ‘village’ en in plaas van die reëling, die termyn van die lening is 4 jaar, party van hulle het in twee jaar betaal, né. Die meganisasie pakket betaal maar dit het ‘n groot effek op die opbrengste gehad. En dit is nou eintlik ‘n sleutelaspek om vorentoe te gaan met die mielies en... jy weet om na mielies toe uit te brei en ook die opbrengste te verhoog. So daar word beplan om 200 pakkette per jaar vir die volgende 10 jaar te verkoop.”

**Interviewer:** “OK, nou waar het die moeilikheid ingekom?”

**Company E2:** “Moeilikheid van?”

**Interviewer:** “Ek het maar net gesien op laas jaar se finansiële resultate het Zambië bietjie swaar getrek.”

**Company E2:** “Nee, kyk hierdie... ja kyk die eerste jaar het ons ‘n verlies van omtrent 20 miljoen rand gemaak. Die probleem was... OK, miskien tweërlei. Die een was droogte, dit was baie droog net soos hier laas jaar in Zambië. Die ander ding is die Chinese het voorraad katoen opgebou oor ‘n paar jaar en hulle forseer die prys af omdat die Wêreldvoorraad hoog is. So ons het ‘n volume- en ‘n prysprobleem gehad. Dis die een basiese ding en ons was nog aan die begin, né, so ons het nog nooit met katoen eintlik gewerk nie. So ons het nou volgens die besigheid plan aanvanklik begin handelswinkels oopmaak en ons het ook in ander kommoditeite begin handel dryf. Mielies koop en verkoop en ook sojabone. So dit help ‘n bietjie. En ons het van die pluismeulens toegemaak wat nie genoeg katoen gehad het nie. Ek dink ons het van sewe na vyf toe gegaan. Ons het ook daai oliepers toegemaak wat nie geld gemaak het nie. En dan die ander ding was én, die... hierdie produksie kontrakte moet jy baie seker maak jy kry die geld na die oes. Altans, eintlik dit gaan as hy katoen moet bring, dan bring hy dit nie na jou toe nie, dan verkoop hy dit aan ‘n ander ou. Dit gaan oor kompetisie in die mark want daar is ander internasionale rolspelers ook wat katoen koop.”

**Interviewer:** “En daai ou besit eintlik niks nie, so daar is niks wat jy kan gaan opeis nie.”

**Company E2:** “Toe het ons in plaas... die aanname toe ons die som gemaak het, was 85% ‘recovery’ en toe het hulle afgegaan tot so veel as ek dink 72%. En hulle gaan nou weer, hulle het hulle stelsels en kontroles verbeter, hulle hoop om hier by 90% dan met die ‘recovery’ te gaan. Maar dit was ook... jy kan dink om oor 168 000 boere né, as jy 15% swakker ‘recover’ né, dan is dit ‘n klomp geld, dadelik. OK, die boere het ook bietjie afgeneem want... ek meen ons... die somme was aanvanklik oor ‘n 100 000 ton katoen per jaar en dit het afgekom na 25 000 ton toe, in terme van die

droogte en ouens wat ophou katoen plant het en... dis die ander ding in Zambië, speel die politiek ook 'n rol in terme van die stapelvoedsel, mielies, want die staat gee gesubsidieerde kunsmis en saad pakkette om mielies te plant.”

**Interviewer:** “Is dit dan nou in kompetisie met [REDACTED]?”

**Company E2:** “Ja, en ek meen die ou hoef niks... en meen hy teken eintlik niks nie, hy kry dit. So dan plant hy eerder mielies as katoen, jy weet. Maar dit gaan nou in kompetisie wees met... maar ons sal nie 'n 'starter pack' gee nie, hy sal moet betaal vir die mielies se 'starter pack', jy weet.”

**Interviewer:** “Ja, op die ou end as jy nog steeds die mielies goedkoper kan koop by die boere wat gesubsidieer is, is daar nog steeds ruimte om geld te maak.”

**Company E2:** “Ja, so... ek dink ons beweeg nou nader aan ons besigheid plan toe wat ons aanvanklik voorgelê het en die meganisasie pakkette het ons nie voorsien as so belangrik in die begin nie wat ons nou sien, [inaudible] en polities gesproke is dit ook 'n wenresep want sodra hierdie ou 'n trekker gekoop het... o en hy verhuur die trekker ook uit aan die ouens rondom hom. Hy doen vir hulle kontrak werk, en sy inkomste verhoog. Die een ou het vir ons gesê hy kan nou sy kinders universiteit toe stuur, dorp toe stuur, jy weet. So dit verhoog hulle lewensstandaard en polities het dit 'n groot positiewe uitwerking.”

**Interviewer:** “Ek dink die ander ding is, ek sien dit raak ook 'n kwessie waar... en 'n dilemma, as jy nou in 'n land ingaan en jy werk net met kommersiële boere, dan vat jy die kleinboere se enigste inkomste weg, want hulle kan nie noodwendig kompeteer met kommersiële boere nie, maar op die manier rig julle die kleinboere op, jy vat nie hulle brood weg nie...”

**Company E2:** “Ja, ja, maar dis 'n opheffings taak eintlik, wat maar in Suid-Afrika ook gebeur het. My oupa het in 1945-46 sy eerste trekker gekoop. Voor dit het hy met 16 spanne osse gewerk. OK, daai tyd was dit 'n groot boer

gewees né. Ek sê vir hulle, ek het nie gedink ek gaan in my lewe sien hulle ploeg met twee osse ‘n een skaar ploeg nie, hel hierdie ouens is 100 jaar agter. Want ek meen in 1935 tot 1945 het my oupa met 12 osse in ‘n span, het hy 16 spanne osse gehad. Jy weet, hierdie ouens is nog by twee osse. Wat ek eintlik wou sê is die meganisasie het toe in middel 1940’s... het dit in ons land ook dieselfde effek gehad as wat ons nou gaan kry in Zambië. Maar wat interessant is in Zambië sien jy min ouens wat bedel. Hulle plant groente in hulle ‘village’ en dan verkoop hulle dit langs die teerpad of natuurlik ‘charcoal’, brand van die bome en maak ‘charcoal’ en laai dit op ‘n fiets en ry dit teerpad toe of na die naaste dorp.”

**Interviewer:** “Maar dis seker maar ‘n kultuur ding ook, daar was dalk niemand om by te bedel nie.”

**Company E2:** “Ja, ek het nou sommer gepraat, ek weet nie, is daar iets spesifiek...”

**Interviewer:** “Ek dink ons dat darem al aan die meeste van die goed aangeraak. Ek dink as ons praat oor uitdagings, kom ons praat oor Sub-Sahara-Afrika in ‘n geheel, wat is die grootste uitdagings?” [32;41]

**Company E2:** “Ek dink een van die grootste uitdagings is, ons het al daarna verwys dat jy moet diep sakke hê. Want ek meen as jy na hierdie Afrika lande toe gaan... ja, jy praat van R100 miljoen sommer nou. So ek dink een van die uitdagings is dat elkeen nie op sy eie moet gaan nie. Dat mens eerder saam moet werk. Ons het al ‘n paar gesprekke gehad waar ek by was wat ons, Deloitte het byvoorbeeld belang gestel om ‘n katalisator te wees. Dan kry hulle byvoorbeeld meganisasie, verskaffers en kunsmis verskaffers, saad en onkruid doders en ons byvoorbeeld om te sê nou maar, kom ons gaan in Zambië, maar ons gaan as... of dis die idee, ons het nog nie... ons is nog nie daar nie maar ons probeer dit regkry en ouens identifiseer en sê: kom ons gaan saam, maar elke ou het ‘n aandeel in die nuwe besigheid né. Ek sê nou maar ‘Newco’ en jy dra jou kant by, jy weet...”



**Interviewer:** “En elke ou is ‘n spesialis in sy gebied, so hy kan daai kennis...”

**Company E2:** “Ja, want ons is nou weer besig hier, ek meen [REDACTED] is in Zambië, ons is in Zambië. [REDACTED] het nou ontrek, hulle was ook in Zambië. En... maar ek meen ons dupliseer die kostes net soos hier. En hulle, ek meen in Zambië ken hulle nie ‘n koöperasie nie. Hulle was gewoon hulle kry finansiering by die bank. Omnia het ‘n kantoor in Zambië en daar is Seedco en ander saad maatskappye, Monsanto. So hulle het finansiering by die bank gereël en insette gekoop en met die graan in Zambië is die FRA, is die ‘Food’ wat...? ‘Food... dis eintlik maar so ‘n staatsorganisasie wat... die ‘Food Reserve Agency’, wat sorg dat daar ‘n sekere reserwe voedsel in die land is, dat daar nie hongersnood is nie. Maar ek dink dis een van die groot uitdagings in Afrika, dit kos baie geld, die infrastruktuur is verwaarloos of bestaan nie. Ek meen daar is [REDACTED] van [REDACTED] of in die [REDACTED] stal is hulle praat van R500 miljoen belegging daar, en hulle sê dis maar ‘n half present van hulle totale beleggings portefeulje en hulle verwag nie opbrengs binne 10 jaar... maar ek meen, dit is R500 miljoen waar hulle eintlik maar 10 000 hektaar besproeiings plase ontwikkel. En meer koring en toe het hulle nog ‘n meule ook gekoop... so dis verseker die kapitaal wat jy benodig. Dan natuurlik die afstand en dan die politiese omstandighede. Maar ek meen, Afrika word gesien, veral Sub-Sahara Afrika, eintlik maar hier rondom die ewenaar, sê hulle is die meeste onbenutte hoë potensiaal grond. As jy kyk na bevolkings projeksies van die wêreld bevolking...”

**Interviewer:** “Dis wat ek ook sien, alles wys daar is geweldig baie potensiaal maar dis nie net so maklik om net te gaan en iets te doen nie.”

**Company E2:** “Nee, maar ek meen as jy praat van die wêreldbevolking, baie van die goed gaan daar geproduseer word maar dit gaan nie noodwendig daar verwerk word nie, of dit gaan verwerk word maar dit moet uitgevoer word om die wêreld bevolking kos te gee. So, ja, dit klink maklik maar

ek dink die geld wat dit moet maak, en kyk met geld kan jy enige iets doen. En die risiko is maar altyd daar. In Afrika was die risiko eers baie hoog, maar soos meer maatskappye toegetree het tot Afrika lande het die kompetisie toegeneem en het die risiko ook eintlik bietjie afgeneem, maar die marges het ook afgeneem. Aanvanklik, die ou wat bereid was om die risiko te vat het daai hoë marge gevat... jy weet.”

**Interviewer:** “Ja.”

**Company E2:** “Nou begin die marges afkom omdat daar meer mense is wat die risiko aanvaar.”

**Interviewer:** “Ja, en ek dink met China wat so betrokke is in Afrika, dink ek hulle... ek meen in elke land nou is daar nou infrastruktuur ontwikkeling, paaie wat gebou word en spoorweë en goed. Die myne wat oral ontstaan, wil ook daai grondstowwe uitkry. So hulle sit die paaie en die spoorweë en die goed op. Ja so die potensiaal is daar...”

**Company E2:** “Ja, die potensiaal is daar, en dis maar waar die hoër reënval gebiede ook is.”

**Interviewer:** “OK, ek dink ons is eintlik maar so deur alles maar ons het nog nie baie gepraat oor die ‘entry mode’ self nie. So, hoe het julle besluit, of wat was die besluitnemings proses waardeur julle gegaan het om byvoorbeeld te sê: OK in Botswana gaan ons aandeel koop in ‘n bestaande besigheid of in Zambië?”

**Company E2:** “Ja, saam met ‘n vennoot, saam met [REDACTED] wat ‘n internasionale speler is. Die maatskappy se mense het die land geken. Nee, wel eintlik was daar op strategiese vlak besluit ons wou Afrika toe gaan. So toe het ons gesê watter lande beskou ons as moontlikhede, dit gepriotiseer. Toe het ons gesê, as daar ‘n geleentheid kom wil ons met ‘n vennoot gaan, ons moet baie mooi kyk na die vennoot en jy weet, toe het ons dit gedoen. So dis besluit en toe is dit gedoen. Enige beleggings besluit toets

jy ook aan 'n besigheidsplan en die finansiële maatstawwe wat jy wil bereik, so ons het maar die beleggings kriteria gebruik en projeksies gemaak.”

**Interviewer:** “Met die handelstakke wat nou in Zambië is, is dit ook saam met [REDACTED] [REDACTED] of is dit heeltemal net [REDACTED] s'n?”

**Company E2:** “Zambië het ons 60% aandeel en [REDACTED] het 40%, so hulle is deel van die handelswinkels wat ons oopgemaak het. So die katoenbesigheid, die mielieproduksie en die winkels is, en ons gaan nou kunsmis, [REDACTED] [REDACTED] gaan nou kunsmis. [REDACTED] het aanvanklik die kunsmis invoere uitgehou, maar hulle het dit ook nou in die besigheid ingesit. So in alles is ons 60-40. Maar die kontrak is ingeskryf, sê nou maar daar is 'n geleentheid soos byvoorbeeld 'n logistieke besigheid begin, jy weet, of as ons dink dit sal goed wees om in 'n logistieke besigheid te belê. Dan moet dit voorgelê word aan [REDACTED] by 'n strategiese komiteevergadering, en dit kan ook selfs na die Direksie toe gaan en as hulle sê hulle stel nie belang nie, kan ons op ons eie aangaan maar dan sal ons daar nou 'n ander maatskappy struktuur wees. Daar sal dan 'n ander maatskappy gestig word vir dit. Sover is alles darem nog 60-40. Aanvanklik is die bemarking van die katoen ook vir [REDACTED] gegee, omdat hulle internasionaal kommoditeitspelers is. So ons het met die maatskappy in Zambië alles gedoen, tot die katoenvesel in bale is en [REDACTED] het vir [REDACTED] (Company E) betaal, die vaste koste van die fabriek plus 'n marge. Dan het hulle die katoen uitgevoer en verkoop op hulle eie. As hulle 'n wins gemaak het, het hulle dit gevat of 'n verlies. Dit was buite die gesamentlike besigheid maar dis nou verander, so ons gaan nou met die bemarking ook 60-40.”

**Interviewer:** “OK. Dan, dis seker nou die laaste vraag: As daar iets is wat julle anderster kon doen as julle so kon oor begin het, sou julle iets anderster gedoen het? In Botswana of in Zambië?”

**Company E2:** “Ek dink in Zambië, ja. Kyk, na so twee jaar het ons die bestuur, die MD vervang. Ek dink ons moes dit van die begin af gedoen het. Want dit gaan ook oor █████ (Company E) se kultuur daar kry. Dit was ‘n Amerikaanse maatskappy met ‘n Engelsman wat die bestuurder was, dit het net nie goed gewerk nie”

**Interviewer:** “Het hy net nie die selfde besigheidstaal gepraat nie?”

**Company E2:** “Ja, besigheids-gewys, en... dis die eerste ding. In Botswana weet ek nie, partykeer weet ek nie of ons die regte vennoot gekies het nie. Want nie noodwendig ‘n nadeel nie maar hy is ‘n entrepreneur en hy was gewoon om... ek sal sê die korporatiewe ‘red tape’ is vir hom ‘n groot frustrasie. So hy sal sommer, as hy sien ‘n perseel is in die mark en is op die regte plek, dan koop hy die ding. Hy kom lê dit nie voor en sê die perseel is beskikbaar... hy dink vir die besigheid sal dit goed wees nie. Dan wil hy daai perseel terug verhuur aan die gesamentlike besigheid, want hy het hom mos nou gekoop jy weet. Dan sê ons maar hel, dit werk nie eintlik so nie. Die besigheid moes hom gekoop het. Dan sê hy ja die besigheid kan hom koop maar dan wil hy nou weer wins maak daaruit. Jy weet, daai tipe van ding. So partykeer weet ek nie of ons die regte vennoot gekies het nie, dis OK om te sê met jou strategie jy wil met ‘n vennoot gaan, maar jy moet die regte een kies. Dis amper soos jy nou met MBA leer die personeel is nie jou grootste bate nie, die regte personeel is jou grootste bate. Die ander ding is die katoen. Om die katoen te gebruik het in Zambië as ‘n afspring plek, partykeer wonder ek of ons nie maar direk na mielies toe moes gegaan het nie. Want ek meen, jy het nou gevra oor die eerste jaar en ek het gesê oor die katoen voorrade en die prys en die droogte nê. Ons ken eintlik katoen nie baie goed nie, ons ken mielies. █████ (Company E) het 3 produkte en dis mielies, mielies en mielies...hahaha.” [44:33]

**Interviewer:** “Ja, en julle het ‘n interne mark daarvoor so jy kan daai mielies self gebruik ook.”

**Company E2:** “Ja, so ek dink dit is ‘n paar goed wat ons anderster kon gedoen het. Maar ek dink die punt is nou, ons maak nou ‘n paar rand in Botswana. Zambië het ons gedraai van ‘n verlies na ‘n gelykbreek ten minste, of ‘n klein winsie hierdie jaar. Ons moet nou net konsentreer dat ons nou die opbrengste op ons kapitaal belegging realiseer wat ons geprojekteer het.”

**Interviewer:** “So wil julle eers Zambië laat vlot loop voor julle na ander geleenthede kyk?”

**Company E2:** “Ja, ons het besluit ons wil eers konsolideer, die strategie is, ons kan nog belê in die lande wat ons is, maar dan moet die maatskappye wat daar is die belegging maak. Ons gaan nie nou na nog ander lande toe gaan nie. Maar wel, ons het gesê Mosambiek moet ons na kyk, maar dalk moet ons dit ‘n jaar of wat uitstel. Zimbabwe is altyd ‘n vraagteken, Angola het weer opgekom...”

**Interviewer:** “Mens moet maar mooi besluit, want mens het ook maar net beperkte finansies wat jy kan belê.”

**Company E2:** “Ja, en ons moet eers geld maak, want in Zambië het ons nog nie regtig geld gemaak nie en dit was R112 miljoen. So, dis ‘n groot belegging. Dit is die ander ding wat ons onderskei van byvoorbeeld Senwes, ek meen Senwes het met graankantore gegaan, maar hulle het nie in grond, geboue, toerusting belê nie. En hulle het saam met Wungi gegaan. Hulle het nie geld gemaak nie en hulle het net hulle kantore toegemaak. Ek meen ons is daar om te bly en die ouens sien dit in Zambië, dat ons daar is om te bly, ja dis wat ons gedoen het die afgelope vyf, ses jaar in Afrika.”

**Interviewer:** “OK, baie dankie, ek dink dit is dit.”

## Company F

**Interviewer:** “OK, so ek dink ons begin maar net by ‘n oorsig. Wat is jou rol in die maatskappy en...?”

**Company F:** “Wat ons doen is kyk, ons is ‘n maatskappy wat eintlik landbou toerusting vervaardig. Ons bemark dit nie net nie, ons doen hoofsaaklik eintlik die vervaardiging ook, dit is eintlik ons kern besigheid. Ons eie vervaardiging, wat ons dan nou in Suid-Afrika en dan nou na die suidelike deel van Afrika verskeep en versprei. Nou my verantwoordelikheid, my funksie hier by die fabriek is, ek is fabriek bestuurder. Ek is verantwoordelik vir al die vervaardiging van die implemente, die spilpunte en die trekkers. Nou as jy die drie produk lyne so vat, doen spilpunte seker omtrent 70% met implemente wat so 20% doen en dan is dit 10% trekkers, omset gewys. En dis grootliks nou maar so in die uitvoer mark. Hoofsaaklik in die suide van Afrika.”

**Interviewer:** “Watse lande is julle nou?”

**Company F:** “OK, ons uitvoer... ons voer redelik uit Zambië toe, redelik uit Malawi toe, redelik uit Botswana, Namibië, Zimbabwe ‘n bietjie... ons hoop dit tel weer op...um...ons doen die Kongo...um...nie regtig verder noord nie. Dan doen ons Madagaskar, Mauritius, Australië en Georgië ”

**Interviewer:** “OK, nie Mosambiek nie?”

**Company F:** “Mosambiek ook, ekskuus, Mosambiek ook redelik, ja. So dit is al ons buurlande.”

**Interviewer:** “Swaziland en Lesotho?”

**Company F:** “Ja, dit is maar deel van ons. Lesotho nie eintlik nie, daar gaan niks aan nie, maar Swaziland wel, ja.”

**Interviewer:** “OK.”

**Company F:** “So, nou deel van my funksie is ook die Noord-Wes... die bemerking van hier, van die tak wat eintlik by die Noord-Wes is. En dan deel daarvan die... Botswana val direk onder ons hierso. So ons bemark direk van hier vir Botswana. En dan partykeer Kongo, Angola...hang af waar groot projekte is, dan sal ons ook partykeer van hier af doen. Van die ander takke is ook verantwoordelik vir die... soos vir die... um...”

**Interviewer:** “Het julle ander fabriek ook in Suid-Afrika?”

**Company F:** “Spilpunte net hierso. Die ander fabriek is een in Nigël, maar hulle doen net polipyp. Die ander fabriek is in die Kaap, [REDACTED] by die hoofkantoor, maar hulle doen net PVC en kleiner implemente.”

**Interviewer:** “OK.”

**Company F:** “Ja. Dan verskeep ons ook partykeer. Van ons implemente gaan deur John Deere... ons vervaardig vir hulle onder ‘n handelsnaam naam [REDACTED] vervaardig ons implemente en hulle verkoop dit weer in Afrika.”

**Interviewer:** “Deur hulle handelaars?”

**Company F:** “Deur hulle handelaars, ja. Hetsy Gambië, hetsy watter land. So daar... maar ons doen nie self... ons doen nou self ook besigheid in Gambië, maar nie regtig baie nie. Ons begin nou eers, eintlik is ons net besig met onderhandeling. Ek kan nie sê ek het al iets soontoe geskuif nie.”

**Interviewer:** “En julle maatskappy se geskiedenis, hoe lank terug het julle begin om...?”

**Company F:** “Ons is so oor die 100 jaar al. Ons het hier in die 1800’s begin. Basies hoe dit begin het, is, dis ‘n ou wat eintlik as sendeling gekom het, [REDACTED], toe sien hy nou die ‘gap’ met die landbou en hy begin toe nou uit Duitsland landbou toerusting invoer. En nie lank nie toe begin hulle self vervaardig. So, ja... dit is nou maar waar ons opeindig. Ons is nou 100 jaar later en ons vervaardig nou al hoe meer. En ons grootste deel is eintlik maar besproeiing. Dit is ons groot fokus in die landbou en ons kundigheid en dit is maar die grootste deel van ons omset ook as firma... is besproeiings verkoop. Ons... um... groot dele van die firma het die... in die Wes-Kaap en in die Oos-Kaap, Nelspruit is ons ‘n [REDACTED] agentskap, so ons meganisasie is daar ook redelik goed, maar besproeiing bly maar die reuse aandeel.”

**Interviewer:** “Het... um... besit julle ‘n [REDACTED] agentskap?”

**Company F:** “Ja, ons het in die hele Wes-Kaap die [REDACTED] en dan ‘n groot deel van die Oos-Kaap en dan tot in Nelspruit het ons nou by [REDACTED] ‘n agentskap. Meganisasie bly ‘n groot deel van ons besigheid, hoewel besproeiing bly maar die hoof aandeel.” [3:58]

**Interviewer:** “OK, die res gaan maar basies oor hoe... ek het dit opgedeel in verskillende fases, maar kom ons kyk na die eerste fase. Hoe besluit julle in watter land julle wil betrokke raak? Is daar kriteria of is dit maar net as daar ‘n aanvraag is dan voer julle uit?”

**Company F:** “Man, my eerlike opinie is... ok... om dalk net bietjie meer agtergrond te gee is... is ons groot... ons hele model werk heeltemal anders... ons besigheidsmodel lyk heeltemal anders as baie van die ander ouens. Ons besigheidsmodel in terme van verkope is ons besit elke tak waar ons is. Soos ons sal die tak se fisiese grond koop en ons sal ‘n tak bou en ons sal ‘n tak daar neersit. En elke ou wat daar werk is ‘n werknemer van die firma. So ons verkies om ons eie mense op die grond te hê.”

**Interviewer:** “OK.”



**Company F:** “Waar baie ander agentskappe is baie lief vir agentskappe. Wat jy vir ‘n ‘local dealer’ en goeters. En daar is goed en sleg na al twee kante toe. Ons verkies net dit. En dis wat dit vir ons bietjie moeiliker maak om in die Afrika mark... ons moet nou mooi besluit want dit is maar ‘n groot ding om vir jouself ‘n tak daar te gaan neersit. Dit is baie meer admin. Dan is dit makliker om ‘n ‘local’ ou daar te vat. So huidiglik hoe dit nou werk is, van ons takke sal daar fisies gaan opmeet. Ons sal ouens van hier stuur om opmetings te gaan doen vir besproeiing, of kwotasies te gaan gee. Maar van die lande het ons ook ‘n ‘local’ ou daar wat as agent optree. Maar uit die aard van die saak, omdat die besproeiing baie tegnies is, het hy nie noodwendig daardie tegniese kennis om ontwerpe en seleksies en goeters te kan doen vir ordentlike ontwerpe nie. So hy sal eintlik net die klant werf en dan sal ons van hier af, van Suid-Afrika se kant af alles doen. Nou ons is besig om baie sterk daaraan te dink om wel ‘n tak maar in Zambië neer te sit. Ons is bietjie laat vir die partytjie.”

**Interviewer:** “Hoeveel lande het julle nou soos fisies ‘n tak?”

**Company F:** “Nie een buite Suid-Afrika nie.”

**Interviewer:** “O. Jy bedoel nou binne in Suid-Afrika besit julle al die takke.”

**Company F:** “Ja, ja.”

**Interviewer:** “Julle het nie baie agentskappe nie, maar in die Afrika lande gaan julle nou maar meer deur ‘local’ agentskappe?”

**Company F:** “Ja. Hoewel ons baie versigtig is daarvoor. Want ons is nie baie lief om met ‘n agentskap te werk nie. So ons sal baie keer ons eie mense van hier af soontoe stuur omdat ons baie keer... ag omdat ons goeie blootstelling in Afrika het.”

**Interviewer:** “Dan doen julle dit eintlik direk.”

**Company F:** “Van hier af, ja.”

**Interviewer:** “Soos aan ‘n kliënt daar.”

**Company F:** “Ja. Direk aan die eindverbruiker.”

**Interviewer:** “Daar is nie iemand deur wie dit gaan nie?”

**Company F:** “Nee, in baie gevalle is daar gladnie iemand nie, maar dit het sy groot uitdagings ook. Want jy doen nie ‘n goeie ‘coverage’ van die land soos wat jy sou gedoen het as jy dalk ‘n agent daar gehad het nie. So ons is juis in die proses om daai hele denkwysse te begin verander rondom Afrika. Om bietjie meer te dink aan ‘partners’ daai kant. Om ‘n ‘local’ ou daar te kry of om ‘n tak daar oop te maak. Ons oorweeg dit op hierdie stadium sterk om in Botswana ‘n tak oop te maak. Of in Zambië ons eie tak daar neer te sit en klaar te kry.”

**Interviewer:** “Ja. Ek dink nou met die... ja, dit is eintlik bietjie van die punt af nou... maar hoe raak dit nou met die Rand wat nou so verswak?”

**Company F:** “O, dit help ons baie want ons uitvoere raak bekostigbaar. In ander opsigte is dit maar ‘n pyn, maar wat ons uitvoer mark betref doen dit ons goed. Omdat ons 90% hier vervaardig en 90% 'local' goed gebruik. So dit is vir ons voordelig vir die uitvoere en die Rand is die afgelope redelike tydperk swak so dit help ons definitief met uitvoere.”

**Interviewer:** “Ja.”

**Company F:** “En dit maak net vir ons Amerikaanse kompetisie al moeiliker.”

**Interviewer:** “OK, wat trek julle na ‘n land toe, is daar spesifieke goed wat julle voor kyk in ‘n land, of kyk julle maar net meer waar kliënte ‘n behoefte het.”

**Company F:** “Ons kyk meer na kliënte en histories hoeveel kliënte en hoeveel masjiene ons in daardie area het. Of werk wat ons vir iemand in die verlede vir iemand daar gedoen het. Huidiglik kyk ons na Zambië en ons sien baie van ons besigheid kom van Zambië af so dis hoekom ons sterk daaraan dink om juis na Zambië te kyk. So ons doen nie baie navors... ons bel nie vir 'marksourc' en vra vir hulle, hoor hier kêrels, doen vir ons 'n ontleding daarvan nie. Omdat ons voel ons produkte is redelik ons eie. So ons is... jy kan... ons wil basies sien waar... ons het 'local' ouens... die ouens weet, meeste van ons ouens weet... kyk meeste ouens in Afrika kom ook vir Nampo. Baie van die ouens kom vir Nampo... die groter boere. En dan kry jy redelike goeie blootstelling. Jy kry redelike goeie navrae. En gebaseer op die werk wat ons van daar af kry, sal ons tipies besluit maar ons gaan 'n tak oopmaak. En... maar dit is 'n vrek lang proses. Ek meen hoe lank voer ons nou al uit Zambië toe en ons is nou eers besig om te besluit ons gaan 'n tak oopmaak.”

**Interviewer:** “Ja.”

**Company F:** “Een ding is, ons is 'n familie besigheid, so...”

**Interviewer:** “Is dit 'n... o, ok so, jy is deel van die familie?”

**Company F:** “Nee, glad nie.”

**Interviewer:** “Maar so julle... die besluit om 'n tak daar oop te maak is dit om meganisasie en parte te voorsien of is dit maar meer om die...”

**Company F:** “Beide. Om beter diens te kan gee en verkope te... en 'n groter deel van die verkope te kry. Maar soos jy kan aflei vat daai besluitneming... dis 'n groot stap vir ons om te neem. Binne Suid-Afrika sal ons makliker 'n tak oopmaak en skuif en tekere gaan. Daar is dit maar vir ons nog 'n redelike groot... so dit vat lank, ons reaksie daarop vat lank. En dit is tot 'n mate sleg want ons kan 'n groot deel van besigheid mis. Ek dink ons kan 'n

groter deel van daai koek kry as ons vinniger reageer, maar dit is ongelukkig nie so eenvoudig nie.”

**Interviewer:** “Ja, want dit is ook maar ‘n duur besluit, nè?”

**Company F:** “Dis reg, dis reg. En om mense daar te kry, die regte ouens, want stuur jy die verkeerde ou soontoe kan dit jou meer skade doen.”

**Interviewer:** “Ja.”

**Company F:** “So, dit is maar ‘n moeilike ding, maar ons moet tot op ‘n punt kom wat ons dit nou begin doen en klaar kry.”

**Interviewer:** “OK... um... so ek dink hierdie vrae is redelik geantwoord en dan... um... ja. Ek dink dan kom ons kyk bietjie na die uitdagings wat julle ervaar. Wat is die grootste ‘challenges’?”

**Company F:** “Met uitvoere?”

**Interviewer:** “Ja, wat julle ervaar as julle in Afrika ingaan, of sukkel julle om die goed daar te kry, of... watter tipe ‘challenges’ ervaar julle?”

**Company F:** “‘n Groot uitdaging bly maar nog steeds afstand. Afrika het sy uitdagings rondom tegniese kennis. Dis maar ‘n groot uitdaging. Dit bly maar ‘n probleem... um... onderhoud op masjiene... tegniese kundigheid.”

**Interviewer:** “Het julle mense wat voltyds aangestel is in ‘n land of gaan almal maar van hier af?”

**Company F:** “Almal maar van hier af. As ons sê nou maar herstelwerk het... daar is ‘local’ ouens wat daar werk wat ons... ons sal vir ‘n boer so veel as moontlik ondersteun met die telefoon baie keer, maar as iemand moet gaan dan stuur ons hulle van hier af.”

**Interviewer:** “OK.”

**Company F:** “Sal ons van hier af gaan om iets reg te maak of om dit uit te sorteer. En daai diens is maar deel van die ding wat sal kan beter raak as ‘n mens begin jou takke begin meer skuif. Ek dink as ‘n mens eers ‘n tak geskuif het en nog ‘n tak geskuif het dan sal dit vir ons makliker begin wees. Op hierdie stadium is dit bietjie van ’n hekkie om oor te kom en jy besluit maar jy kan ook nie finaal besluit nie. Maar ek moet by sê ons groot kern besigheid bly nog steeds Suid-Afrika, dit is hoekom...”

**Interviewer:** “Ja.”

**Company F:** “... dis hoekom dit nie vir ons... dit is belangrik, maar dit is nog nie vir ons so belangrik nie, maar ons doen maar... ek meen... dis in elke gesprek wat ons nou het, gereeld praat ons daaroor, van wat nou volgende rondom uitvoere.”

**Interviewer:** “OK, en die... um... is daar nog uitdagings wat julle ervaar?”

**Company F:** “Afstand bly ‘n groot uitdaging... um... ‘customs’ bly maar altyd ‘n storie maar dis nie so erg nie. Dit bly maar altyd ‘n uitdaging.”

**Interviewer:** “Is daar lande waar dit erger is?”

**Company F:** “Ja, daar is lande waar dit erger is.”

**Interviewer:** “Watse lande?”

**Company F:** “Die ding is as jy ... Botswana, as jy die regte agente kry raak dit makliker. Soos Botswana het ons ouens wat dinge nou redelik glad loop. Dis redelik maklik. Dit is binne ‘n uur of twee ‘ge-organise’ jy kan goed deur die grens vat. Zimbabwe bly altyd ‘n uitdaging. Angola bly ‘n reuse uitdaging. Zambië is ‘n uitdaging. Namibië is redelik maklik. Mosambiek

is dit oraait. So die naaste lande aan ons is oraait behalwe Zimbabwe, dis nie lekker nie.”

**Interviewer:** “Gaan dit makliker as jy nou soos deur ‘n agent daar werk...”

**Company F:** “Ja.”

**Interviewer:** “... as wat jy op jou eie direk werk?”

**Company F:** “Ja. Dit is baie makliker om die klant daai kant die ‘clearing’ te laat doen deur die agent. Dit is baie beter dat die klant self die ‘clearing’ aan die ander kant reël as wat jy dit probeer reël. Jy kan die ‘clearing’ aan jou kant reël, laat die klant dit aan die ander kant reël dan werk dit makliker. Want hy ken die regte ouens, hy praat die taal, dit is net makliker.”

**Interviewer:** “OK, ek dink hierdie is dan nou naby aan die einde.”

**Company F:** “Die moeilike deel... een van die ander uitdagings is, omdat ons vêr is; stuur die ou soontoe, hy kan ‘n kort tyd daar spandeer en Afrika het sy eie tyd. So jy stuur ‘n ou vir ‘n week soontoe en jy moet nie verbaas wees as hy bitter min gedoen kry nie, want hy sit en wag heeldag. Dit is nog ‘n uitdaging wat nogal moeilik is om aan gewoond te raak.”

**Interviewer:** “En ervaar julle dat dit duur is, sê nou maar julle stuur iemand nou, verblyf en daai tipe goed?”

**Company F:** “Ja en nee. Ja en nee. Hang af of daai ou besig is om jou ‘n rat voor die oë te draai. Verblyf en goeters is nie so duur nie. Dit is maar baie dieselfde as hierso. Angola is vieslik duur, dit is nou ‘n ander storie, maar Mosambiek en Botswana en Namibië en Zimbabwe en selfs Malawi en goeters is nie so duur nie. Maar die ouens vat kanse. Hulle sal maklik vir jou probeer vertel maar dit is die enigste hotel hierdie en dit is nou hoekom dit nou ‘n vier ster is en dit is bull. Daar is gewoonlik ‘n goedkoper plek ook wat nog steeds oraait is. Hang af hoe is jou personeel.

Jou personeel kan jou vinnig ‘n rat voor die oë draai. As jy nie self al daar was nie en weet hoe dit gaan nie, dan kan hulle vir jou lekker stories vertel.”

**Interviewer:** “Ja. OK, dan is daar al foute wat julle al gemaak het met julle uitbreidings proses? Wat jy, as jy dit oor kon doen, sou jy dit anderster gedoen het.”

**Company F:** “Ja goed wat ons al geld gekos het, is... wat daar met sekere produkte se kwaliteit kontrole ‘n probleem was vir ‘n tyd. Soos byvoorbeeld die laaste ding wat ons ‘n paar Rand gekos het, is in 'n gieterij in die Kaap het hulle van die mengsels verkeerd gehad. Toe breek die parte fisies. So dit het ons baie geld gekos om mense op te kry en om die parte bo te kry om daai goed te vervang. En dit was op ‘n gereelde basis tot al die swak ‘batch’ nou uit was. So in daai opsig het een ou wat swak mengsels gemaak het ons ‘n hele klomp geld gekos aan op en af ry en ook ons verhouding met die klant skade gedoen. So dit het ons ‘n paar Rand gekos. Dan die volgende ding wat ons al geld gekos het en dit is, maar dit is jare terug, jy kan nie die goed stuur voor dit nie klaar betaal is nie. As jy goed oorstuur en dit is nog nie klaar betaal nie weet jy, jy gaan jou vingers brand.”

**Interviewer:** “Sukkel julle om die geld terug te kry van iemand daar?”

**Company F:** “Ons het al. Ons het al.”

**Interviewer:** “Wat kan jy nou doen, soos dit is nou moeilik om van Suid-Afrika af nou vir daai ou sekuriteit te gee. Nou, ek meen hoe maak julle?”

**Company F:** “Niks ry tot dit nie volledig betaal is nie. Dit is heeltemal beleid. Niks gaan oor die grens voor dit nie 100% betaal is nie.”

**Interviewer:** “Ja, OK.”

**Company F:** “Dit is maar die enigste, enigste, enigste opsie.”

**Interviewer:** “OK, ek dink dan die laaste vraag. Dit is meer ‘n algemene vraag. Wat sal jy sê is die kritiese sukses faktore om nou in Afrika in te gaan? Wat is die belangrike goed waarna ‘n mens moet kyk?”

**Company F:** “Personeel. My groot opinie is personeel. Want ons sit klaar met die regte produk lyne. Ons sit klaar met die regte toerusting. Die enigste ding in Afrika, soos dieselfde mense wat ons hier het, moet ons ouens kry wat reg is vir Afrika. Ek het al gehoor van ouens, wat die maatskappye vir my vertel, Suid Afrikaners maak makliker, is makliker geneig om verkope te kan doen in Afrika as Europeërs. Hulle kan dit ook nie verklaar nie. Hulle noem dat dit maar die manier is hoe ons, ons is maar meer gewoond aan Afrika omstandighede miskien. Ek weet nie hoeveel waarheid daarin is nie, maar dit is ‘n interessante opmerking wat ek een keer gehoor het. Maar my groot opinie is mense wat daar kan werk en betroubare mense wat daar kan werk. Want ons kry... die volgende ding is ons kry verskriklik baie ouens wat na jou toe kom en sê hy het ‘n 10 000 ha projek en jy moet nou hierdie ding ontwerp. En dan doen jy daai ding tot op die detail want dit is wat hy nou wil hê en dan kom dit nooit af nie. Die ‘hit rate’ op projekte in Afrika is ontsettend laag. Veral groot besproeiings projekte. Want as ek vir jou die name kan opnoem van ouens wat al by ons kom kwotasies kry het vir ‘n 10 of ‘n 20 000 projek en wat nou nog wag vir die geld uit een of ander internasionale bank. Dis, baie ouens het al baie geld in daai opsigte verloor. So as ‘n ou na my toe kom en sê hy wil ‘n projek doen met twee 50 ha spilpunte, dan het ek baie meer geloofwaardigheid in hom as ‘n ou wat na my toe kom met ‘n groot projek en dit is alles Europese geld. Want al daai geld is altyd belowe van een of ander plek af, maar kom nooit te voorskyn nie. En die begrip van daai ouens... as jy nie met ‘n ou daar werk wat die ‘know-how’ het en wat weet wat is 10 ha nie, dan vlieg jy soontoe vir die opmeting van ‘n 20 000 ha en dan is, meet jy 200 ha af. Dis wat gebeur, dit is die realiteit. Ek het dit al self gesien hoe hulle jou... en dan gaan dit deur hoog geplaastes. Dit gaan nie net deur ‘n ou nie, dit gaan deur ‘n ‘governor’ in Angola, dit gaan deur ‘n sekretaris, dit gaan deur ‘n... al hierdie hooggeplaastes van



'n provinsie en as jy daar kom, is dit 200 ha. Dit is eintlik skokkend wat... so, ja...ekskuus ek praat nou eintlik te veel.”

**Interviewer:** “Nee, dis reg. OK, is daar nog iets wat jy wil byvoeg?”

**Company F:** “Man om die ding dalk in perspektief te sien moet mens seker sê dat daar was nooit ‘n ‘deliberate’... daar was nooit ‘n direkte besluit, man, ons gaan nou ons uitvoere druk nie. Dit is maar soos wat daar navraag gekom het, het ons begin reageer op uitvoere.”

**Interviewer:** “Natuurlike groei, ja.”

**Company F:** “So dis maar ‘n... dis gladnie ‘n skielike besluit, nou gaan ons uitvoere druk nie, maar ek dink ons kom in ‘n tyd wat ons begin besef ons gaan... dit gaan goed met ons in die Suid-Afrikaanse mark, maar om rêrig nog verder te kan groei... sterk groei... want al wat ons nou besig is om te doen is ons is besig om net ‘n groter deel van die koek te vat die heel tyd en dit raak gevaarlik binne is Suid-Afrika. So, as regtig bietjie meer wil groei dan gaan ons nou moet nog meer fokus op die bemarking in Afrika. Want daar is werk. Daar is werk, ons moet dit net doen. Dis eintlik maar net ‘n... ons moet dit net doen.”

**Interviewer:** “OK, dan ‘overall’ is jou gemoed teenoor Afrika redelik positief.”

**Company F:** “Ja, ja, as jy dit reg benader. As jy dit reg benader.”

**Interviewer:** “Baie potensiaal.”

**Company F:** “Ja, maar jy kan nie net... die fout wat jy nie moet maak nie is om net op Afrika te fokus. As jy nie ‘n basis het vanaf om te werk nie, ek praat nou van in ons besigheid. As ons nie ‘n sterk basis hou in Suid-Afrika nie, dan help dit nie ons fokus net op Afrika nie. Dit moet nou maar stelselmatig gebeur. Maar dit moet... dit moet nie net ten koste van die besigheid hier wees nie. Want hierdie is op die ou end wat jou rekeninge betaal. Daai

kant kan jy bietjie geld in die water gooi, jy kan bietjie meer waag, want die projekte is groot. Jy kan sulke goed doen, maar as jy net dit gaan doen kan jy baie vinnig jou vingers brand.”

**Interviewer:** “OK, ek wonder nou net, ry julle al die goed op of... en dan behalwe nou Mauritius seker en Madagaskar...”

**Company F:** “Ons sal of verskeep in ‘containers’ of...”

**Interviewer:** “... as julle Angola toe gaan en daai plekke sit julle dit op ‘n boot?”

**Company F:** “Ons sal of op ry of op ‘n ‘container’ sit of ons ry daarna toe. Hang af waar die ou is, binneland, naby die kus, daarvan. So meeste van die Afrika lande sal ons verskeep met vragmotors.”

**Interviewer:** “O, OK.”

**Company F:** “Ja, dit is maar die ‘means’ in Afrika om te vervoer.”

**Interviewer:** “Maar as jy nou, as julle nou op ‘n punt kom wat julle nou bo Angola, dan...”

**Company F:** “Nee, dan sal jy moet verskeep. Dan moet jy hom in ‘n ‘container’ pak en jy kry klaar. Al ons masjiene wat Georgië toe gaan, langs die swart see, gaan alles op met ‘containers’.”

**Interviewer:** “OK en die trekkers. Doen julle trekkers ook nou... doen dit goed in Afrika?”

**Company F:** “Trekke redelik, eintlik omdat dit eintlik maar baie vir die Afrika mark is. Robuust, eenvoudig sonder te veel ‘electronics’ en ‘stuff’. So ja, hulle doen ook goed en hulle word ook maar opgerig in vragmotors. Hoewel, as jy die wiele afhaal, dan pas hy ook tegnies in ‘n ‘container’. Ons het al

China toe verskeep. Maar oor die algemeen ry ons die goeters op met trokke. Dit geld vir implemente, PCV en elke ding.”

**Interviewer:** “OK, nee dankie.”

**Company F:** “Ek hoop jy het darem iets gekry wat jy kan gebruik.”

**Interviewer:** “Ja, nee dankie. Ek, nee, ek gaan baie kan gebruik.”

**Company F:** “En as daar ’n vraag is waarom jy my wil bel, ‘by all means’ bel my gerus.”

## Company G

**Interviewer:** “Sê my nou, is julle ‘n filiaal van ‘n oorsese maatskappy?”

**Company G:** “Nee. Suid-Afrikaans geregistreerde maatskappy. En hoe hy werk is, ons is net ‘n... ons het alleen verspreidingsreg vir sekere produkte wat ons invoer van Amerika af en van Europa af. So ons het alleen verspreidingsregte vir Sub-Sahara Afrika... um...”

**Interviewer:** “OK.”

**Company G:** “Eksklusiewe gebied om hierdie produkte te versprei. So hier is basies twee besighede... daar is drie besighede waar ek betrokke is by, maar op hierdie perseel is dit twee. Hierdie hele gebou hierso is Cerealis Precision. Hy voer net produkte in en hy verskaf dit aan agente landswyd en dan het ons agente in Namibië en ons het agente in Zambië. Twee agente in Zambië wat ons dit aan verskaf. So hierdie besigheid verkoop niks aan die boer nie. Verkoop net aan agente. Die personeel wat hier werk ondersteun die agente, tegniese en verkoopsondersteuning. Die besigheid daar is net ‘n handelaarskap. So daai besigheid verkoop net in Noordwes en hy verkoop direk aan die boer en hy’t ‘n werkswinkel. Hy is ook ‘n agent vir hierdie besigheid.”

**Interviewer:** “Ja.”

**Company G:** “So hy verkoop... alles wat hierdie besigheid invoer, verkoop hy in Noordwes provinsie direk aan die boer. So... en dan die ander besigheid waar ons nog betrokke is, is ook biologiese saad behandelings. Ek weet nie of jy... jy sal seker weet op al die peulgewasse en goed gebruik ‘n ou mos daai bakterieë wat die stikstof bind.”

**Interviewer:** “Ja, Rizobium.”

**Company G:** “Ons vervaardig dit hierso en dan verkoop ons dit in Suid-Afrika en ons verkoop in Zambië, Zimbabwe en Tanzanië.”

**Interviewer:** “Maar dit is nou heeltemal iets wat julle op julle eie begin het. Dit is nie... dit is apart van...”

**Company G:** “Dit is apart van [REDACTED] maar ek is by altwee betrokke.”

**Interviewer:** “Yes. So met [REDACTED] voer niks in nie, julle vervaardig alles hier en dan...”

**Company G:** “Weet jy ons voer bietjie in. Van die aktiewe bestanddele voer ons in van Amerika af. Maar ek wil sê 80% word hier vervaardig en dan word dit versprei. Maar aan daai kant ook verkoop ons niks direk aan die boer nie. Alles is deur agente... um...”

**Interviewer:** “OK. Ek dink ons begin by die... sommer daar bo dan kyk ons, hoe lank terug het julle begin?”

**Company G:** “Dis reg. So ek dink kom ons fokus eerste op [REDACTED]. Die maatskappy is in 2007 begin. Hy is begin deur ‘n boer wat onder andere die ‘precision planting’ produkte wat ons invoer vir homself ingevoer het van Amerika af en vir sy eie plaas gebruik het. En toe sien hy dit werk nou goed en toe begin hy ‘n besigheid daarvan. Hy het ander ouens, medeboere, ingekry en toe begin hulle die goed invoer en verkoop. Toe het die besigheid maar so gegroei en gegroei en nog produkte ingebring... begin inbring. Hoe hulle die produkte geïdentifiseer het, hulle het maar na internasionale landbou skoue toe gegaan. En op die skoue daar gaan kyk produkte wat moontlik ‘n voordeel kan wees in Suid-Afrika. Dit ingevoer, getoets en as dit nou goed werk hier tydens die toetse, dan het hulle dit begin inbring en dit begin bemark.”

**Interviewer:** “Hoe lank is jy nou al hier?”

**Company G:** “Ek is van 2010 af is ek by die besigheid betrokke. So ek het 2010 aangesluit.”

**Interviewer:** “Wat is jou posisie nou hierso?”

**Company G:** “So my posisie tans by [REDACTED] is ek is nou algemene bestuurder oor al die besighede. So hierdie besigheid het ‘n bestuurder en daai besigheid het ‘n bestuurder en hulle rapporteer aan my. So ek is nou so by die handelaarskap en by hierdie een en by die vervaardiging is ek betrokke.”

**Interviewer:** “OK, en dan die ander besigheid wat julle het, het julle hom nou eers onlangs begin?”

**Company G:** “Hoe die ander besigheid gewerk het, jy praat nou van die biologiese vervaardiging?”

**Interviewer:** “Is dit [REDACTED]?”

**Company G:** “[REDACTED]. So ons het altyd daai produkte ingevoer van Amerika af. Die maatskappy wat dit ingevoer het, was [REDACTED]. En so [REDACTED] Precision het 50% aandeel gehad en ek en my vrou het 50% aandeel gehad. Ons het... dit is ‘n Amerikaanse produk wat ons ingevoer en verkoop het. En toe het ons so twee jaar terug [REDACTED] die Amerikaanse maatskappy het [REDACTED] se 50% aandeel uitgekoop en toe begin ons die produkte hier plaaslik vervaardig.”

**Interviewer:** “OK.”

**Company G:** “Ja, so die eienaarskap ... dit is ‘n Suid-Afrikaanse maatskappy en eienaarskap is 50%, ek en my vrou, 50% ‘n Amerikaanse maatskappy. Alles word hier vervaardig en dan word dit van hier af in Suid-Afrika en in Suider-Afrika versprei.”

**Interviewer:** “So, OK. In watse lande is julle nou al orals betrokke?”

**Company G:** “So op [REDACTED] se kant doen ons besigheid in Zambië en in Namibië. Ons model werk so bietjie anderster as wat ek dink jy in gedagte het. Jy... ek dink jy kyk meer hoe ‘n besigheid self uitbrei na ‘n ander land toe en jy gaan ‘invest’ in daai land. By ons werk dit anderster oor ons met agente werk.”

**Interviewer:** “So julle voer meer uit.”

**Company G:** “So ons gaan soek ‘n goeie, noem dit nou maar ‘n besigheid ‘partner’ in daai land. Wat dit... dit is ‘n persoon of ‘n besigheid in daai land wat daar bly en daar werk en daar geregistreer is. En daai persoon voer in van ons af en hy verkoop weer.”

**Interviewer:** “Yes, yes.”

**Company G:** “So ons is ‘n verspreider en dan soek ons weer vir ‘n handelaar iewers anders. Dit is dieselfde ook op die biologiese kant. Op die biologiese kant doen ons baie meer besigheid in Afrika. Ons doen Zambië, Zimbabwe, ons doen Malawi, Tanzanië, Kenia, maar dit is alles deur handelaars. So hulle doen die bemarking in daai land en alles. Hulle plaas ‘n ‘order’ by ons, ons stuur dit vir hulle. Ons ondersteun hulle met tegniese ondersteuning. Jy weet, indien hulle tegniese ondersteuning nodig het en ons help hulle bietjie met bemarking en so. Maar die meeste van die goed doen daai ouens self.”

**Interviewer:** “Yes. Julle besit nie ‘n aandeel in die agentskap daar nie? Julle voer maar net uit deur hulle. So julle teken dan ‘n kontrak met hulle?”

**Company G:** “Ja, ons teken ‘n kontrak, ‘n verspreidings kontrak, met hulle en ons voer na hulle uit en hulle versprei weer. Maar ‘n ou help maar om die mark te ontwikkel. So jy ondersteun hulle finansieel om die mark te ontwikkel ten opsigte van verlaagde pryse, ekstra kortings, bemarkingsmateriaal en dan

sal ons ook ons tegniese ouens of verkoops ouens soontoe stuur om hulle te gaan bystaan met skoue en boeredae en proewe en al sulke goed. So daar is maar 'n twee of drie jaar proses voordat 'n ou regtig begin geld maak. En veral op die biologiese maatskappy sit jy met registrasies. So al die produkte moet geregistreer word by die departement van landbou.”

**Interviewer:** “In elke land?”

**Company G:** “In elke land. So jy sit met 'n twee, drie jaar wat jy basies daai ouens help deur die registrasie proses en dan kan jy eers begin geld maak.”

**Interviewer:** “Ja.”

**Company G:** “Daai ou kan niks verkoop voor die goed nie eers geregistreer is nie. Op die yster kant, jy weet op die toerusting kant, is dit nou baie makliker. Die ouens kan van die begin af, kan hulle verkoop, maar die ondersteuning is baie meer daar. As jy nou toerusting daar verkoop, die ondersteuning op daai toerusting is baie meer. So baie van ons tegniese ouens spandeer baie tyd daar, veral in seisoen, om te kyk of die toerusting reg is. Of as daar 'n probleem is, moet jy die ouens oplei.”

**Interviewer:** “Kry julle ouens van daai kant af wat ook die tegniese kennis het of is dit maar meestal ouens van hierdie kant af wat julle...?”

**Company G:** “Nee, ons soek as ons 'n agent daai kant... die agente, party gaan soek ons vir 'n agent, party kom die agente na ons toe en sê luister ons wil die goed... so as ons 'n ou gaan soek...”

**Interviewer:** “Dan kry hulle daai kant, sê nou maar, stel hulle ouens aan wat die tegniese kennis het?”

**Company G:** “Ja.”

**Interviewer:** “Wat die bemerking kan doen.”



**Company G:** “Ja. Dit is ‘n vereiste van ons kant af dat daai... dit moet ‘n ou met tegniese kennis wees. Ons doen baie opleiding. Ons het nou so ‘n maand terug het ons twee dae opleiding hier by ons gehad. So die ouens van Zambië het hierna toe gevlieg. Kom spandeer hulle twee dae by ons. Ons het eintlik drie tipes opleiding. Die een is ons doen opleiding hier. Ons het ‘n opleidingslokaal net hier agter. Die ander een is ons tegniese ouens gaan soontoe en dan spandeer hulle so ‘n week of so saam met die ouens en doen ‘hands-on training’ en die ander een is ons doen opleiding in Amerika. So ons het byvoorbeeld in Januarie maand het ons agt ouens, agt van ons agente, Amerika toe gevat en dan gaan hulle vir ‘n week daar en doen die opleiding daar. Maar die opleiding is so... ek wil sê so elke ses maande is daar ‘n opleidingsgeleentheid vir die ouens. Hetsy hier, of by hulle perseel of in Amerika. Die opleiding is baie belangrik. Hoe beter die opleiding is, hoe minder hoef ons te ondersteun, want die ondersteuning is maar duur.”

**Interviewer:** “OK. Dan ek dink ons gaan nou oorbeweeg na hierdie ander... daai...”

**Company G:** “Dis reg.”

**Interviewer:** “Hoe besluit julle op watter land julle wil betrokke raak? Is daar kriteria? Watse kriteria kyk julle na?”

**Company G:** “Kyk ons op die [REDACTED] kant is ons... ons tegnologie is redelik gevorder, so ons gaan kyk eerstens hoe groot is die kommersiële landbou daar.”

**Interviewer:** “Is dit julle hoof teiken?”

**Company G:** “En dan die ander ding is ons fokus, meeste van ons produkte is: mielies, soja's, sonneblom. So ons gaan kyk eers hoeveel hektare is daarvan en dan hoeveel is kommersieel. Hoe lyk die ouens se landbou praktyke of dit inpas met ons toerusting. En dan sal mens kyk as die mark groot genoeg

is sal 'n mens daar ingaan. Dit is hoekom ons op [REDACTED] se kant so beperk is. Die landbou in Afrika is redelik groot. Ek meen Zambië het... plant klomp hektare mielies, maar 80% daarvan word deur 'small scales' geplant.”

**Interviewer:** “Ja, nou het julle... is dit vir julle 'n probleem dat daar te min kommersiële boere is? Soos dat... is grond eienaarskappe 'n probleem in baie van die lande? Die rede waarom ek dit nou vra is sê nou maar 'n ou moet 'n implement aankoop en hy het nou nie... besit nie sy eie grond nie...”

**Company G:** “Ja.”

**Interviewer:** “... sukkel hy nie om finansiering te kry nie. Is daar 'n probleem met dit, of nie?”

**Company G:** “Ja. Nee, dit is 'n probleem. Jy weet want die ouens, soos jy nou sê, hulle het nie die akte van die grond nie. So hy kan dit nie gebruik as sekuriteit nie en dan kan hy nie finansiering kry nie.”

**Interviewer:** “Maar die kommersiële boere wat sê nou maar byvoorbeeld in Zambië is, is seker al redelik groot en gevestig?”

**Company G:** “Ja, hulle is groot en gevestig. Zambië is eintlik regtig klein. Hy is eintlik maar 30 000 ha. Soos Nkushe is maar 30 000 ha. Sy grootste kommersiële blok is maar 30 000 ha.”

**Interviewer:** “O.”

**Company G:** “Maar daai ouens plant drie oeste 'n jaar, so dit maak 'n groot verskil en daar is baie water. So 'n ou het in Zambië ingegaan want daar is redelik potensiaal. Wat baie van die ouens doen... ek weet nie of dit waardevolle inligting is of nie, maar baie van die Zambiese ouens het besighede in Suid-Afrika. Geregistreerde besighede. So die besigheid in Suid-Afrika koop by jou en hulle vat dit op 'n manier weer uit.”

**Interviewer:** “Ja.”

**Company G:** “Ek weet nie hoe vat hulle hom verder nie, maar dit is dan ‘n Suid-Afrikaanse besigheid.”

**Interviewer:** “Ja, dit is wat ek eintlik gedink het hoe baie van hulle sal maak.”

**Company G:** “Ja, so baie van die ouens doen dit so.”

**Interviewer:** “Is daar... dit is dalk bietjie van die punt af maar werk hulle in meeste van die lande met ‘n 99 jaar huurpagstelsel of is daar lande wat jy jou eie grond kan koop ook?”

**Company G:** “Ek weet net van Zambië. Zambië werk op ‘n 99 jaar huurpagstelsel.”

**Interviewer:** “Ek dink in Namibië kan jy seker nog grond koop, maar nou... en Mosambiek is seker maar duur en ek dink Zimbabwe...”

**Company G:** “Ek is nie seker nie. Wat ons wel...”

**Interviewer:** “Is julle in Zimbabwe ook nou?”

**Company G:** “Ja op die ander besigheid. Op die ander besigheid is ons daar. So wat ek weet daar is nou baie... um... groot maatskappye wat nou in Afrika begin boer. Ek meen die ouens van Triomf plant nou 100 000 ha in Kongo en so en daar is ‘n klomp ander ouens. Ek was laasjaar by Monsanto se ‘key account’ konferensie by Sun City waar ‘n klomp ouens, dit was groot maatskappye van Oekraïne, Rusland, Suid-Amerika wat 100 000, 200 000 ha hier in Afrika plant saam met Midde-Ooste maatskappye. En dit is gewoonlik, of saam met die regering, so die regering gee die grond en dit is dan ‘joined-ventures’ saam met die regering, of dit is saam met myne. Maar die myne het ‘n groot hoeveelheid grond en as hulle klaar gemyn het dan begin hulle landbou daarop maar dan kry hulle ‘n groot

maatskappy om vir hulle te kom boer. So dit gebeur baie. Ons werk saam met 'n klomp van hierdie ouens, maar dit is baie... soos Triomf se ouens is 'n Suid-Afrikaanse maatskappy so ons werk met hierdie maatskappy hier en hulle vat ons produkte self vat hulle daai kant toe. Wat ek weet 'n groot probleem is, laasjaar op die 'key account' konferensie wat die ouens gesê het 'n groot uitdaging is wat in Afrika boer in hierdie stadium is, jy kry 100 000 ha om te boer, maar saam met daai 100 000 ha kom daar 'n klomp mense wat daar bly. Jy kan hulle nie skuif nie."

**Interviewer:** "So jy moet hulle gebruik?"

**Company G:** "So jy kry die mense saam. Jy kan hulle nie verwyder nie. Jy kan hulle nie skuif nie. Jy kan niks met hulle maak nie. Jy moet hulle... as hulle wil werk, werk hulle, as hulle nie wil werk nie, net daar wil bly, moet hulle daar kan bly. So dit is 'n groot uitdaging vir die ouens op hierdie stadium. So jy kan die vrugbaarste grond kry en dan is daar 20 huisgesinne op sodat jy niks kan doen nie."

**Interviewer:** "OK. En dink kom ons bly net eers bietjie op hierdie vraag. As julle nou na 'n land kyk, spesifiek waarna kyk julle nou? Of is dit... jy het gesê julle kyk na hoeveel hektaar hulle plant en dan wat hulle plant."

**Company G:** "Wat hulle plant en jy kyk of is dit kommersiële ouens of is dit 'small-scales'."

**Interviewer:** "O ja."

**Company G:** "En soos Zambië byvoorbeeld, 80% van sy mielies word deur 'small-scales' geproduseer. Nou 'small-scales' is enige iets van 'n hektaar tot 'n 100 ha. Dit word nie geklassifiseer op die grootte nie, maar op die ouens se praktyke. So daar gaan kyk 'n ou nou wat is die ouens se praktyke."

**Interviewer:** "OK, dan as julle... kom ons sê as julle nou agente identifiseer, wat soek julle in 'n agent? Wat is die kriteria wat julle opstel vir dit?"

**Company G:** “Die agent moet eerstens die ondervinding en die kennis hê, so jy weet hy moet darem... ee... as dit nou ‘n ou is wat ‘precision planting’ produkte verkoop moet hy darem redelik ‘n agtergrond hê van landbou en van praktyke... jy weet, landbou praktyke, bewerkings praktyke, plantery en die groot ding is hy moet die vermoë hê om... die finansiële vermoë hê om dit te kan doen. Want baie keer... die goed is duur en hy moet by ons koop en hy moet weer verkoop. So ons verkies dit eintlik meer om met ‘n maatskappy te werk as individuele ouens. Want individuele ouens het nie altyd daai kapasiteit om die goed te koop nie.”

**Interviewer:** “Ja.”

**Company G:** “Jy weet hy het ‘n goeie koper maar hy kan nie koop nie... jy weet hy moet die vermoë hê om die produkte te ondersteun. So dit vereis ook geld, dat hy geld agter hom het. So, ja, dit is maar waarna ons kyk. ‘n Ou met ondervinding. Ons verkies ‘n maatskappy wat ‘n tegniese afdeling het en daai tegniese afdeling kan ondersteuning lewer met ‘n verkoopsafdeling wat ‘n verkoopsman in die veld het.”

**Interviewer:** “Wat klaar gevestig is?”

**Company G:** “Ja, ja.”

**Interviewer:** “Wat is die grootste uitdagings wat julle ervaar? Kom ek sê... jy kan dit ook opbreek en wyd raak, maar kom ons praat in terme van julle... um... ervaar julle uitdagings om die goed daar te kry, soos oor die grense?”

**Company G:** “Nie so seer nie, want soos ek sê die ouens reël gewoonlik hulle eie goed oor die grens. Hulle ken dit beter as ons, so dit is gewoonlik nie ‘n probleem nie. ‘n Uitdaging vir ons op hierdie stadium is, soos in Zambië werk ons hoofsaaklik met mielies. Ons produkte is hoofsaaklik vir mielies en so. In Zambië byvoorbeeld word die mielieprys deur die regering bepaal. So die laaste paar jaar het die kommersiële ouens nie mielies

geplant nie. Die prys was te laag. So die mielies word geproduseer deur die ‘small-scales’ en nou is daar nie eintlik ‘n mark vir ons produkte nie, want die kommersiële ouens plant nie mielies nie. Laas jaar het dit so bietjie opgegaan. Toe die prys so bietjie opgaan het klomp kommersiële ouens weer mielies geplant. So ons verkope aan Zambië het weer so bietjie opgetel, maar ek wil sê politiek op hierdie stadium is eintlik maar die grootste faktor vir ons.”

**Interviewer:** “Ja. Ek dink hulle subsidieer ook mos maar die boere daar?”

**Company G:** “Hulle subsidieer die ‘small-scales’.”

**Interviewer:** “Ja, die ‘small-scales’.”

**Company G:** “Dit is die probleem, ja. So ek sal sê die politiek op hierdie stadium is vir ons die grootste uitdaging.”

**Interviewer:** “OK en enige ander operasionele ‘challenges’ wat julle ervaar?”

**Company G:** “Kyk, ‘n groot ding... ek praat nou maar net uit Zambië uit, is die logistiek. Of nie die logistiek nie maar die... ek wil vir jou sê die grootste kommersiële blok is in Nkushi, by Zambië. Hy is noord van Lusaka. Nou sê nou net ons moet daar uitkom. Dit is ‘n helse storie om daar uit te kom. Dit is verskriklik duur om in die eerste plek in Afrika in te vlieg. Dit is ‘n duur uitgawe, jy weet dit kos jou amper net soveel om Lusaka toe te vlieg as wat dit jou kos om Europa toe te vlieg. En dan in Lusaka om ‘n kar te huur. Nou om karre te huur en hotelle te huur in Afrika... dit is duur en dit is moeilik. En die paaie. Nou van Lusaka moet jy in Nkushi kom wat vyf ure se ry is. Ek meen dis chaos, en as jy eers in Nkushi kom, daar's nie blyplek nie, daar's nie plekke om te eet nie, dis maar ‘n gemors. As jy nie by ‘n boer kan oorbly nie... so die infrastruktuur is ‘n moerse probleem.”

**Interviewer:** “Zambië is seker darem nog beter as van die ander plekke?”

**Company G:** “Zambië is nog beter as baie van die ander, want daar is darem nog redelik kommersiële ouens. Nog ‘n ding van Zambië byvoorbeeld is, jou kommersiële blokke sit ver uit mekaar uit so, jy sit met NKushi en Pongwe wat Noord sit, dan sit jy met ander wat Suid sit rondom Lusaka. So, om daai ouens te gaan sien is duur, regtig dit kos jou klomp geld. Ek praat met ouens van Rovic en Leers nou die dag, hulle sê om ‘n verkoopsman Angola toe te stuur vir twee weke kos jou R200 000. So die vervoer en die hotelle is verskriklik duur.”

**Interviewer:** “Jo.”

**Company G:** “So ek sou sê die kostes is baie duur en dis hoekom ek sou sê ‘n man moet maar mooi kyk. As jy nie iemand kry in daai land wat saam met jou die pad kan stap nie, ‘n goeie agent nie, dan gaan jy nie sommer nie. Dis net te duur om daai mark te ontwikkel. In elk geval met ons produkte, want daar is ‘n klein mark vir ons produkte.”

**Interviewer:** “Voer julle nie... party lande wat nader aan die kus is, met die see uit?”

**Company G:** “Nee, die lande wat ons nou maar is, is alles pad vervoer. Ons het ‘n reëling met Zambië op die stroper tafels, die groot stroper tafels, ons voer dit van Italië af in, so as hulle ‘order’ groot genoeg is, kan hulle goed direk Walvisbaai toe gaan. Van Walvisbaai ry hulle dit dan direk Lusaka toe. Dan hoef dit nie eers Suid- Afrika toe te kom nie, om kostes te bespaar. Maar as hulle nou net een of twee bestel, dan om dit eers...”

**Interviewer:** “Nou beplan julle nou nog om op in Afrika in uit te brei?”

**Company G:** “Op die biologiese kant, ja definitief.”

**Interviewer:** “Is dit goedkoper om dit uit te voer?”

**Company G:** “Ja, die biologiese produkte kan op enige gewas werk, so enige ou wat iets plant kan dit gebruik, waar [REDACTED] se produkte is ‘top-end’

kommersiële produkte, dis net jou 'top-end' kommersiële ouens wat dit kan gebruik. So op die biologiese kant, definitief, ons werk saam met... ons soek maar vir 'n goeie agent en ons werk saam met saadmaatskappye wat al reeds gevestig is, werk saam met kunsmismaatskappye wat alreeds gevestig is in daai markte en dan hak 'n ou maar, 'piggy-back' maar op hulle in daai markte in. So jy gaan kyk maar waar die ouens alreeds gevestig is van die maatskappy en kyk om so saam met hulle in te kom."

**Interviewer:** "OK, ek dink die tweede laaste vraag. Is daar foute wat julle al gemaak het wat julle anderster sou gedoen het as julle dit oor kon doen?"

**Company G:** "In Afrika?"

**Interviewer:** "Ja, in Afrika."

**Company G:** "Ek dink die grootse ding is net 'n ou moet mooi kyk om krediet te gee in Afrika. So as jy byvoorbeeld 'n agent het, dit is partykeer maar 'risky' om vir 'n ou krediet te gee vir 30 dae of vir 60 dae, want jy kan eintlik niks aan 'n ou doen as hy in 'n ander land sit nie. Die lande se stelsels is van so aard, jy kan eintlik niks aan daai ou doen as hy jou nie betaal nie. So ons het nou maar weg beweeg en meer in 'n COD... 'n ou betaal ons en dan stuur ons die produkte aan. Behalwe as dit 'n maatskappy soos Afgri of so is. Dit is maar die grootste stel wat ons afgetrap het met van die kleiner verspreiders. Hulle bestel die goed en dan kry jy nie die geld nie, dan moet jy hom daar iewers in die bosse gaan soek net om jou geld terug te kry."

**Interviewer:** "Julle kan nie dat hulle, sê nou maar eiendom as sekuriteit gee nie?"

**Company G:** "Nee, om daai goed af te dwing in daai lande, ons het al... dis net te moeilik. Regtig, dit kos jou verskriklik baie geld, meer geld... want nou stel jy 'n prokureur hier aan, hy stel 'n prokureur in Zambië aan want hy kan nie daar 'operate' nie. Ons het dit in Zimbabwe gehad, so daai



regskostes hardloop net meeste van die tyd verby dit wat die ou jou skuld.”

**Interviewer:** “Is taal ‘n probleem in party van die lande of het julle dit nog nie so ervaar nie?”

**Company G:** “Ek het dit darem nog nie so ervaar nie. Kyk as jy in Zambië in gaan en so...”

**Interviewer:** “Ek praat nou meer van die Portugese lande en die Frans sprekende lande, of is julle nog nie so betrokke in Mosambiek nie?”

**Company G:** “Ons is nog nie daar in nie. Ek weet byvoorbeeld Rovic and Leers is in Angola en hulle het vir my gesê dit is ‘n probleem want die ouens praat Portugees daar ook.”

**Interviewer:** “Dan as jy nou alles kan opsom en sê: wat is die kritiese sukses faktore waarna ‘n mens moet kyk as jy nou in ‘n land ingaan of na toe wil uitvoer?”

**Company G:** “Kom ek sê vir jou, as jy nou na die biologiese kant kyk, want daar is nou ‘n ander uitdaging wat ek nou nog nie vir jou genoem het nie, om die goed te registreer by die departement, so daai regulasies en die regering en goed dis ‘n groot uitdaging.”

**Interviewer:** “Is die uitdaging om hulle wette en prosedures te verstaan of is dit ‘n uitdaging dat dit lank vat?”

**Company G:** “Omdat dit lank vat en dis die meeste van die tyd is dit ‘n ‘ge bribery’. In Zimbabwe byvoorbeeld moet ‘n mens die ouens... jy moet ‘n proef doen en dan moet jy die ouens, omtrent hulle departement na die proef toe vat en al hulle kostes dek. Hulle vervoer en hulle verblyf en hulle etes en alles daar, dat hulle nou na die proef kan gaan kyk. So ek wil sê die wetgewing, as ons in so land ingaan, die wetlike aspekte is vir ons baie

belangrik, veral aan die biologiese kant. Jy weet, het die departement van landbou... is hy redelik gevestig, funksioneer hy oraait. Wat vir ons daar ook belangrik is as mens met die registrasie gaan, jy moet 'n persoonlike kontak hê. Jy moet 'n ou daar ken wat jou kan help anders is jy net van die een ou na die ander en die ander en die ander en jy kry niks gedoen nie. So dit is 'n groot uitdaging.”

**Interviewer:** “Is dit net as julle wil invoer in die land in? Julle kan nog nie self in daai lande produseer nie, of is die hoeveelhede te klein?”

**Company G:** “Ja, dis nog te klein, jy moet eers 'n mark darem ontwikkel so die eerste stap is jy moet die goed geregistreer kry in daai land en dan kan jy begin bemark in daai land. Die proses om daai goed te produseer is redelik ingewikkeld.”

**Interviewer:** “Baie tegniese proses...”

**Company G:** “Ja, ek meen die fasiliteit in Lichtenburg wat ons opgesit het, was amper R20 miljoen Rand. So dis maar 'n duur ding om dit daar in te sit en die aktiewe bestanddeel is redelik klein hoeveelhede, so 'n ou kan met een fasiliteit... kan 'n ou amper die hele Afrika voorsien. Om nog 'n fasiliteit en nog 'n fasiliteit... dit is nie nodig om dit te doen nie.”

**Interviewer:** “Dis seker relatief min wat jy toedien, so jou vervoer koste is darem nie te erg nie. Vlieg julle dit dan?”

**Company G:** “Dit hang af, daar is twee soorte. Ons verkoop produkte met bakterië in en produkte met swamme. So die met die bakterië is baie meer sensitief, so hulle vlieg ons gewoonlik in en die met die swamme kan 'n ou op die pad vervoer.”

**Interviewer:** “So spuit julle dit op die mielies voor julle dit plant?”

**Company G:** “Dis ‘n saad behandeling, so ja, mens spuit dit op die saad voor mens dit plant. As jy eendag tyd het moet ek jou gaan wys, dit is regtig baie, baie interessant.”

## Company H

**Company H1:** “Gee vir ons eers ‘n bietjie meer agtergrond, ek het nou die geskrewe gekry wat jy gestuur het, ek het nog nie vir [REDACTED] (Respondent 2) gewys nie, [REDACTED] (Respondent 2) is nou my medekollega, hy is eintlik die verkoopsbestuurder, hy weet eintlik wat aangaan. Gee ons nou bietjie meer inligting rondom wat nou gebeur en wat jou planne is.”

**Interviewer:** “Ja, soos ek vir [REDACTED] (Respondent 2) gesê het, ek werk by NWK, so ek is ‘n Tegnieuse Adviseur by Opti Feeds. Ek studeer deelyds hier by die Puk vir ‘n MBA. Ek is nou besig met my dissertasie en is amper klaar, die is my laaste onderhoud wat ek moet voltooi. My dissertasie gaan basies oor... ek kyk na landbou maatskappye wat in Sub-Sahara Afrika ingaan, ek kyk op watse maniere hulle ingaan en hoe hulle ‘n besluit maak en wat is die kriteria wat hulle stel as hulle kyk na ‘n geleentheid of na ‘n land. Dan kyk ek ook maar na die uitdagings wat hulle ervaar. Dis in ‘n ‘nut shell’ waaroor dit gaan. Ek voer die onderhoude, dan tik ek dit en ontleed dit volgens temas wat ek opgestel het. Dan kyk ek maar wat stem ooreen tussen al die landbou maatskappye en wat is die kritiese sukses faktore. So ek dink, kom ons begin en dan kry ons ‘n oorsig oor julle maatskappy. Wat is julle maatskappy se geskiedenis? Hoe lank is julle al in Afrika betrokke?”

**Company H1:** “OK, as ek jou so kan sê Johan, [REDACTED] die maatskappy is uit die aard van die saak ‘n baie ou maatskappy, ons het begin in 1927 en so het die maatskappy gegroei deur oornames en uitbreidings tot wat ons vandag is. Ons sien onself, ons is baie nederig daarvoor maar ons sien onself as een van die groter of grootste verskaffers van landbou implemente in die landbou omgewing. Eerstens moet ek dit baie duidelik maak, ons spesialiseer in implemente en nie in kragaangedrewe eenhede nie. Ons is nie gekoppel aan trekkers of 'n trekker maatskappy nie. Dan die ander ding wat lekker is van [REDACTED] is, ons is ‘n eg Suid-

Afrikaanse maatskappy. Aandeelhouing is deur Suid-Afrikaners en ons is 'n privaat maatskappy, wat dan vir ons die geleentheid gee om of die beste produk oorsee te gaan soek om deel te maak van ons portefeulje of ons het ook 'n fabriek in Kaapstad wat die goed bou. So ons ontwerp en ons bou ook so bietjie. Ons sien onself ook as een van die groter maatskappye. Wat Afrika betref..."

**Interviewer:** "Het julle een fabriek in die Kaap en dan een in Johannesburg?"

**Company H1:** "Nee, wat ons doen is, ons het 'n fabriek in die Kaap en ons hoofkantoor is in die Kaap, dan het ons drie takke landswyd. Dan moet ek vir jou ook sê, dis nogal redelik belangrik as mens in Afrika ingaan. [REDACTED], ons sien onself as 'n groothandelaar, ons sien onself as die 'wholesaler'. Ons kry al die goed, of ons bou die ding of ons voer dit in en dan maak ons van 'n kleinhandelaars netwerk of 'n 'retail' netwerk gebruik om ons produk na die eindverbruiker te versprei."

**Interviewer:** "Julle kry agente?"

**Company H1:** "Tot 'n mate, ons het dan nou agente en so is [REDACTED] een van ons agente. So ons sien onself as die groothandelaar. Ons kry die produk, dit word gebou in die Kaap of ons voer dit in van oorsee af in. Dis wat ek bedoel het, ons kan oorsee gaan en die beste produk oorsee gaan kies en ons kan dit inbring. Ons is nie gekoppel soos 'n New Holland, wat net New Holland produkte kan verkoop nie, of John Deere wat net John Deere produkte moet verkoop nie of Case. Ons is eintlik 'neutral'."

**Interviewer:** "Persentasie gewys, hoeveel present voer julle in teenoor wat julle self hier produseer?"

**Company H1:** "Ons maatskappy se beleid is ons wil graag in 60% invoer en 40% lokaal vervaardig. So ons begroting wil ons hê moet 60% : 40% wees. Tans is dit nie so nie en daar is verskeie redes daarvoor. Jou sterkte van jou rand bepaal hoeveel jy invoer en hoeveel jy lokaal vervaardig. Hoe sterker die

Rand raak, hoe makliker is dit om in te voer en lokaal te verkoop. Nou hoe swakker die Rand raak, hoe meer lonend is dit om lokaal te vervaardig, sou jy nie te veel buitelandse produk binne in jou spesifieke produk het nie. As die ding wat jy lokaal vervaardig se komponente alles ingevoer word, kry jy nie eintlik 'n voordeel nie, dan is dit eintlik 'n nadeel, want jou volumes is dan nie daar nie en jou arbeid is duur.”

**Interviewer:** “Dis seker dan ook weer 'n positiewe ding as die Rand weer verswak en julle kan lokaal vervaardig en uitvoer na Afrika?”

**Company H1:** “Dit is nou weer waar jou ander mark inkom.”

**Interviewer:** “Tensy daardie land se geld eenheid saam met Suid-Afrika s'n verswak, dan is dit seker ook 'n faktor.”

**Company H1:** “Dit is 'n faktor ja, hoe swakker ons Rand eintlik word, hoe meer ekonomies is dit eintlik om uit te voer in Afrika in. Nou, ons as [REDACTED], ons is al so van 2001-2002 wat ons in Afrika begin werk het, waar ek ook spesifiek betrokke geraak het. Voor die tyd was dit 'n baie los en vas ding gewees. So van toe af is ons in Afrika en ek dink binne [REDACTED] is daar baie ondervinding van Afrika besigheid.”

**Interviewer:** “Is jy die Direkteur oor Afrika, of wat is jou rol in die maatskappy?”

**Company H1:** “Ons doen ons meeste besigheid vanuit Johannesburg in Afrika, en dit is nou maar net so dat, ons is nog die heelyd betrokke, die meeste betrokke met die Afrika besigheid en dit is nogal interessant, ek weet nie nou of dit gaan deel uit van jou studies nie, maar ons het dit ook nogal gesien, dat dit help nie jy sit in Kaapstad of selfs in PE of in Durban en jy wil in Afrika besigheid doen nie. Jou toegang tot Afrika van uit Suid-Afrika, is uit Johannesburg uit.”

**Interviewer:** “Hoekom is dit?”

**Company H1:** “Dit is net... en [REDACTED] (Respondent 2) jy moet aanvul...”

**Company H2:** “Ja, kyk die punte wat mens hier moet noem is, die manier hoe ons tans besigheid doen... kyk, [REDACTED] (Respondent 1) is takbestuurder, ek is verkope bestuurder, dan is daar nog ‘n ou wat ‘n bemarker is. Elke area het bemarkers, dan het ons ook ‘n bemarker vir Afrika, dit is ‘n ou wat spesifiek kyk na Afrika, hy is direk daar elke dag. Hy is letterlik in ‘n maand, uit vir twee, drie weke iewers in Afrika en so een week in Suid-Afrika.”

**Interviewer:** “So, dit is makliker om van Johannesburg af daar uit te kom?”

**Company H2:** “Die lughawens is daar, want op die ou einde van die dag, as jy in Afrika in gaan, as jy gereeld 'travel', moet jy vlieg, om te ry is nie prakties nie.”

**Interviewer:** “Ja, dit gaan lank vat.”

**Company H2:** “En die ding van Afrika is, jy moet daar wees. As jy nie daar kom nie, jy kan nie alles bedryf van ‘n kantoor af nie, jy gaan net nie al die geleenthede by uitkom nie. Jy moet in die kliënte se gesigte wees, jy moet in Afrika se gesig wees. So dis ‘n belangrike ding om toegang te hê. En dan natuurlik vervoer van die toerusting, vervoer is ‘n groot ding, en al die vervoer maatskappye is maar in Johannesburg, so dis net makliker.”

**Interviewer:** “Maar julle fabriek sit nou in die Kaap, so sit julle dit op die trein tot in Johannesburg of...”

**Company H1:** “Nee, ons maak meestal van gewone pad vervoer gebruik, maar nou moet jy onthou Johannesburg vir [REDACTED] is soos ‘n... ek wil nie sê depot nie, ek wil meer sê ‘n bemerkings omgewing, maar ons is ook ‘n depot waar ons implemente stoor.”

**Interviewer:** “Hoekom sit julle fabriek in die Kaap, is dit maar waar julle begin het?”

**Company H1:** “Dit is maar histories en die aandeelhouers en die eienaars, almal bly in die Kaap en so aan. Dit is eintlik ‘n baie goeie vraag wat ons al... omdat ons maatskappy so oud is, het ons aangepas daarby. Maar ek sou ook die fabriek in Johannesburg wou gehad het, maar nou moet jy onthou, die ingevoerde produk wat ons nou van ons verskaffers van oorsee af kry, kry ons met 'containers' tot in Johannesburg. So daai ding kom tot in PE of Durban en dan tot in Johannesburg en daarvandaan word hy versprei. Al jou groter landbou maatskappye se depot’s is ook maar in Johannesburg.”

**Company H2:** “So, die fabriek is... dit sal ‘n verskil maak as hy in Johannesburg is, maar onthou nou ons praat van tussen 30 en 40% van ons omset kom uit ons fabriek uit, waarvan... kom ons sê 60% van daai 40% kom Johannesburg toe, die res word in die Kaap verkoop.”

**Interviewer:** “OK, in daai area?”

**Company H2:** “Ja, wat ook ‘n baie sterk area is. So dit is...vervoer kos ons miljoene Rande.”

**Interviewer:** “As julle... kom ons begin eers by, watse lande is julle nou betrokke?”

**Company H1:** “OK, as ons terug gaan na Afrika toe, is... ek gaan net weer die stelling herhaal, jy moet in Johannesburg gesetel wees of gevestig wees om in Afrika in te gaan, want dit is net goedkoper. Jy kan na Botswana, Zimbabwe en Mosambiek miskien ry, maar dit raak al ‘n uitdaging. Ons vlieg liewerster. As jy van Kaapstad af, moet jy eers Johannesburg toe vlieg, jy klim oor in Johannesburg, dan vlieg jy in Afrika in. Daar is nie van Kaapstad af, of van PE af na die plekke direkte vlugte nie. Die volgende ding wat [REDACTED] (Respondent 2) gesê het, is die transport. Of selfs Namibië, almal het vragmotors en almal het goed in Johannesburg, hulle laai makliker op. Selfs die Suide van Namibië wat ons uit Kaapstad



uit doen, die goed is net makliker van Johannesburg af. Die vraag is nou weer, help gou nou weer vir my?”

**Interviewer:** “Watse lande is julle nou orals betrokke?”

**Company H1:** “Watse lande is ons in en een van jou vrae op daai ding is: hoe identifiseer jy ‘n land, of hoe het ons ‘n land geïdentifiseer. Dit is tipies waar daar groot landbou aktiwiteite is en jy moet onthou, in Afrika is daar die kommersiële gedeelte, maar daar is ook dan die kleinskaal boere. Onthou hulle noem dit nie die opkomende boere nie, hulle is kleinskaal boere, die ‘small scale farmer’, Jy het seker in jou studies al agtergekom dat die ‘small scale farmer’ produseer meer produkte as die kommersiële boere. ‘n Land soos Zambië, 70% van Zambië se voedsel, se kos, se graan word deur die ‘small scale farmer’ geproduseer. Die kommersiële boere doen goed en ons doen met hulle besigheid maar ons doen met beide besigheid. Jy moet met beide besigheid doen anders gaan dit nie lewensvatbaar wees nie. So ons het altyd gekyk waar daar kommersiële boere was, soos Zimbabwe. Die aktiwiteite was baie sterk daar. Botswana en die lande wat ek nou noem, is ons betrokke. Botswana het jy daai groot boere daar bo in die Noorde wat sonneblom en goed doen. Ons is baie sterk in Zambië, ons is in Mosambiek. Nou gaan ons verder, die afgelope tyd gaan ons nou al Malawi toe, ons gaan Tanzanië toe. Ons is in Kenia so bietjie.”

**Interviewer:** “Angola?”

**Company H2:** “Namibië wel, maar Angola is baie moeilik.”

**Company H1:** “Angola is baie moeilik. Angola is tipies... daar is nog baie staatsbeheer en as jy nie ‘undercover’ wil gaan nie, of jy nie wil begin 'bribe' nie, dan kom jy net nie in nie. Ek sê dit pertinent, ons doen ‘above board’ besigheid. Ons word nie omgekoop of deur ‘n voorman, of ‘n stamhoof of ‘n minister iets belowe en dan doen ons besigheid nie. Ons doen gewone gesonde besigheid soos in Afrika, ‘above board’. Ons respekteer

elke land se invoerbeleide as jy dit so wil noem. Dis maar hoe dit werk. So die lande wat ons betrokke is, is almal wat ons nou genoem het: Botswana, Zimbabwe, Mosambiek, Kenia, Malawi, Tanzanië...”

**Interviewer:** “Julle is nie in die Kongo of die DRC nie?”

**Company H2:** “Ons het toerusting wat daar loop, ons direk doen nie baie besigheid daar nie. Daar is nou nogal ‘n paar Suid-Afrikaanse boere wat nou oorgegaan het soontoe en ons het nou ‘n paar transaksies via van ons handelaars.”

**Interviewer:** “Vanaf julle agente in Zambië?”

**Company H1:** “Nee, soos ‘n NWK of ‘n Afgri.”

**Interviewer:** “In watter lande het julle agente?”

**Company H1:** “Jou volgende vraag daar, of een van jou stellings is, hoe doen ons besigheid daar? Ondervinding het ons geleer, jy moet soos [REDACTED] (Respondent 2) ook gesê het, in hulle gesig wees. So jy moet ‘n struktuur in ‘n land hê. Afrika het slim geword, 10 jaar terug het jy jou ou stukkende trekker wat jy nie hier wou hê nie, het jy in Afrika ingestuur, gedink hy is oor die grens en hy’s weg en jy kan vergeet van hom. Daai dae is verby. Jou kliënt in Afrika is so gesofistikeerd, selfs meer gesofistikeerd as jou kliënt in Suid-Afrika. Ek het vroeër vanoggend in ‘n ander vergadering gesê: ek het al in die middel 2000’s hierdie... 2004-2005, waar die Zambiese boere meer rekenaar geletterd was as die Suid-Afrikaanse boere. Ek het al AMS trekkers gesien loop in Zambië. Ons moenie dink jou kliënt in Afrika is ‘n dom kliënt of ‘n oningeligte kliënt nie.”

**Interviewer:** “Is dit nou meer aan die kommersiële kant of met die ‘small scale farmer’ ook?”

**Company H1:** “Selfs die ‘small scale farmers’ ook. Want onthou, jou ‘small scale farmer’ is nie daar soos in Suid-Afrika ‘n opkomende boer wat nie weet wat hy wil hê nie. Daai ‘small scale farmer’ weet presies wat hy wil hê, want hy boer al 20, 30, 40 jaar. Hy doen dit al baie lank, daarom gaan jy nie vir hom ‘n gat in sy kop praat nie. So ons probeer altyd ‘n handelaars-netwerk weereens in daai lande vestig. Meeste van die lande het ons ‘n handelaar of struktuur wat ons produk kan ondersteun.”

**Company H2:** “Die groot ding is ook, die tipe bedryf waarin ons is, jy verkoop nie ‘n ding en waai vir hom ‘goodbye’ nie, jy moet hom ondersteun eintlik deur sy lewe. Sy moet hom ‘n waarborg gee en dan soos hy werk moet jy hom toelaat om te breek, dis ‘n masjien wat in die grond werk. So as jy nie jou produk kan ondersteun nie...”

**Interviewer:** “Doen julle dit dan deur die handelaar of het julle ‘n meganisasie afdeling ook daar of hoe maak julle met die ondersteuning?”

**Company H2:** “Ons verkies om dit deur die handelaar te doen en ons kyk ook selektief na die tipe handelaars wat ons aanstel. ‘n Handelaar moet aan sekere kriteria voldoen, soos hy moet werkswinkels hê, hy moet onderdele aanhou, ja ‘n paar goeters kan doen.”

**Company H1:** “Hy moet ‘n tegniese ondersteuningspan hê.”

**Company H2:** “As die masjien in die veld is, werk hy nog nie, om die masjien aan die gang te sit, vereis ook tegniese kennis en ondersteuning en om dit van Suid-Afrika af konstant te doen is nie winsgewend nie. So jy het iemand daar nodig, kom ons noem byvoorbeeld Afgri wat in Zambië is. Ons fokus is weer om hulle op te lei in verband met die onderdele, tegniese kennis en die verkoopspan op te lei sodat hulle volle vertroue in ons produk kan hê en kennis. Dit maak dit net makliker vir die vorentoe en dit gee die kliënt in Zambië vertroue in ons produk want hy weet daar is ‘n ondersteunings netwerk.”

**Company H1:** “Die lande wat ons nog nie... sê nou maar ‘n struktuur in het nie, soos in die DRC en die plekke, doen ons ook besigheid maar ons het nou nog nie vaste strukture daar nie. Nou het ons ook al [REDACTED] Johannesburg (Company H) ook nou al so ingerig dat ons elektronies met daai mense kan gesels en kan werk, en onderdele... ons onderdele afdeling het ons personeel wat ‘n oproep kan vat van die DRC af, van ‘n ou wat in die moeilikheid is en wat dan nou vir hom nou weer kan ondersteun met onderdele. So as jy in Afrika ingaan moet jy in jouself goed georganiseer wees en ek herhaal, Afrika is nie meer daai afskeep gedeelte waar jy jou swakker of slegte goed na toe stuur nie. Daai mense is ingelig, is rekenaargeletterd en wat ek met hulle sê deesdae is, ons stuur nie meer eers ‘n gedemonstreerde produk in Afrika in nie, ons stuur ons beste produk in Afrika in, want jy gaan net moeilikheid optel en jy gaan net jou naam gat maak.”

**Company H2:** “En, die ding is, dit gaan nie net daarvoor om nou ‘n transaksie te doen nie, jy wil more nog ‘n transaksie met dieselfde mense doen.”

**Interviewer:** “En as daar nou ‘n probleem is met daai implement, is dit baie moeiliker om daai ding daar te gaan regmaak of te vervang as wat dit is as dit in Suid-Afrika is.”

**Company H1:** “Dit is waar ek nou terugkom. Ons het ‘n ondersteuningsbasis. Ek het nou vir jou genoem van onderdele en ons is al ingerig dat ons onderdele oproepe kan hanteer, maar ek het ook ‘n tegniese span, waar ek nou ‘n tegniese ou op ‘n vliegtuig kan sit en hy kan gaan. Ons doen dit gereeld, en ons bou daai koste... bou jy in jou produk se prys in. En snaaks genoeg, jou Afrika kliënt of jou Afrika handelaar aanvaar dit as jy dit doen as jy die rugsteun kan gee, die ‘support’, hy sal liewerster duurder betaal as hy weet hy kry die rugsteun en hy kry die ‘support’. So ons bou dit in die prys in en ons is nie skaam daarvoor nie en ons sê dit vir die ou, maar as daar ‘n ou is soos in Malawi: hulle het op ‘n slag ses planters by ons gekoop toe kom daar ‘n fout, toe kon ons ‘n tegniese ou, nie ‘n verkoopsman nie, ‘n tegniese ou op ‘n vliegtuig sit, hy vlieg Malawi toe,

hy gaan doen die ding en hy kom terug. So jy moet gestruktureerd wees om dan nou in Afrika te werk.”

**Interviewer:** “As ons nou praat oor die lande, as mens aan die uitvoer kant kyk, is mens seker meer geneig om geleenthede te volg as daar ‘n vraag na jou produkte is. Dan het mens seker nie baie kriteria nie. Of is daar kriteria wat julle stel, in hierdie tipe land wil ons nie betrokke raak nie.”

**Company H2:** “Daar is altyd [inaudible], dit is een van die eerste lesse wat mens in handel leer. Mens moet kyk na: is daar oorloë en sulke goeters. Natuurlik ‘n groot uitdaging is maar die politiek van die land. Waar ons groot uitdaging het maar waar daar verseker geleenthede is, is ‘n land soos Zimbabwe. Daar is ontsaglik baie geleenthede daar, uitstekende landbou. Hulle het deur fases . As gevolg van hulle politiek is daar nie geld in die land nie, so dit maak dit ontsaglik moeilik. Daar moet mens weereens kyk na jou struktuur wat jy binne die land het. Daar is baie uitdagings, maar dit beweeg ook maar op en af. So ‘n paar jaar sal dit dalk slegter gaan en dan ‘n paar jaar beter. [REDACTED] (Respondent 1) het nou al baie gewerk saam met die ouens al vir jare. Gaan dit sleg in die land en dan het hy baie vertrou in daai handelaarskap wat daar is en dan kom dit maar weer op.”

**Interviewer:** “En sê nou soos Mosambiek wat Portugees is, of is die meeste van die kommersiële boere Suid-Afrikaners. Wat vind julle daarso?”

**Company H1:** “Moenie ‘n fout maak nie, taal speel nogal ‘n rol, Afrika is nie altyd Engels nie. Almal dink altyd, as jy Engels is, is jy reg. Soos jy weet, Mosambiek is Portugees, Angola is Portugees. Hierdie Wes-Afrika lande is almal maar eintlik Portugees. So taal is nogal ‘n probleem partykeer, maar taal skrik ons nie af nie.”

**Company H2:** “Ons is eintlik baie gelukkig, ons bemarker wat ons vir Afrika het kom van Zimbabwe af, so hy het groot geword in Portugees, so hy kan Portugees praat en dit help verseker. Maar ek dink dit kom maar by

ervaring en as jy op die ou einde van die dag dieselfde taal kan praat in terme van wat in jou kliënt se omgewing aangaan, dan wen jy 'n klomp goed. So as jy weet, hoor hierso, dit is wat nou tans in die ekonomie aangaan, sê nou maar in Zambië of in Zimbabwe en jy begin klaar om met jou kliënt daar rondom praat en jy verstaan wat is sy uitdagings, dan wen jy 'n klomp veld daarso.”

**Company H1:** “Ons het al 'n duur les geleer, en spesifiek met Angola. Wat ons gedoen het, binne in die maatskappy het ons gesê, OK, kom ons stel 'n Angolees aan wat... om die verteenwoordiger te wees in Angola en ons het gedink dit gaan vir ons die deur oopmaak. Maar dit was nie die geval nie, watsé fout het ons gemaak? Eerstens, die Angolees bly al vir so 10 of 12 jaar in Suid-Afrika. Met ander woorde, hy het die leefstyl en hy het die veranderings gemis wat in Angola verander het. Die Angolees wat ons toe aangestel het, praat Portugees maar hy het nie 'n landbou agtergrond nie, hy het nie landbou ondervinding nie, dit help nie. So ons kan liewerster soos wat ons nou het, jy kan liewerster kyk na 'n ingeligte ou wat kennis het en kleur maak natuurlik in Afrika nie saak nie. Net solank jy weet waarvan jy praat en ek gaan 'stress' dit weer: Afrika is nie meer dom nie, dit gaan help nie jy gaan praat 'n klomp nonsens daar nie. So dit is nogal een ding, die ander ding is as ons kyk na hoe hanteer ons besigheid in Afrika, of dan nou deur 'n handelaar wat finansiële sterk genoeg is. Want dit speel 'n groot rol: finansies, en hoe hanteer jy Afrika. My beleid is streng, of ons moet 'n goedgekeurde handelaar hê wat finansiële sterk is, wat ons kan betaal. Alternatiewelik word alle produkte eers betaal voordat dit in Afrika ingaan. Geld in die bank, dan kan hy gaan. Maar nou kom ons weer terug na wat ek vroeër gesê het. Almal het nie altyd die vertroue om jou te betaal voor jy die produk gestuur het nie en daai vertrouensverhouding moet jy met jou kliënt daar anderkant hê en dit het [REDACTED] [REDACTED] (Company H) tans. Ons het mense wat miljoene Rande in ons rekening inbetaal, ons stuur die produkte eers oor 'n maand of 'n maand en 'n half. Maar dit is die vertroue wat jy moet skeep in Afrika. As jy nie daai vertroue het nie, gaan jy nie regkom

nie. So in Afrika is dit of kontant of jy het 'n kredietwaardige handelaar wat jy weet jou gaan betaal.”

**Interviewer:** “Dit antwoord amper een van die vrae daar oor die kritiese sukses faktore. Wat is nog krities om na te kyk as mens sê nou maar in julle geval uitvoer na ‘n land?”

**Company H1:** “Kritiese sukses vir uitvoere na Afrika toe is, jy moet die regte produk vir die regte aanwending stuur. En daarvoor moet jy kennis hê van die land se omstandighede. Vat nou ‘n skeurploeg. ‘n Skeurploeg in Koster is nie miskien dieselfde skeurploeg wat jy nodig het in Kushe in Zambië nie. Jy moet kennis hê van wat daar aangaan. En dan moet jy die regte produk hê en jy moet ‘n kwaliteitprodukt hê. Kwaliteit speel ‘n groot rol.”

**Company H2:** “En dan moet die ouens bewus wees van jou, dit help nie jy het die goed maar hulle weet nie van jou nie. So jy moet goed hê soos ‘n ordentlike 'website' waar die ouens kan sien. Jy moet skoue bywoon.”

**Interviewer:** “Gaan woon julle skoue by in die Afrika lande?”

**Company H2:** “Ja, dit is baie belangrik. Hoe meer jy daar is en hoe meer jy in daai ouens se gesig is, hoe meer is jy bewus wat aangaan.”

**Interviewer:** “Praat julle soos met die regering in daai land, vind julle dit nodig om met hulle te praat?”

**Company H1:** “Snaaks genoeg Johan, by min lande of eintlik by geen lande praat ons met die regerings nie. Ons raak wel betrokke by projekte. Kom ons vat ‘n voorbeeld, ons is nou in Zambië... is ons betrokke by sekere projekte wat NWK ondersteun hiervandaan. Ons raak betrokke maar NWK gaan praat met die stamhoof of gebiedskaptein of wat ook al, maar ons, of ek, wil nie by politiek betrokke raak nie, ek wil nie by regerings betrokke raak nie en ons is ook nie.”

**Interviewer:** “Ek dink, baie mense sê hulle praat met die regerings maar ek dink dit is meer gevalle waar hulle geld in die land gaan belê en dan wil hulle weet, as hulle gaan geld daar belê, watter voordele kry hulle? Gaan hulle beskerm word? As mens praat van ‘Foreign Direct Investment’, julle het nie infrastruktuur nie so julle maak nie eintlik ‘n belegging in daai land nie.”

**Company H2:** “Ek dink nie dis ons bedryf daai nie.”

**Company H1:** “Geboue, eiendom, nee, en dit was nog altyd my beleid gewees. Ons infesteer baie in die vorm van persone om daar te wees, skoue, boeredae, sulke goed. Maar om self ‘n struktuur daar op te bou is baie moeilik en baie duur. Dan gaan ek liewerster soos in Zimbabwe, het jy twee of drie groot landbou maatskappye. Dan gaan jy liewerster na hulle toe en gebruik hulle as ‘n retail’, want hulle het klaar die struktuur, hulle is klaar daar. Ek kan net vir jou sê, soos ek sê die afgelope elf of twaalf jaar wat ons in Afrika betrokke is: Julle slim ouens ken die 80/20 beginsel en Afrika is nou die afgelope twee jaar as ek hom vat as ‘n afsetpunt, dan is Afrika deel van ons 20% afsetpunte wat 80% van ons besigheid doen. So dit is die tipe groei wat ons in Afrika het.”

**Interviewer:** “Het julle, as ons praat oor uitdagings, watter uitdagings ervaar julle?”

**Company H1:** “‘Right’, dit kan ek vir jou baie duidelik sê: uitdagings in Afrika as jy nou daar kom, maar dit is nou vervoer, ‘transport’. Dit is maklik om in ‘n vliegtuig te klim en te vlieg tot in Angola of waar ookal, maar om daar transport te kry en rond te beweeg is baie moeilik. Verblyf in Afrika is ongelooflik duur. ‘n Groot uitdaging van Afrika is, ongeag van wat ek nou net gesê het... die mense is gevorderd en ingelig... Afrika het maar Afrika tyd. Jy moet geduldig wees. Die grootste probleme wat ons normaalweg ondervind is binne in die Afrika land, sy eie infrastruktuur, paaie, lughawens, spoorlyne en sulke goed aanbetref. Het ek iets uit gelos?”



**Company H2:** “Ja, ek dink die vervoer is definitief ‘n groot probleem, waar ons baie keer... kom ons sê produkte direk in ‘n ‘container’ gaan van die oorsese verskaffer direk na die land toe kry. Dis nou maklik, jy kan ‘n ‘container’ tot daar kry, maar nou moet die ‘container’ weer terugkom, sulke goeters.”

**Interviewer:** “Is daar gevalle wat julle sê nou maar direk na een van die hawens daar toe uitvoer, kom ons sê Walvisbaai of so?”

**Company H2:** “Daar is gevalle waar dit makliker is. Kenia gaan ons Durban toe en dan skip ons dit op...”

**Company H1:** “Beira (Mosambiek) toe...”

**Company H2:** “Daar is selfs... daar is ‘n paar lande wat dit makliker so werk. ‘n Land wat ons deesdae ook redelik mee besigheid doen is Ghana.”

**Company H1:** “Ja, ons het Ghana vergeet...”

**Company H2:** “In ‘n ‘container’ en hy gaan op met ‘n boot tot bo in Ghana en hulle laai hom daar af.”

**Interviewer:** “Is dit van die goed wat julle in Kaapstad produseer en die ingevoerde goed.”

**Company H2:** “Ag, maar iets van alles.”

**Company H1:** “Iets anders wat ek vir jou moet noem, maar jy het dit ook seker agtergekom al, daar's ‘n behoefte, daar is ‘n behoefte in Afrika om met Suid-Afrika besigheid te doen. En ek het al met Ethiopië gesien. Ons was nou nog nie baie suksesvol in Ethiopië nie, van ons goed loop ook al daar. Daar is... en jy weet miskien meer daarvan as jy nou swot in daai rigting, Afrika lande het eintlik so half ‘n onderneming gemaak om

landbou gewys vir homself basies te sorg. As hulle wil aankope doen, as hulle implemente en trekkers wil koop sal hulle dit liewers deur Suid-Afrika doen as wat hulle dit van ander lande af doen. Om 'n voorbeeld te gebruik is tipies Ethiopië wat mos daai groot suiker projekte het. Nou, hulle het Claas produkte gebruik en toe kom hulle agter maar Bell in Suid-Afrika vervaardig hulle eie trekkers. Hulle het hulle hele reeks implemente omgeswaai na Bell toe omdat dit 'n plaaslike Afrika produk is, nie Suid-Afrika produk nie, 'n Afrika produk. Ek weet nie of jy dit al agtergekom het nie en daar is 'n groot dryf dat die ouens... dis hoekom nou, ons doen met lande in Afrika besigheid wat ons eintlik sê: 'Hoor hierso, Europa is nader', maar Afrika het 'n vertrouwe in Suid-Afrika gekry om besigheid te doen. Afrika ondersteun Suid-Afrika, want hulle wil die besigheid binne Afrika hou. Dis 'n gevoel wat daar is, en dit is nie net in Ethiopië wat ek dit gekry het nie, jy kan dit in Kenia gaan kry, jy kan dit in al daai Ooskus lande... wil met Suid-Afrika besigheid doen. So daar is eintlik 'n behoefte vir Afrika, om deur Suid-Afrika gediens te word."

**Interviewer:** "OK, die laaste vraag, ek dink ons het ook al daaraan geraak. Was daar al foute wat julle gemaak het, wat as julle anders sou doen as julle dit oor kon doen?"

**Company H1:** "Kom ek sê vir jou, ons het op 'n stadium... en ek moet net vir jou bietjie agtergrond gee om die ding te verduidelik. In Suid-Afrika, van die groot handelaar na die klein handelaar toe het ons 'n baie eksklusiewe verhouding, van ons of na NWK toe of van ons af na SENWES toe. En ons het in 'n gebied net een handelaar en daai strategie het ons in Afrika ook gebruik, dat ons wil in Zimbabwe net een handelaar hê. Maar dis verkeerd, want... omdat, die mense is ingelig en alles, maar die mense kan nie so maklik rondbeweeg nie. So in sekere areas kry jy 'n liefde vir, kom ons sê nou maar Massey Ferguson trekkers en 'n ander area kry jy 'n liefde vir John Deere trekkers. Nou as jy net vir jou by John Deere handelaars skaar, dan mis jy 'n groot deel van die land, as jy hoor wat ek vir jou sê. So, ons het nou die afgelope twee, drie jaar het ons daai

strategie verander dat ons is nie baie eksklusief nie, jy het wel 'n handelaar, jy het wel iemand maar jy het een of twee of drie verspreidings punte binne in 'n land. Dis nogal 'n les wat ons geleer het, en jy weet self, in Suid-Afrika is NWK en SENWES is altyd kwaad vir mekaar as hulle in mekaar se gebiede ingaan en te kere gaan. Maar ons kry dit nie in Afrika nie, Afrika se ouens is gemaklik daarmee. So jy moenie baie eksklusief in Afrika wees nie. Foute wat ons gemaak het, is om implemente of produkte op te stuur wat nie aan die behoefte voldoen daar bo nie. As die produk daar is, dan's dit verby, jy kry hom nie weer terug nie, want dit is iets wat ons ook nog nie gesê het nie. Dit is baie moeilik om as jy 'n fout gemaak het in Afrika, daai fout terug te bring. As ek 'n fout maak in Lichtenburg, dan vat ek die implement van Lichtenburg af en ek skuif hom Sannieshof toe of dan skuif ons die produk Koster toe. As jy 'n fout maak in Afrika, dan is die ding daar. So dis al lesse wat ons geleer het. Ander lesse, en ek gaan dit weer sê: Afrika is duur. Moenie dink dis goedkoop nie, moenie te veel afslag gee nie, moenie jou produk te goedkoop soontoe stuur nie, want as jy die 'transport' moet gee dan kos dit duur. Treine, vliegtuie, vliegtuig kaartjies, karre huur om daar rond te beweeg.”

**Interviewer:** “Maak julle gebruik van treine om goed op te stuur of is dit nie eintlik op standaard nie?”

**Company H2:** “Nee, nie rêrig nie.”

**Company H1:** “Infrastruktuur is 'n groot probleem in Afrika, 'n groot probleem. Watter foute het ons nog gemaak? Wat ek wel kan sê, Afrika is nie 'n 'quick fix' nie, moenie dink jy gaan gou 'n paar 'bucks' in Afrika maak nie en kom terug nie. Daar het al te veel ouens hulle vingers gebrand. En wat jy nie wil hoor nie is 'n ander ding en ek sal dit op enige verhoog sê: Volgens my, oorskat die mense Afrika, hulle oorskat die potensiaal in Afrika, hulle dink daar is baie meer geld en potensiaal in Afrika. Dit is nie so baie nie, dit kan ek kategoriees vir enige iemand sê. Almal dink

Afrika is hierdie helse klomp geld wat net wag om gevat te word, dis nie so nie.”

**Interviewer:** “Die probleem is, hoe ek dit sien, die potensiaal is daar om ontwikkel te word maar die lande is baie arm en die mense is baie arm. Maar oor 20 jaar of 50 jaar... die wêreld het nog steeds daai landbou grond nodig as dit een of ander tyd ontwikkel gaan word, gaan daar dalk baie meer potensiaal wees, maar daai lande se ekonomieë moet eers nog baie groei en gesonder word.”

**Company H2:** “Daar is ‘n klomp insette, ek vat nou ‘n land soos Botswana. Nou, ons doen baie besigheid bo in Panamentega. Daar is groot blokke wat die ouens ontbos het. Nou om so storie te ontbos, dit kos nie R10 nie, dit is miljoene Rande, net om eers aan die gang te kom en dan begin die hele proses eers. Dit is ontsaglike uitdagings, orals in Afrika gaan dit maar so. Daai ouens wat in die Kongo was, die ouens het eers begin ontbos. Daar is ouens wat op ‘n sekere stadium daar in die Kongo was wat gaan ontbos het en toe het dit ook nie so goed gegaan nie. So daar is van daai goed wat plat geval het.”

**Company H1:** “Die gesegte is, Afrika kan die kosmandjie van die wêreld word, maar daar is baie geld nodig soos wat julle sê, daar is baie politieke wil nodig, want ek dink nie al die lande se politieke wil is daar nie en as die politieke wil daar is, die ekonomieë van daai spesifieke lande hou die ontwikkeling van daai lande agter. Wat gebeur in Zimbabwe? Daar is geweldige potensiaal in Zimbabwe maar die regering het nie geld nie, hulle het nie valuta om produkte te koop nie, dis hoekom, ons verkoop baie produkte in Zimbabwe maar die boer kry sy geld op ‘n ander manier daar uit en dan kan hy ons betaal. Die regering of die staat het nie genoeg valuta om vir die ouens te gee om produkte te kry nie.”

**Company H2:** “Ek dink ‘n groot ding wat almal nie altyd besef nie, Afrika vat tyd. In Afrika kan jy nie net instap en verwag jy gaan besigheid doen nie, dit vat jare. Ons het so paar jaar terug het ons een bemarkings direkteur gevra,

waar sien ek nog groei? Toe sê ek in Afrika, toe sê hy: ‘ja, maar hulle syfers lyk so sleg’. Ja, dit is ’n paar jaar terug, maar hier is soveel werk en energie wat hier ingegaan het en nou begin dit eers terugkom na ons toe. Hier is nou ’n klomp projekte, hier in Angola was hier ’n rukkie terug ’n paar ouens wat bymekaar gekom het met hierdie projekte wat hulle wil begin. Op die ou einde van die dag val dit maar net plat, almal dink hulle sien hier potensiaal vir geld, dan kom hulle agter, die geld kom nie dadelik in nie. Dit kom eers later in en dan val dit plat.”

**Company H1:** “Ek kan ook vir jou sê, maar dis nou maar die gevoel wat ek het, is dat, 10, 11 jaar terug het die Westerse lande of Europa, het geld gegee vir ’n projek in Afrika, dan koop en gaan die ouens te kere en dan kom hulle projek nie af nie. Hulle doen dit nou anderster. Europa of die Westerse lande gee die produk, hulle gee die trekkers, hulle gee die insette en dis hoekom jy sal sien, in Mosambiek is daar nou groot goeters aan die gang. Maar dit is ’n landbou maatskappy uit die UK uit wat die grond kry. Hy stuur sy eie produkte in en implemente en goed en hulle ontwikkel die area, hulle oes dit en hulle vat daai produk uit weer terug soontoe. Dit is ’n groot swaai in die mark, dit is nie net dat ouens geld gee nie, want hulle het gesien die projekte kom nie af nie. Soos [REDACTED] (Respondent 1) nou net gesê het, ouens het hierdie helse verwagting. Ek sê weer, daar is nie so baie potensiaal in Afrika soos almal dit maak nie. Raak betrokke en jy sal sien, maar dat daar wel potensiaal is en dat dit nou die regte tyd is om betrokke te raak...”

**Interviewer:** “As mens kyk oor tyd, lyk dit of dinge in die regte rigting beweeg?”

**Company H2:** “Die afgelope 11 jaar het ons ontwikkel, maar dit kos werk. Jy moenie dink jy gaan ‘n paar ‘bucks’ kan vinnig maak nie, jy moet dinge reg doen.”

**Company H1:** “Ons het oor die afgelope tyd van ‘n miljoen Rand wat ons in Afrika gedoen het, het ons nou begroot vir R22 miljoen om vir jou net ‘n idee te gee. Nou, die afgelope jaar en ‘n half, twee jaar, is Afrika nou soos ek

jou nou gesê het deel van die 20% afset punte wat 80% van die wins maak. So daar is groei en daar is potensiaal maar ek dink party mense se verwagtinge is te hoog.”

## Company I

**Interviewer:** “OK, kom ons begin eers deur ‘n oorsig oor julle maatskappy te kry. Hoe het julle ontstaan, julle geskiedenis en dan kan jy my dalk net vertel in watter lande is julle betrokke.”

**Company I:** “OK, ons het basies in 2004... om trekkers in Suid-Afrika in te voer, meganisasie gedrewe. Ons het toe so in 2009, het ons toe begin om ook implemente by te sit. Dit is basies maar invoer, gefokus op, kan maar sê, bekostigbare landbou toerusting, nie... ja kommersieel, maar nie 'high spec' as ek dit so kan sê, tipe van meganisasie nie.”

**Interviewer:** “Om dit uit te voer in Afrika?”

**Company I:** “In Suid-Afrika en ook in SADC, jy weet omdat jou opkomende boere maar basies gefokus is op lae koste trekkers, eerder as om hoë tegnologie tipe te gebruik as wat ons plaaslik in Suid-Afrika gebruik. So ons het toe klomp toerusting ingebring in Suid-Afrika in en in 2010 het ons toe [REDACTED], die ou [REDACTED] bekom, wat gefokus is op die vervaardiging van landbou toerusting. So nou sit jy met ‘n dinamika waarby jy lae-koste trekkers het, jy het lae koste ingevoerde produk maar dan het jy ook kwaliteit Suid-Afrikaans vervaardigde produk op die plaaslike mark. Die voordeel wat ons gehad het, ons het ‘n reeks, van jou beginboer tot ‘n kommersiële boer kan jy dan diens uit die vervaardigings prosesse uit. Een van ons uitsettings wat ons toe wel gesien het, was in Suid-Afrika is daar groot dryf gewees vir opkomende boere maar ook in die lande omliggend van Suid-Afrika, want die ouens het maar ‘n baie primitiewe bewerkings aksie gehad. So ons het...”

**Interviewer:** “So, julle het... doen nou die implemente en dan doen julle die kunsmis ook, dis alles nou vertakkings, wat doen julle dan nog alles?”

**Company I:** “Ek gaan nou vir jou presies verduidelik, dit is baie interessant. So toe het ons begin in Botswana, Namibië en Zimbabwe het ons begin om toerusting te verskaf. Ons grootste kliënt was Zimbabwe gewees toe hulle ‘n heropbou program gehardloop het, het ons so 1600 trekkers gelewer aan hulle.”

**Interviewer:** “Wanneer was dit?”

**Company I:** “2006, 2007, 2008, 2009 het ons toe vir hulle die trekkers gelewer maar toe het die fokus begin raak om ook die implemente te maak en te lewer. Ons het toe self met handelaars uitgebrei in Namibië, Botswana en in Zimbabwe, maar ons het toe besluit om direk self in Botswana betrokke te raak as ‘n direkte uitvloeisel van ons. Ons het toe nodig gehad om ‘n ‘local partner’ te kry en ons het toe ‘n baie goeie ou geïdentifiseer wat goeie kennis gehad het van meganisasie. Ons het toe ‘n besigheid daar opgesit wat nogal baie goed gegroei het, veral die meganisasie, want dit is ‘n... wat lekker van Botswana is teenoor wat in Suid-Afrika is, is baie gesubsidieerde landbou. Daar is baie motivering van landbou, almal is daar beesboere, so... as jy bewus is daarvan, maar daar is ‘n groot dryf om te begin meganiseer en na saaiboerdery toe te beweeg. Veral meer na die Noorde toe van die land. Ons het toe... ons is toe in Angola, ons het baie navrae gekry van meganisasie projekte in Angola, Zambië en die DRC. Ons eerste besoeke was baie in Angola gewees, waar ons toe nie rêrig aan die gang kon kom nie, maar dit was basies oor politieke omstandighede. Dit is nog, Angola is ongelukkig baie moeilik. Orals waar ons gekom het in Afrika was daar ‘n konstante vraag, nie net na meganisasie nie maar ook na insette. Ons het die inset verskaffers plaaslik probeer kontak om vir hulle te sê ons het verbintnisse, ons kan distribusie vir hulle vergemaklik, jy weet, ons het die netwerke. Maar hulle het nie belang gestel nie, hulle het hulle eie ontwikkelde netwerke daar bo en ons moet deur die ding werk. Dis toe genoodsaak om eventueel te sê kom ons kyk self daarna. Dit is toe waar ons begin het met kunsmis, ons het gekyk na kunsmis wat ons kan verbou en uitstuur



na hulle toe. Ons het toe die [REDACTED] 'brand' weer 'ge-revive' vir die Suid-Afrikaanse gebruik maar ook Afrika.”

**Interviewer:** “Maar [REDACTED] (Company I) is mos nou al ‘n baie ou maatskappy. Het dit oorspronklik ook as ‘n tipe van ‘n koöperasie ontstaan deur boere wat dit besit het en toe word dit lateraan ‘n maatskappy?”

**Company I:** “Nee, [REDACTED] (Company I) het in iets in die 80’s, 82, 83 iewers daar is hy deur [REDACTED] oorgeneem wat hulle die naam verander het na [REDACTED] toe met die [inaudible] se bydrae, en die maatskappy was effektief gelikwideer.”

**Interviewer:** “O, OK”

**Company I:** “Ons het net ‘n nuwe maatskappy registrasie gedoen en ons het die handelsmerk bekom. So hierdie is ‘n heel nuwe maatskappy wat ons eintlik gevestig het. Die beginpunt het begin by die... ons het die perseel bekom, toe het ons nou gesê nou het ons ‘n perseel maar ons wil graag kunsmis begin doen so wat gaan ons dit noem en toe besef, jy kan nie iets doen as jy nie ‘n sterk handelsmerk het nie.”

**Interviewer:** “So die handelsmerk was [REDACTED], maar hy was nie van die begin af [REDACTED] nie, toe die fabriek oorspronklik gebou was nie?”

**Company I:** “Nee, heel aan die begin was hy [REDACTED], die [REDACTED], en toe het [REDACTED] hom bekom en hy het hom verander na [REDACTED]”

**Interviewer:** “Maar, julle maatskappy wat die trekkers doen, was dit [REDACTED] op daai stadium?”

**Company I:** “Glad nie, dit was [REDACTED] (Mechanisation Affiliate). So, as jy gaan kyk na ons profiel sal jy sien dat ons ‘n redelike uitgebreide struktuur het. Sien daar is die pilare waarop ons besigheidstrukture op uitgebou is, so jy kan sien, dit is redelik gegroepeer volgens wat ons

doen. So jy het jou meganisasie been wat onder die [REDACTED] Equipment (Mechanisation Affiliate) val, wat dan sy handelsnetwerke het, waar onder dan [REDACTED] Manufacturing (Manufacturing Affiliate) is wat 'n vervaardiging maatskappy in Bothaville is. Dan het ons [REDACTED] Investments (Investment Affiliate). [REDACTED] Investments (Distribution Affiliate) is die maatskappy in Botswana, wat kyk na die distribusie in Botswana. Ons verspreiding vind konstant deur handelsnetwerke plaas.”

**Interviewer:** “So julle het eintlik aan die meganisasie kant het julle in die meeste Afrika lande dan agente?”

**Company I:** “Korrek.”

**Interviewer:** “Maar julle het genoem dat julle dan ook direk gaan.”

**Company I:** “In sekere geïdentifiseerde areas, sal ons direk gaan...”

**Interviewer:** “Maar is dit dan direk soos dat julle die handelaars daar besit.”

**Company I:** “Korrek...”

**Interviewer:** “Of direk dat julle direk na die kliënt toe gaan?”

**Company I:** “Nee, ons gaan deur die handelaars. So ons sal 'n handelaarskap soos [REDACTED] het ons handelaar gaan opstel waarvan die 'local' ou 30% het en ons sal dan... die 70% is ons sin.”

**Interviewer:** “So in die meeste van die lande het julle maar ‘joined-ventures’ waar julle ‘n 'local' ou kry en julle koop in by hom?”

**Company I:** “Korrek. Wel, ons stig 'n nuwe maatskappy gesamentlik. Waarby hy sy netwerke bring en ons gee die insette ensovoorts om hom aan die gang te kry.”

**Interviewer:** “Een van die vrae is: Hoe identifiseer jy daai aandeelhouer, wat is jou kriteria wat jy half stel?”

**Company I:** “Dit hang af na watter besigheid ons gaan kyk. As ek gaan kyk na meganisasie sal ek gaan kyk wie is die beste verkoopsman in daai area en ek sal hom nader. Want al die ander goed kan ek reeds vir hom gee. Jy weet, jou infrastruktuur, jou voorraad, jou finansiële dienste, administratiewe dienste, ‘back office’, al daai ‘services’ kan ek vir hom gee uit die aard van die basis wat reeds gebou is. So wat het ek nodig? Ek het verkope nodig. So wat ek sal doen is ek sal in die area gaan identifiseer wie is die beste verkoopsman. Wie verkoop die meeste trekkers. Ons sal hom bietjie bekyk en dan sal ons hom nadertrek en sê: ‘maar kom nader’. Ek het ‘n goeie voorbeeld. Ons het in Douglas, het ons ‘n tak gaan oopmaak. En ek het gaan uitvind wie is die beste agent in Douglas. Ons het hom aangestel en ons het in April maand begin en ons het R162 000 000 se omset gehad in een jaar, die eerste jaar.”

**Interviewer:** “Jo.”

**Company I:** “Hoekom? Want ek het die beste agent, ek het die beste verkoopsman. ‘Sales’ is als wat jou besigheid dryf. Jy weet daar is geen ander beginsel wat in jou besigheid... al die ander beginsels gebeur na dit. Verstaan jy?”

**Interviewer:** “Ja.”

**Company I:** “Jy kan goeie bemarking hê, jy kan goeie administrasie hê, jy kan voorraad hê, jy kan geld hê, jy kan als hê; maar weet jy wat, as jy nie verkope het nie, het jy nie ‘n besigheid nie. So die ding is, gaan kry vir jou die beste verkoopsman. As jy die beste verkoopsman het... ons het altyd ‘n... ons spot altyd ek sal môre graag ‘n apteek begin. Ek het net ‘n moerse goeie apteker nodig dan kan ek ‘n apteek begin; en dit is al wat jy nodig het. So jy het ‘n goeie ‘jockey’ nodig. As jy hom het, dan het jy ‘n goeie vennootskap. Is dit sinvol en dit is baie keer ‘n ding waarvan

ons nie seker is nie, is dit sinvol om eienaarskap te gee aan die individu?”

**Interviewer:** “Ja, so gee daai ou ‘n sekere hoeveelheid van die geld of sê julle jy kry 30% besit dan moet jy 30% van die geld gee of hoe werk julle met dit?”

**Company I:** “Kyk dit is ‘n baie interessante vraag, want niemand kry niks in die lewe verniet nie. Maar jy kry ook nie iets as jy dit nie gaan verdien nie. So dis een van die sterk argumente wat tussen ons, jy kan maar sê tussen die vennote rondhardloop. Moet jy elke keer indien jy uitbrei die nuwe gedeelte... is eienaarskap belangrik of is geld belangrik? Jy weet, kan jy die ou nie net beter vergoed nie of kan hy nie net deel in winste eerder as om ekwiteit te kry nie, in die besigheid. Tot en met die hede het ons almal nog ekwiteit gegee. Dit raak uitdagend omdat jy dan ‘n verskeidenheid... in jou model begin dit moeilik raak want dan het jy nou ‘n verskeidenheid vennote in elke besigheid. Maar die ander ding is ook waar. Dit is as jy die top ouens in die mark wil trek moet daar regtig iets wees wat sinvol is.”

**Interviewer:** “ ‘n ‘Incentive’.”

**Company I:** “Ja. Wat is dit? Is geld dit? Want baie keer soos spesifiek die Douglas geval, het die ou eintlik minder verdien as wat hy normaalweg verdien het, maar hy het besef dat hy eintlik nou aan iets bou wat langtermyn vir hom baie meer sinvol is.”

**Interviewer:** “Ja. En nou soos byvoorbeeld in die Afrika lande, party van hulle het seker wette wat sê dat ‘n ou moet...”

**Company I:** “Jy moet. Soos in Zimbabwe het jy ‘n moet. En dan wat ons basies daar sal doen is ons sal op ‘n leningsooreenkoms ingaan. So ons sal nie die besigheid kapitaliseer met ekwiteit nie. Ons sal alles ingaan met ‘n lenings rekening.”

**Interviewer:** “Hy kry dan sy 50% of 51% maar...”

**Company I:** “Hy het 51% van die skuld ook.”

**Interviewer:** “Ja. So hy verdien dit oor tyd.”

**Company I:** “Korrek. Dan moet hy die leningsrekening terugbetaal. So dan word daar ‘n baie sterk leningsooreenkoms geteken vir die geld en die bates wat ons daar plaas en hy is dan verantwoordelik om dit dan terug te werk, terug te betaal effektief. So wanneer hy terugbetaal het en die bates is daar gevestig beteken dit ons het 100% van ons geld teruggekry maar ons het eintlik 50% daarvan self betaal ook want ons was eintlik die eienaars van die maatskappy.”

**Interviewer:** “Ja.”

**Company I:** “So dit is die beginsel waarop dit werk. So als skeep ons in terme van ‘n leningsrekening en hy het ‘n geleentheid om dan... wat hy nooit normaalweg sal hê nie.”

**Interviewer:** “Ja.”

**Company I:** “Jy weet as jy nou eendag... ek weet nie wat weet jy van ‘private equity’ ouens nie?”

**Interviewer:** “Nee.”

**Company I:** “Maatskappye wat besighede koop.”

**Interviewer:** “Ja, ‘aquisitions’.”

**Company I:** “Ja. Daai ouens is ouens wat jou besigheid kom koop en dan stel hy jou in staat om te groei, maar net-net genoeg. Sodra jy daai volgende stappie begin groei, het jy meer geld nodig en wat hulle konstant doen is hulle

sit elke dag meer en meer geld in jou besigheid en al wat gebeur is jou ekwiteit water net af. Totdat jy op 'n basis is wat jy vyf of ses persent in die maatskappy besit en besef, weet jy wat, ek werk eintlik en ek maak ander ouens ryk.”

**Interviewer:** “Ja.”

**Company I:** “En wat op daai stadium normaalweg gebeur is daai ou verkoop daai aandeel wat hy het. Hy vat die geld en begin weer dieselfde besigheid want hy is die entrepreneur. En dit is waar ons... ons het dit gesien toe ons begin het. Ons het baie van hierdie ouens gesien en ontmoet en jy weet dit is regtig baie, baie ryk mense. Dan besef jy, jy is daar om iets te bou en hoe bou jy iets uit niks uit. Jy kan nie, dis nie moontlik nie. Die eerste beginsel wat hulle altyd vir jou sê is jy moet geld hê om geld te kan maak. Snaaks genoeg dit is nie noodwendig so nie.”

**Interviewer:** “Maar julle, is dit eintlik 'n familie besigheid hierdie?”

**Company I:** “Die is privaat eienaars.”

**Interviewer:** “Privaat, OK.”

**Company I:** “Jy wil weet wat doen ons als?”

**Interviewer:** “In watter lande is julle nou nog alles?”

**Company I:** “Ons is baie sterk in Kongo. Die Demokratiese Republiek van die Kongo waar ons die regering help om... ons is daar in vennootskap met die regering. Die ding het nou uitgebrei dat ons op regeringbasis met ouens ooreenkomste het. Ons gaan vennootskappe met regerings aan.”

**Interviewer:** “Wat behels dit?”

**Company I:** “Dan help ons hulle met landbou. So ons help hulle met hulle landbou industrie. Hoekom doen ons dit? Ons is basies... ek kan enigiets verskaf wat nodig is, sekondêre verskaffing doen aan ‘n plaas. Enigiets, enige sekondêre landbou benodigheid wat ‘n plaas het, kan ek vir hom bied. Met wat verskil dit van primêre landbou? Dis ‘n goeie boer, jy het net ‘n goeie boer nodig. Wat lekker is, ons ken goeie boere. Wat maak my verskillend van ‘n koöperasie? Ek is glad nie ‘n koöperasie nie. Die verskil is ‘n koöperasie moet by my koop. Verstaan jy? Een van die maatskappye wat ons het, is [REDACTED]. [REDACTED] is een van die vyf of ses enigste geregistreerde maatskappye in Suid-Afrika wat gif mag inbring. So dit is... jy vergelyk daar met jou Syngentas.”

**Interviewer:** “Ja, want julle produseer self wat julle daai kant verkoop?”

**Company I:** “Ons probeer produsente wees, ja. Ek is nie net ‘n verskaffer nie, ek is nie ‘n koöperasie nie want ‘n koöperasie het niks, met alle respek gesê. Die enigste ding wat ‘n koöperasie regtig besit is sy meule en sy voerfabriek, dis al. Wat produseer hy anders? Anders is hy ‘n agent. Hy is niks anders nie.”

**Interviewer:** “Ja.”

**Company I:** “Dis hoekom hulle nie suksesvol in Afrika kan besigheid doen nie. Want hy is nie in beheer van dit wat hy moet verskaf nie en dit is verskillend van wat ons doen. Ons is in beheer van alles. As ek ‘n trekker in Botswana nodig het, dan is ek die verskaffer van daai trekker. So ek is die invoerder, so ek is die ‘distributor’. Ek koop hom nie by CNH en lewer hom dan aan die boer of ‘n agentskap nie. Ek is ook betrokke in agentskap, maar ek is in beheer eintlik van die inset. As ek ‘n planter nodig het in die Kongo dan bou ek hom. So ek kan hom op ‘n prioriteit sit op die produksie skedule en sê ek soek hom as ‘n prioriteit uit voor enigiets anders. So ek het daai vermoë om sekere prosesse vinniger in

my voordeel te kan maak wat my meer kompetend maak in terme van waar ek wil diens lewer.”

**Interviewer:** “Ja.”

**Company I:** “So dit is hoekom ek dan met regerings kan begin besigheid doen en vir hulle die voordele van... eintlik aan hulle direk verskaf. Met ons [REDACTED] [REDACTED] gaan kyk ons nou om in die Ivoorkus... gaan ons dalk... hulle is die grootste uitvoerder van kakao vir die ‘tjoklits’ en hulle het ongelooflik baie gif nodig. Hulle koop al hulle gif. Hulle het so vyf biljoen dollar omset op gif, maar hulle het nie ‘n gif verskaffer binne in hulle eie land nie. Hulle koop alles van Burkina Faso af. So ons is besig om met die regering daar te praat om daar ‘n gif aanleg op te sit om hulle eie produksie in hulle eie land te doen. Ons het in die Kongo ‘n kunsmis aanleg gaan plaas want daar is nie ‘n rêrig ‘n sterk landbou industrie nie. So ons het vir hulle gesê om ‘n landbou industrie te vestig, het jy nodig om energie te gee. Jy het brandstof nodig, so het plante ook energie nodig. Jy kan nie plante groei as jy nie energie het nie en dit is kunsmis. So ons is saam met die regering in kunsmis. Dan het ons ontwikkeling van plase daar waar ons 80 000 ha plase ontwikkel vir hulle en daar is 22 van hulle waarmee ons help.”

**Interviewer:** “In die Kongo of is dit nou die DRC?”

**Company I:** “In die DRC.”

**Interviewer:** “OK. Is die Kongo die een wat ‘n bietjie...”

**Company I:** “In die DRC bom hulle mekaar, daar skiet hulle, maar dit is as jy ooit gaan kyk na die land, dit is as jy van die ooste na die weste gaan is dit 4 000 km. Dit is soos in... jy is in ‘n ander land.”

**Interviewer:** “Twee keer so groot soos Suid-Afrika.”



**Company I:** “Vier keer. So verstaan jy, dit is soos jy is in ‘n ander land. Daar is nie eers ‘n pad van die een kant na die ander kant toe nie. So hulle kan nie eers daar uitkom nie. So ons help die regering daar om die mense te ontwikkel en om landbou te ontwikkel en dit kos baie duur daar, so daar doen ons werk saam met regerings. Dit is ‘n regerings projek maar daar neem ons ook ekwiteit op binne in die maatskappy. Om seker te maak dat ons ons... daar doen ons ons eie investering ook waar dit dan vir ons sinvol is en maak ons ook seker dat ons die ding volhoubaar kan bestuur om ook seker te maak die ekwiteit wat ons belê maak vir ons op die ou einde van die dag geld weer terug. Die ideaal van daai tipe programme is dat wanneer die dinge oor tien of vyftien jaar verander het, is jy daar. Dan kom jy nie daar nie, dan is dit nie die nuwe ding wat gebeur nie, dan is jy reeds daar.”

**Interviewer:** “Ja.”

**Company I:** “Jy weet in Zimbabwe sit almal en wag om in te gaan in Zimbabwe sodra die grense oop is. Ons is nou al gevestig in Zimbabwe. Ons is nou al nege jaar of agt jaar in Zimbabwe. Ons is die grootste trekker verkoper in Zimbabwe. Jy weet, so ek is reeds daar. Wanneer die mark oopgaan is ek reeds daar. ██████ in Zimbabwe is reeds aan die gang met die ‘local partner’.”

**Interviewer:** “Ek dink dit is nogal... party ouens wil nie daai ekwiteit weggee nie. Hulle is bang om nou geld in Zimbabwe in te sit, hulle wil eers net sien wat gaan gebeur.”

**Company I:** “Maar dan moet hulle net daar wegbly. Want hulle gaan nooit daar inkom nie. Kyk, Afrika is nie vir sussies nie.”

**Interviewer:** “Ja.”

**Company I:** “Daar is baie ouens wat dink hulle gaan Afrika toe, daar is min ouens wat Afrika toe gaan. En dit is nie noodwendig altyd moontlik vir mense om

Afrika toe te gaan nie, want dis te moeilik. Daar is baie maatskappye, daar is baie ouens wat baie opgewonde is oor Afrika, maar daar is baie min ouens wat regtig sukses behaal in Afrika.”

**Interviewer:** “Ja.”

**Company I:** “En die vraag is: ‘Hoekom, hoekom maak hulle dit nie?’ “

**Interviewer:** “Ja, dit is wat ek ook vra.”

**Company I:** “Want weet jy wat, hierdie is ons maatskappy. So een keer ‘n maand klim ek op hierdie vliegtuig en dan gaan ek na hom toe. Dan klim ek op Kinshasha van die vliegtuig af, dan staan daar vier miljoen mense binne in ‘n lughawe, dit voel vir jou so. Dit is nie aangenaam nie, dis sleg. Jy gaan bly in hotelle, jy eet kos wat ongelooflik duur is, jy sien mense van vroeg die oggend tot laat die aand en dan kom jy terug. Die enigste ouens wat dit suksesvol regkry is my tipe maatskappye want hulle is gewoon daaraan. Dit is harde ouens. Die 'nice' ouens wat, en ek sê dit met die grootste respek, wat in ‘n koöperasie kantoor sit, wat grootkop in die koöperasie is, wat goeie geld verdien; hy gaan een keer in Kinshasha afklim, hy gaan mense ontmoet en hy gaan terugklim in sy vliegtuig en hy gaan terugkom in Suid-Afrika en sê in sy lewe nooit weer nie. Hy het dit nie nodig nie want hy werk net vir ‘n salaris. Daar is geen dryf vir hom nie.”

**Interviewer:** “So is jy die eienaar?”

**Company I:** “Ek en [REDACTED] is een van die eienaars.”

**Interviewer:** “O, is julle vennote?”

**Company I:** “Vennote. So dit maak die verskil, daai persoonlike dryf. Ouens gaan dit nie doen nie, dit is nie aangenaam nie. Dit is nie ‘n plesier nie. So jy

moet dit regtig wil gaan doen. En wanneer jy net vir 'n salaris werk dan het jy nie noodwendig daai lus nie. Verstaan jy?"

**Interviewer:** "Ja."

**Company I:** "Watse dryf is daar? Watse dryf gaan daar vir jou wees om in Kinshasa te gaan afklim en dan vir twee en 'n half duisend rand 'n nag te gaan bly in 'n plek wat hierdie kantoor baie 'nicer' is as daai plek. In die bed kan jy sien die vorige ou het nog daar geslaap, sulke goed. Jy weet jy betaal vir 'n skaap tjoppie twee en veertig dollar, amper vyfhonderd rand vir twee skaap tjoppies en 'n stukkie piesang. Dis nie lekker nie, verstaan jy?"

**Interviewer:** "Veral as jy dit nou gereeld moet doen, nè?"

**Company I:** "Ja, jy moet nou besigheid gaan soek daar."

**Interviewer:** "Ja."

**Company I:** "Verstaan, jy moet nou daar gaan sit, die ouens stamp jou drie keer net van die hotel tot by die lughawe, is jy drie keer in 'n ongeluk. Jy weet die ouens klim uit, hulle slaan mekaar met die vuis en... verstaan jy, dis Afrika. So nou dink jy by jouself: Hoekom? Is dit nie makliker net hier in Suid-Afrika nie?"

**Interviewer:** "Ja."

**Company I:** "Jy weet jy ken die boere, drink saam 'n brandewyntjie. Dis lekker. Nie 'issues' nie."

**Interviewer:** "Ja."

**Company I:** "Maar jy het ook nie groei nie."

**Interviewer:** “Is dit die rede waarom julle uitgaan... kom ek vra so, wat is julle ‘motivation’ om...”

**Company I:** “Hier is nie besigheid in Suid-Afrika nie.”

**Interviewer:** “Is dit ‘n volwasse mark of...”

**Company I:** “Hier is mos nie besigheid in Suid-Afrika nie. Kom dat ek jou ‘n ding vra. As ek jou nou vyf miljoen rand gee, wat gaan jy doen? Watse besigheid gaan jy vandag begin met vyf miljoen rand?”

**Interviewer:** “Ja, want hier is eintlik al alles en jy moet mark aandeel vat by ‘n ander ou as jy wil besigheid hê.”

**Company I:** “Hoe doen jy dit?”

**Interviewer:** “Jy moet direk met hom kompeteer.”

**Company I:** “Hoe? Deur die marge.”

**Interviewer:** “Ja, ja.”

**Company I:** “Dis al. Jy moet dit goedkoper doen. So weet jy wat, jy maak nie meer geld nie. Eventueel, as tien ouens dit doen maak niemand meer geld nie. Dan vrek almal van die ellende. Waar daar twee ouens moet wees en twee ouens moet geld maak, is daar nou tien ouens en nie een maak geld nie, dan gaan almal dood. Dit is wat gebeur in die kunsmismark. Al die kunsmis maatskappye maak toe want daar is nie marge nie.”

**Interviewer:** “Ja.”

**Company I:** “Dit is interessant. Jy moet mooi gaan ‘n studie maak as jy nou regtig wil gaan kyk in Suid-Afrika se mark. Ouens wat gaan ‘survive’ is ouens wat in Afrika gaan ingaan en ook net vir ‘n tydjie. Die eerste keer toe ons

Kinshasa toe gegaan het, toe was ek en [REDACTED] die enigste wit mense op daai vliegtuig. Jy kon nie eers jou tasse onder in die vliegtuig insit nie. Ons het al ons klere in ons handbagasie gepak en bo ingesit want jy het nie geweet of jou tas anderkant uitkom nie. As jy daar afklim moet jy vir vier ure wag dat hulle die vliegtuig aflaai dat jou tas uitkom. Vandag as ons in die vliegtuig klim is dit die helfte wit, die helfte swart. As ek afklim daar, dan is daar Amerikaners, Turkish Airways vlieg in daar, elke dag is daar 'n vlug in van Turkye af. Brussel vlieg een keer in twee dae in.”

**Interviewer:** “So daai markte raak ook nou meer kompetend?”

**Company I:** “Baie vinnig.”

**Interviewer:** “Die kompetisie raak nou meer maar kan ‘n mens nie... dink jy nie daar is moontlikhede, sê nou van die Suid Afrikaanse maatskappye gaan saam na ‘n land toe. Laat hulle nie daar kompetisie is vir mekaar nie. Om saam ‘n ding daar te doen of dink jy dit is te... almal met hulle eie planne...?”

**Company I:** “Wys vir my vyf boere wat kan saamwerk dan wys ek jou.”

**Interviewer:** “Ja.”

**Company I:** “Dis die probleem. Dis hartseer, dis regtig hartseer. Dis sinvol, dis hartseer dit werk nie so nie. Want elkeen het sy eie belang. Daai selfde beginsel wat jy netnou gesê het van die feit van jy wil nie ekwiteit afstaan nie. Dit is ongelukkig hoe ons mense se kop werk. Jy weet, alles is myne. Niks is ons sin nie. Is dit ‘n sosialistiese denk rigting? Ek weet nie.”

**Interviewer:** “Nee, kapitalisties seker.”

**Company I:** “Ons is baie sterk kapitaliste, maar die probleem is daai kapitalisme maak dat ons almal eventueel niks het nie.”

- Interviewer:** “Ja.”
- Company I:** “Verstaan jy. Dan is ‘n sosialistiese denkwysie dalk miskien meer sinvol. Dan is almal ten minste versorg. Verstaan jy?”
- Interviewer:** “Ja.”
- Company I:** “Almal leef. Niemand leef goed nie. Almal ry net Volkswagen 'beatles' of golfies maar almal leef.”
- Interviewer:** “Kom ons sê, al gaan nou byvoorbeeld ‘n klomp Suid-Afrikaanse maatskappye Nigerië toe of waarnatoe ookal en doen iets, dan bly marges nog hoog, omdat die mark nog steeds hoog bly, gaan iemand anders van ‘n ander land inkom. Dit gaan bly kompetisie trek as daar hoë marges is.”
- Company I:** “Sinvolle goed wat jy moet gaan dink as jy regtig... die enigste manier hoe jy regtig in ons omgewing sinvol wil iets doen gaan oor direkte produsering. Dit is sinvol. Jou uitdaging net met direkte produsering is met die subsidies wat wêreldwyd plaasvind. En Afrika word nie beskerm deur dit nie. Botswana is ‘n interessante voorbeeld. Botswana is die enigste land in Afrika wat nie geld by die wêreldbank skuld nie. Hulle het geen skuld in die wêreldbank nie, weet jy dit?”
- Interviewer:** “Nou skuld Suid-Afrika ook?”
- Company I:** “Skuld niemand niks, dit is baie interessant... Botswana. Klein, mense is 1.5 miljoen populasie, dis nie baie mense nie. Maar tog, hulle subsidieer hulle insette op hulle landbou.”
- Interviewer:** “Ja en hulle beskerm dit wat in die land inkom, nê?”

**Company I:** “Korrek. Gaan voer jy vandag mielies in en dan kyk jy wat gebeur. Hoeveel betaal jy op jou premies. Jy kan nie.”

**Interviewer:** “Ja.”

**Company I:** “Julle doen dit. [REDACTED] doen dit, hulle voer mos mielies in?”

**Interviewer:** “Ja, maar hulle produseer nie so baie mielies in Botswana nie.”

**Company I:** “Nee, daar is geen mielies nie.”

**Interviewer:** “Maar as hulle mielies produseer moet jy eers daai mielies opkoop en dit gebruik.”

**Company I:** “Korrek. Maar nie in Suid-Afrika nie en ook in baie min van die res van die lande. Daar is nie baie... maar jy weet, nou is die vraag as jy invoer as jy ‘n meulenaar is in die Kongo en jy voer mielies in, vir wie kos dit geld? Dit kos jou geld en dit kos die gebruiker geld. Maar jy voer jou mielies van Brazil af wat 30, 35, 40% van hulle insette gesubsidieer word. So hoe produseer jy sinvol in daai land teen dit? Jy kan nie, want jou kapitale koste om te produseer is te hoog. Jou termyn van terug betaling is te min. Jou premie wat jy kry op jou produk in die land is te min om daai subsidie teen te werk.”

**Interviewer:** “Ja, maar sê nou jy moet mielies in die Kongo self produseer, is dit te duur om dit daar te doen, maar subsidieer hulle nou die boere daar ook nou of is dit waarom hulle...?”

**Company I:** “Nee, die beginsel is niemand in Afrika doen regtig sinvolle subsidies op landbou nie. Hulle is nie ernstig oor landbou nie.”

**Interviewer:** “Ja. Nou kyk byvoorbeeld, Kongo is dalk nie ‘n goeie voorbeeld nie, maar Angola, daar is baie potensiaal maar nou sit jy met... nou word hulle meer gedryf deur olie. Nou verdien hulle al hulle geld van olie af,

nou skeep hulle die res van die goed af. Nou voel jy hulle skeep die res van die goed af?”

**Company I:** “Totdat hulle nou val soos Nigerië. Dan sien jy, o s\*\*t, hulle het hulle hele ekonomie gebou op olie en hulle het biljoene gemaak tot dat die olie prys nou ses en veertig en sewe en dertig dollar geraak het, nou moer hulle in mekaar. Hoekom? Want daar is nie landbou nie.”

**Interviewer:** “Ja.”

**Company I:** “So dit is ‘n interessante konsep. Ek dink daar is baie sinvolle goed in die wêreld in terme van produksies, maar so lank as wat die eerste wêreldlande gaan voortgaan om subsidies te betaal aan hulle boere, gaan daar altyd ‘n tekort wees aan voedsel in die wêreld. Want hulle kan net soveel produseer. En ongelukkig wanneer jy, en ek sien dit in die kunsmismark, wanneer een ou ‘n ‘special’ het, is die mark by die ‘special’ prys. Jou hele mark is daai ‘special’ prys en dan kan jy nou maar vir hulle sê maar vraag en aanbod en ekonomieë en markte, daai goed beteken boggerôl. As ek vandag vir boere vertel dat al het ek net 50 ton, kom ons maak dit 500 ton ureum vir R3000, belowe ek jou môre is die ureum mark R3000 al het ek net ‘n 1000ton of 500. Ek hoef dit net vir tien boere te sê dan is die hele mark dit. Dan moet almal teen my kompeteer. So ons uitdaging is, hoe kry jy dat jy jou marge beskerm in Afrika? Dit is interessant.”

**Interviewer:** “Watse lande is julle nou nog in betrokke daar?”

**Company I:** “Ons is nou besig om te gaan na Uganda toe, die Ivoorkus, ons is besig in die DRC, ons is besig om besigheidsplanne voor te berei vir die Kongo self. Swaziland gaan ons ‘n groot kunsmis aanleg opsit, so 500 000 ton se kapasiteit. Dan gaan ons Malawi, Zambië, Zimbabwe, Mosambiek daarvan voorsien.”



**Interviewer:** “Vanaf Swaziland?”

**Company I:** “Ja.”

**Interviewer:** “O, hoeveel aanlegte het julle op hierdie stadium?”

**Company I:** “Net twee in Suid-Afrika. Die derde een is nou in die Kongo en dan wag ons nou vir die Swaziland projek om te begin. In Uganda gaan ons ook kyk om een op te sit.”

**Interviewer:** “OK en die gif produseer julle dan self ook hierso?”

**Company I:** “Ons bring die basiese komponente van China af in van die fabriek daar en dan doen ons die vervaardiging hierso, ja.”

**Interviewer:** “O, OK. So julle voer roumateriale in of die reaktiewe agente of wat ook al...”

**Company I:** “Korrek.”

**Interviewer:** “... en dan verpak julle dit? OK, en gebruik julle hierdie treine, ek sien hier is ‘n treinspoor wat hier langsaan loop? Vervoer julle met dit ook uit of is dit maar net om grondstowwe in te bring?”

**Company I:** “Ons het die geleentheid dat wanneer Transnet eendag...”

**Interviewer:** “Eendag.”

**Company I:** “... weer regkom sal ons dit kan doen, ja. In die ou dae het hulle, maar ons gaan dit in Swaziland doen. Een van ons aanlegte in Swaziland... gaan hy direk van Maputo kan inkom. So ons sal van Maputo hawe direk invoer in die fabriek in en dan sal ons weer kan uitvat. Ons sal hom op die treinspoor vat op tot in Zambië van Swaziland af.”

**Interviewer:** “Hoekom Swaziland? Betaal julle minder belasting daar of wat is die... is dit net beter geposisioneer?”

**Company I:** “Swaziland, hulle gee vir ons baie sinvolle belasting voordele. Dan ‘n interessante ding is in Swaziland, daar is nie baie sulke lande nie, maar ‘landlocked countries’ kry sekere voordele wêreldwyd. Soos vir arguments onthalwe, jou grootste Levi Jean fabriek sit in Lesotho, weet jy dit?”

**Interviewer:** “Nee, ek het dit nie geweet nie.”

**Company I:** “Levi Jeans is in Lesotho. Hulle vervaardig in Lesotho en hulle voer dit uit Amerika toe. Daar is geen ‘levies’ vir hulle nie. So jou vervaardigingskoste is baie laag en dan voer hulle dit uit in Amerika. Dit is vir hulle goedkoper en maak dit hier in Lesotho as in Amerika.”

**Interviewer:** “Die AGOA reëling met goed wat Amerika toe gaan, is daar ook geen ‘levies’ nie, maar die voordeel maak seker dat hulle ‘duty free’ wêreldwyd kan uitvoer.”

**Company I:** “So ons voordeel in Swaziland is presies dit. Ons gaan ‘n unieke eenkorrel- kunsmis vervaardig daar. So ons het ‘n geleentheid wat hulle dan noem ‘compound fertilizer’. So ons kan dit uitvoer.”

**Interviewer:** “Maputo is relatief naby.”

**Company I:** “Ja, sit dit op die trein.”

**Interviewer:** “Nou in watter lande is julle nog? Is julle in Kenia, Tanzanië, daai kant toe?”

**Company I:** “Ons is nie in Kenia nie. Tanzanië nog nie. Soos ek sê ons is nou besig met Uganda. [REDACTED] gaan nou Zambië toe om die minister van ‘Agriculture’ te gaan sien oor moontlike plaas ontwikkeling. Ons kyk,

ons gaan miskien plaas ontwikkeling doen in Botswana. So dit is alles besproeiingsplase wat ons doen, 'n 1000 na 5000ha besproeiingsplase wat ons oprig.”

**Interviewer:** “In Zambië?”

**Company I:** “Nee in Botswana. Dan sal ons kyk in Zambië watse geleenthede vra hulle vir ons. Wat lekker is hulle kom na ons toe. Hulle gee die geleenthede vir ons, sê hier is die geleenthede.”

**Interviewer:** “Maar is julle by landbou primêr ook betrokke dat julle ook plase besit en bewerk?”

**Company I:** “Ons ontwikkel die hele plaas. So ons bou paaie, ons bou store. Ons sit silo's op. Ja, ons het sub-kontrakteurs wat ook help, maar die hele proses die hele ‘EPC’ wat ons hom noem is nou jou ‘engineering, processing’ en ‘construction’, ons doen daai hele proses vir hulle.”

**Interviewer:** “So julle produseer die insette, julle is aan die insette kant. Julle is op die landbou produksie kant, maar julle is nou net nie aan die prosessering kant, nou weer van die landbou produkte en daai...”

**Company I:** “In Kinshasa bou ons die eerste [REDACTED]. Dit sal die grootste vars produkte mark in Sentraal Suid Afrika wees. So groot soos ‘City Deep’ in Johannesburg. Daar is 17 000 000 mense in Kinshasa alleen. So dit is so twee derdes... die helfte van ons populasie amper is net in die stad so ons gaan daarnatoe uitvoer en dan het ons daar ‘n proses wat ons daar gaan produseer en uitsit.”

**Interviewer:** “OK.”

**Company I:** “Een van die maatskappye [REDACTED] is die konstruksie maatskappy, so hy doen ‘property development’ en ‘construction company’, so daar doen ons die ontwikkeling.”

**Interviewer:** “OK. As jy na ‘n land toe gaan, wat is die kritiese sukses faktore waarna jy... wat is die goed wat belangrik is om ‘n sukses te maak in daai land?”

**Company I:** “Kyk ons voordeel, en dit is ongelukkig ander ouens moet dit gaan soek, ons is regtig geseënd, in genade, dat ons word genader. So jy weet, wat het ek nodig? Sodra ek met die regering praat, dan sê ek vir hulle: ‘Luister hier, het julle geld? As julle nie geld het nie moet julle nie met my praat nie.’ Want ek is nie daar om...”

**Interviewer:** “ ‘Charity’ uitgee.”

**Company I:** “Korrek. So ek wil seker maak jy het geld. Ek wil weet wat is hulle begroting wat hulle vir so ‘n tipe van ding uitsit. Dan die ander ding wat belangrik is, is ek stel nie belang in ‘n pensioenfonds of finansiering of om bank finansiering te hê nie. Hulle moet daai finansierings gedeeltes klaar doen wat beteken ek sal ‘n gedeelte van die ekwiteit opneem in daai entiteit, gegewe dat hulle die res van die geld beskikbaar stel. Hoekom doen ek dit? Want dit maak nie saak wie is in beheer van die regering nie, so lank as die regering ‘n aandeel besit in die maatskappy word die maatskappy beveilig.”

**Interviewer:** “Ja.”

**Company I:** “Verstaan jy, hy het die geld ingesit so...”

**Interviewer:** “En dan het jy ook iemand as daar moeilikheid kom wat dit kan 'uitsort'.”

**Company I:** “Die regering is jou vennoot. Ons weet natuurlik watter voordele is daar in, in terme van subsidies, belasting voordele, invoer, ‘levi discounts’, al daai goed is goed wat ons dan bespreek met hulle en sien watter voordele kan ons dan kry uit dit uit. En dan in baie van die lande waar ons dan eerste is, wanneer ons saam met die regerings gaan, sluit ons dan die land se grense. So ons sluit dit toe vir ander kompetisie.”

**Interviewer:** “’n ‘Invant protection’.”

**Company I:** “Wel ons investeer daar, jy weet. Hoekom moet ek dit dan doen? Hoekom moet ek my ‘IP’ bring? Hoekom moet ek my tyd en energie spandeer as ek môre teen enige Piet, Jan en Koos weer gaan kompeteer.”

**Interviewer:** “Ja.”

**Company I:** “So dan sê ek, ek soek ‘growth protection’.”

**Interviewer:** “OK. Dan watse uitdagings ervaar julle?”

**Company I:** “Mense.”

**Interviewer:** “OK.”

**Company I:** “Mense. Jy moet genoegsame kundige mense in die hande kry. Die uitdaging in ons kulturele verskille in terme van ons blanke kennis, mense met baie kennis is nie noodwendig altyd... almal hou van Afrika maar niemand hou daarvan om daar te gaan werk nie. Taal... taal is ‘n groot uitdaging, want soos in die Kongo praat almal net Frans.”

**Interviewer:** “Ja.”

**Company I:** “In Angola praat almal weer Portugees. So, hoe stel jy jouself op om met al hierdie ouens te kommunikeer? So taal is ‘n groot ding. Effektiwiteit in die arbeidsmag is ‘n probleem. Dit is nie mense wat geneig is om baie hard te wil werk nie of kan werk nie. As ek nou sê kan werk, dan praat ek nou ook van produksie. Een van die belangrikste dinge wat ons moes doen toe ons in die Kongo was, is om die mense kos te gee. So as hy by die werk kom, die eerste ding wat hy kry is ‘n bord pap, want andersins drie uur die middag dan 'pass' hy uit. As jy hom nie kos gee nie, werk hy nie... kan hy nie werk nie, want hy het nie fisiese krag nie. So ons het toe

begin besef ons moet die ouens kos gee om hulle produktiwiteit op te tel. Die mense wat jy hiervandaan soontoe vat is die sosiale probleem. Hulle is weg van die huis af. Ons het probeer om van die gesinne te herplaas. Dit maak ook 'n probleem want nou het jy 'n probleem met die ou se vrou.”

**Interviewer:** “En die kinders moet nou iewers skool gaan en al daai goed.”

**Company I:** “Dit is uitdagings. Maar nou het ek 'n probleem met die ou se vrou, nou moet hulle almal trek want die ou se vrou maak moeilikheid of wat ookal. So dit het weer sy ander uitdagings.”

**Interviewer:** “Maar sê my as julle nou... kom ons sê julle gaan in tipe van 'n 'joined-venture' in met die regering in die Kongo, stel julle julle eie bestuurder daar aan van Suid-Afrika af? Of moet julle iemand kry van daar af?”

**Company I:** “Ons probeer so gou as moontlik soveel as moontlik mense daar identifiseer wat ons binne ons eie kultuur kan begin vestig. Die eenvoudige rede, dis baie goedkoper. Dit is net baie, baie goedkoper om... want sodra jy 'n 'expert' uit Suid-Afrika begin vlieg dan is daar baie kostes. Jy weet, jy moet nommer een hom omtrent een en 'n half keer meer betaal as wat jy hom in Suid-Afrika betaal. Jy het ekstra akkommodasie kostes, jy het ekstra vlieg kostes, jy het reisversekering, jy het al daai ekstra kostes en sodra hy daar is moet jy ook vir hom kos gee. So veral omdat dit nie in die stad is nie, dit is gewoonlik in 'rural areas' moet jy dan sorg dat hy dan kos kry. So dit raak nogal bietjie ekstra, waar as jy die 'locals' kan kry dan spaar jy baie.”

**Interviewer:** “Ja. Maar nou... dan sukkel jy nou weer om ouens daar te kry wat die 'know-how' het en wat weet hoe die hele besigheid werk. Maar stel julle 'n Suid-Afrikaanse 'MD' ook aan of is dit...?”

**Company I:** “Ja, nee ons gebruik nog die Suid-Afrikaanse ouens.”

**Interviewer:** “Maar dan moet hy onder hom mense aanstel wat daar...”

**Company I:** “Wat weer in die sisteem inkom, ja. Ons doen ook baie sterk ontwikkelings programme nou. Soos in die Kongo het ons nou vyf, ses jong outjies wat 24, 25 jaar oud is wat goed gekwalifiseer is, wat deur die kursusse gaan en ons sit hulle klaar in die kultuur. So hulle is daar, hulle is besig om die... hulle moet Frans leer, hulle is besig om in die ‘admin office’ te werk. Hulle verstaan wat is ons goedkeuringsprosesse, hulle verstaan hoe werk ons goed, verstaan ons kultuur. So wanneer jy nou...”

**Interviewer:** “ ’Local’ ouens van daai kant af?”

**Company I:** “Nee, nee van hier af. So wanneer ’n ou nou ‘n projek in Uganda kry, kan jy een van daai ouens nou vat en sê OK, nou gaan ‘run’ jy Uganda vir my of die Ivory Coast. So dit is belangrik om konstant mense te ontwikkel” [43:09]